

Vrye Weekblad

5 - 11 JULIE 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)



DIE STRYD OM DIE HART VAN DIE ANC

Aanstap Rooies, die pad is lank en swaar

Pik Botha word 'n filmster ● 'n Flink begin vir Camera 7, maar... ● Sultry
sex in the Sahara ● Die storie van die getoorde regters ● Só maak Modjadji
reën Die SAKP antwoord op kritiek ● Sport wurg aan groot geld

INHOUD

- 4 Jeremy Cronin verdedig die SAKP
- 5 Die gewoel en werskaf by die ANC-konferensie
- 7 Kenners kyk na M-Net se nuwe nuusprogram
Max du Preez se Media-rubriek
- 8 Wag maar 'n bietjie, sê SARK aan NGK
Ter Suide
- 9 Pik Botha speel saam met Evita
- 10 Keurvakatures
- 12 The Sheltering Sky: Sultry sex in the Sahara
- 14 Sport: Krieket se toekoms lê in die townships
- 15 Sport: Mammon oorheers die spel
- 16 Wêreldnuus: Slowene skuil ondergronds
Vulkane: Die aarde kook oor
- 17 Weerlig-dood laat die nekhare rys
'n Tradisionele hofsitting in Lebowa
- 18 Die Reënkoningin wys haar gesig
- 19 Modjadji: Sô het die legende begin
- 20 Die week se TV-programme
- 21 Elmari Rautenbach se TV-rubriek
- 22 Rastafarians: Op soek na die beloofde land
- 23 Boeke: Kuierplekke vir die boekwurms
- 24 Kuns: Die land gons oor Braam Kruger se inkopielys
- 25 Kuns: Wie sê dié kunste is nie 'enstig' nie?
- 26 Regspraatjies: 'n Leuenaar in die hof
- 27 Menings: Lanse en Drake deur Tim en
Matt Sandham
Geloofspraatjies deur Bernard Lategan
- 28 Kleinadvertensies
- 30 Beplan jou naweek saam met die kenners
- 31 Nettie Pikeur sit uie in die pot



VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06). WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113. DIE TELEFOONNUMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNUMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

REDAKTEUR: MAX DU PREEZ
ASSISTENT-REDAKTEURS: JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE

POLITIEKE KORRESPONDENT: HENNIE SERFONTEIN

KOPIEREDAKTEUR: JOHAN BRUWER

ONTWERP: ANTON SASSENBERG

EINDREDAKTEUR: RYK HATTINGH

KAAPSE KANTOOR: CHRISTELLE TERREBLANCHE

REDAKSIE: CHRISTELLE DE JAGER (OMGEWINGSKE), AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PITSO TSHUKUDU.

SPORTREDAKTEUR: TINUS HORN

FOTOGRAAF: RODGER BOSCH

ADVERTENSIES: JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER

REDAKSIE-ASSISTENT: CATHY FENNESSY

KANTOORBESTUUR: JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.

BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK: MARK BEARE


VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.

VRYE WEEKBLAD KOS R1,95 PLUS 25

SENT AVB. DIT KOS R110 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDSKRIF R2,20 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIËWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.

PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN CATHY FENNESSY BY (011) 836 2151.

v r y d a g o g g e n d



MAX DU PREEZ

'n Goeie en gewaardeerde vriend sê gister vir my dié rubriek het 'n ietwat vervelig geword en hy sien dit as 'n teken dat ek óf verveeld óf uitgebrand is.

Ek het daarvoor nagedink en tot die slotsom gekom: Ek is nie óf verveeld óf uitgebrand nie, ek is so 'n bietjie van altwee. En as dit net op my van toepassing was, het ek nie hier daarvoor geskryf nie. Ek dink dis nogal 'n algemene verskynsel in Suid-Afrika vandag.

Dit is essensieel 'n produk van die "Nuwe Suid-Afrika". Of eerder, 'n produk van die Ou Suid-Afrika wat tot 'n einde gekom het. Of amper tot 'n einde gekom het. Miskien iets soos post-coital depressie?

Hoekom is so baie van ons in Suid-Afrika deesdae so neerslagtig?

Diegene wat tyd en energie daaraan bestee het om die magte van die duisternis te bevege en baklei het vir 'n einde aan apartheid, 'n oop gemeenskap en menswaardigheid vir almal, is neerslagtig omdat hulle half gewen het, maar daar is geen tasbare beloning nie. Miskien is dit amper soos 'n bokser wat seker was hy gaan sy opponent uitslaan,

maar toe gooi dié ou die handdoek in en gaan sit met 'n grynslag op sy stoeltjie in die hoek.

'n Mens voel die stryd is nog nie heeltemal gewonne nie, maar jy weet nie elke dag mooi presies wie is die vyand nie.

Baie witmense is half depressief omdat hulle voel hulle moes binne anderhalf jaar elkeen van hul idees en sieninge oor die politiek op sy kop omdraai en heelwat prysgee, maar daar is geen teenprestasie vir hul opofferinge nie. En daar is 'n ongeduldigheid en frustrasie dat die "onderdrukte" steeds onderdruk voel en as sulks behandel wil word.

Die meeste swartmense voel die veranderinge en afskaffing van wette was meestal net hype, want pleks van 'n beter lewe is daar net meer geweld. En hulle voel De Klerk en die Boere het hulle leiers uitoorlê.

b r i e w e

WAS HIERDIE UITSPRAAK NET 'N GLIPS?

Jannie Momberg jr van Stellenbosch skryf:

Vandat die Vrye Weekblad sy eerste lig gesien het in 1988, was ek een van jul getrouste ondersteuners. Ek kon myself vereenselwig met julle stryd om demokrasie en vryheid van spraak.

Max, vir jou reguitpraat en eerlike joernalistiek het ek jou altyd bewonder. In die VWB van 28 Junie - 4 Julie het jy my egter teleurgestel.

In jou rubriek Die Media (p34) stem jy saam met Rex Gibson van die Sunday Star dat Sefako Nyaka se erkenning op Agenda dat hy 'n ANC-lid is, verkeerd is. Na aanleiding van die feit dat Nyaka teen sy sin verplaas is, sê jy dat "enige VWB-joernalis wat sy/haar politieke affiliasie aan die groot klok gang, teenspoed sal kry." Ek stem saam met jou oor dié punt.

Ek vra jou wie de hel is jy om so skynheilig en hoogheilig sulke uitsprake te maak? Jy wat in 1989 in die VWB geskryf het dat jy vir die eerste keer in jou lewe gaan stem, à la die Demokratiese party.

Ek weet dit is nie dieselfde as party-lidmaatskap nie, maar dieselfde reël word oortree.

Nee wat, Max, ek het beter verwag van jou. Ek bly steeds 'n ondersteuner van jou koerant ten spyte van jou glips (indien dit een was).

DAGGA IS GAGGA? HA-HA-HA-HA!

H Kotze van Johannesburg skryf:

Well, well, well, imagine you guys doing a thingy on dope and actually doing a rather good job of it, too!

I read the articles on dagga in the 21-28 June issue of *Vrye Weekblad* and I was really very pleased. Pearlle Joubert wrote an interesting article - slightly vague, though I enjoyed reading it.

There were a few interesting statements made and a couple of worthy matters raised but still I found that too many questions remained unanswered. Why don't they want to legalize dagga? Who doesn't want to? Who are the people who do, and why?

Dagga is more dangerous than cigarettes because of the high tar content of the smoke, and because the smoke is inhaled deep into the lungs and held there, but where nicotine is addictive, THC (delta-9-tetrahydrocannabinol) is not in

the least. Dagga is much less dangerous than alcohol - the most abused drug on earth, alcohol is addictive, it is toxic and it causes more accidents, violence and general apathy than all of the narcotics put together. Then why can a 18-year-old boy buy enough alcohol to poison himself and a few friends into a stupor - which could very well be fatal - without the slightest fear of persecution?

It is an established fact that dagga has never been the cause of death by overdose, nowhere in any medical journal will you find a single account - because dope is not lethal, nor is it addictive. But still the law sees dope as an illegal narcotic drug, why?

Mrs Louw of SANRA speaks as if all she knows about dagga is what she has read and has heard from the people she rehabilitates, from these two factors she draws the conclusions that all smokers are weirdo's. Wow! We look different, we speak strange languages and we use hidden symbols to communicate, we're even isolated from the rest of the world! Is she serious? Oh please.

What Novak said is true. Dope is an intellectual stimulant. I'm most inspired when I'm stoned, because I visualise better. A friend of mine always gets new ideas for chords on his guitar, another one dashes off to his PC and writes programmes, and others just possie and freak out.

The reasons why people smoke dope varies as much as the people who smoke dope differ from each other. This means that the effect of dope obviously differs from user to user, from personality to personality.

Think for a moment about dope. It is an ideal drug. It is 100% organic, and it needs no processes to be used, you only need to dry it out. It is not addictive, it does more damage than cigarettes (but nicotine is addictive) and it cannot kill you. There are people who say that dope affects the sexual organs, but they did not do their homework. The seeds of the plant contain a very large amount of mercury, which does affect the reproductive organs in the long run.

So don't smoke the bloody pips! We are living in a very modern society, and what grandpa's grandpa always

SOSË HULLE

En so aan.

Daar is twee groepe in ons land wat beslis nie swartgallig voorkom nie.

Die eerste is die ver-regses wat skielik weer 'n saak het waaroor hulle mekaar kan sit en warm broei en weer hul kakieklere en kamaste kan aantrek om te marsjeer.

Die ander groep is die FW de Klerk-regering self, wat op die oomblik glo hulle het die inisiatief, alles loop reg vir hulle en hulle sit alle opposisie ore aan terwyl hulle terselfdertyd die darlings van die wêreld word.

Ek begin dink ons moet ons almal self begin bevry en die swart kleed van depressie oor ons afwerp.

Kom ons dink 'n slag aan al die wonderlike dinge wat nou met ons kan begin gebeur.

Ons kan al die opwindings van 'n werklike nie-rassige samelewing begin geniet. Ons kan mekaar se kulture begin geniet; ons kan vriende maak oor die rasseseidingslyn heen sonder dat dit tokenisme hoef te wees; ons kan lekker bure word; ons kinders kan na normale skole toe gaan waar hulle nie vol Christelik-Nasionale Afrikaner-Calvinistiese ideologie geprop word nie; ons kan sonder vrese die township-lewe (en sjebiens) begin ontdek; ons kan begin geld maak sonder om te voel ons doen dit ten koste van ander; ons

kan begin om ons polisiemanne te vertrou en trots te wees op ons weer-mag; ons kan saam aan 'n eie volkslied onder 'n nuwe vlag sing; Afrikaans kan sonder stigma voortleef en groei; ons kan veral begin ophou skuldig voel oor wit of bruin velle en Afrikaanse agtergrond.

Ons kan begin reis in Afrika en werklike Afrika-ners word; ons kan die wonderlike kuns en musiek van Wes-Afrika hierheen bring; ons kan na Afrika-universiteite gaan of ons kinders daarheen stuur.

Ons kan kyk hoe die rêrige Springbokke die All Blacks op Ellispark kafdra (of andersom - maar daar raak ek al weer neerslagtig); ons kan Mike Tyson hier sien boks; sien hoe ons langafstand-atlete die wêreld begin oorheers; ons kan rugby en krieket in die townships s6 uitbou dat ons die beste spanne ter wêreld kan hê; ons kan teen Kameroen sokker speel en aan die Wêreldbeker-kompetisie deelneem; ons kan 'n goue medalje of twee by die Olimpiese Spele losslaan; ons president kan op Kenneth Kaunda se private gholftaan 'n paar putjies gaan speel.

Ons kan Bruce Springsteen en Bob Dylan en Donovan en die Rolling Stones en Twisted Sister en ZZ Top vir rock-konserte nooi (en seker vrede

maak daarmee dat die Kylie Minogues en Modern Talkings en Depeche Mode en Fine Young Cannibals en diesulkes ons kinders mag kom vermaak); ons kan alle TV-prente en dokumentêre waarby die Britse vakbond Equity betrokke is, ook begin sien; ons kan al David Lynch en Spike Lee se films te siene kry; ons kan op Sondae begin fliek; Julio Iglesias kan vir Bles kom opdraende gee.

Dit kan 'n mooi toekoms wees - ek voel al klaar beter.

Maar dan moet ons begin om onself meer te laat geld (assertive te wees).

Ons moet vir die Nasionale Party en die polisie en die weermag en die BSB en die Nasionale Intelligensiediens en die ANC en Umkontho we Sizwe en die PAC en die SAKP en Azapo en Winnie Mandela en Lothar Neethling (sjoe, waar glip dit nou uit?) en die Jong Leeus en die KP en die AWB en die Orde Boerevolk en Anglo American en Sanlam en die Broederbond en die FAK en die Publikasieraad en die Vrouevereniging en die NG Kerk sê: dis ons land. Dis ons kultuur. Dis ons grond. Dis ons toekoms.

Dan, soos iemand eendag gesê het, sal alles regkom.

"Mom and Dad don't believe it. After all they know me. They know me as a baby. And they know that basically I am a very gentle person. They know that I can't just harm a fly. I'm not a bully. I've never been one. And I am a very sensitive person and I hate injustice."

- Chris Hani op 'n vraag of hy 'n valk eerder as 'n duif is

"Ek is immers 'n moeder van my volk en verdien nie die behandeling wat ek nou kry van die mens wat ek met my lewe beskerm het toe die polisie hom landwyd gesoek het nie."

- Trudie Rautenbach, skoonma van Wit Wolf Barend Strydom, oor Piet Skiet Rudolph wat blykbaar gesê het haar een seun is 'n "moffie" en die ander een 'n "pappbroek".

"Iraq must pay war reparations, which is good... But what about South Africa which has destabilised Southern African Development Co-ordination Conference countries?"

- Gibson Munyoro, 'n lid van die Zimbabwiese parlement

"As apartheid goes, so will Bophuthatswana go."

- Rocky Malebane-Metsing, die leier van die mislukte staatsgreep in Bophuthatswana

"As the Justice Minister has stated, it is absolutely unwarranted and irresponsible of prisoners to place their lives and health in jeopardy whilst their action as such cannot have any influence on the ultimate outcome of their applications for releases."

- 'n Verklaring van die Departement van Korrektiewe Dienste oor 'n politieke gevangene, Phyllis Fante, wat in Pollsmoor Gevangenis op 'n eetstaking is.

"But, all I can tell you is that comrade Winnie at one time, especially in the 60's and early 70's, when repression was most fierce, was the rallying point of the movement."

- Nelson Mandela oor sy vrou, Winnie, in M-Net se Camera 7

"Daar is nou byvoorbeeld wat mens in Engels sou kon noem die doves en die hawks, die bakleiers en die bouers, die brekers en die bouers."

- Die minister van Staatkundige Ontwikkeling, Gerit Viljoen, oor die leierskapstryd in die ANC

told him about the bad things in life is not always very true any more. We have come to accept freedom of religion, freedom of speech, sexual preference, culture and even blue jeans and long hair. Dope is not doing anyone any harm. Well, not too much - but after all - we smoke, we drink, we eat stuff with colourants and preservatives in, and so on. Dope is a gift there for those who choose to make use of it, but good use.

(Letter shortened - ed.)

KOOP JOU PVA VIR DIE NUWE SA

Drieke Botha van Elsburg skryf:

Almal praat van "die nuwe suid-afrika". Vir my in kleinletters omdat ek nie "lekker" voel daarvoor nie. Wat probeer hulle sê met die sogenaamde "nuwe suid-afrika"? Tafelberg staan nog, en hy gaan nog lank taan - al word alles "nuut".

Dis vir my asof jy 'n blik PVA - natuurlik 251 - gaan koop om al die vuilheid van die honde se kloue teen jou muur toe te verf. Maar donderstorms is onkeerbaar. M6re of oor 'n week slaan die vuilheid weer deur.

Kan ons nie eerder praat van 'n "Apartheidlose Suid-Afrika", eerder as 'n "nuwe suid-afrika" nie? Vir jou en my - die yuppies - is dit asof ons, ons verlede moet toesmeer, ons herinneringe aan vakansies, skoolgaan, ons jonkheid moet verafsku, omdat dit "wit" was. "Shame upon you, you bastards! Julle apartheidsbewuste generasie. Gaan sit met jul witgatte op Jo'burg stasie." Vra aan my: "Jong, hoe v6el jy oor al hierdie dinge?"

"Man, ek hou nie daarvan om politiek te praat nie. Dit bring moeilikheid." Dis mos nou die nuwe weg-demokra-

sie. Ek lag - ek dog dan nog al my jare ons leef in 'n demokratiese suide. My onnies het dan vir my kak geleer. Dis seker my geskiedenis-onnie se skuld. Sy het my probeer leer van kommunisme, sosialisme en al die ander-ismes wat mos verkeerd is. Die ANC, het ek in matriek geleer, is terroriste, Antichriste, skuim van die aarde wat witmense doodmaak.

En nou? Ek en jy kan daartoe behoort! Maar ek dink ek sal veel eerder Inkatha ondersteun. Sorry, ek praat nie politiek nie.

GEWETINLOSE LIEBEKKE

Molly Lubowski van Kaapstad skryf: Mense kan kritiseer, verwerp of aftakel, maar die feit is dat VWB die koerant is vir daardie deel van ons volk wat nog kan aanspraak maak op 'n gewete.


Ons is lief vir ons mooi land en ons bedoel dit letterlik as ons sing: "Ons vir jou Suid-Afrika!"

Maar, (en dit is die punt) ons weier om saam met die massas die voorbok blindelings die afgrond af te volg. Ons sê nie dit vir mekaar nie: "Glo my lippetaal en as jy my nie glo nie, vra my broer Friik hy lieg nes ik!"

Die patroon bly dieselfde. Wettig die ANC, bevry Nelson Mandela, maar lê elke euwel in Suid-Afrika (jammer, die Nuwe Suid-Afrika) vierkantig voor die deur van die ANC.

Dan, bevryde Suid-Afrika, volg ons op met dieselfde aftakelende sielkunde soos in Namibia, ons gee Swapo die skuld vir elke misdaad gepleeg deur Suid-Afrika sodat ons kan moor sonder om die blaam te dra.

Kom Christen-volk, kan daar vergifnis wees sonder geregtigheid?



DIE ANC SE NUWE LEIERSKORPS

Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur bebou die reg voor om briewe te verhoor.

Skrif aan:

Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113.

'n Indrukwekkende aangeleentheid

Dit lyk of die ANC uiteindelik van 'n bevrydingsbeweging na 'n leidende politieke party begin oorgaan, skryf **HENNIE SERFONTEIN**

NA die eerste nasionale kongres van die ANC dié week in Durban kan niemand die organisasie meer sommer van ondoeltreffendheid, laksheid en ongeorganiseerdeid beskuldig nie.

Dit was 'n alle opsigte 'n indrukwekkende geleentheid, en in die geheel beskou het die organisasie glad verloop.

Die stemming op die eerste dag was ook baie anders as dié op die konsultatiewe kongres van Desember verlede jaar, of van die MDM-konferensie in Desember 1989, waar heelwat losse uitbundigheid en getoetoyi aan die orde van die dag was.

Die afgevaardigdes het op die eerste dag die indruk gewek van opgewonde afwagting en erns oor die taak wat op hulle wag. Daar was dikwels spontane toejuiging, maar mens het tog die indruk van groter beheersheid gekry.

Dis is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die afgevaardigdes na die konferensie beter voorberei is as na vorige byeenkomste van dié aard.

'n Geruime tyd gelede het die streke hul verteenwoordigers op vergaderings gekies. Daar was ook verskeie vergaderings in elke streek waar sake van beleid en strategie bespreek is en waar die kandidate vir die 55 verkose posisies in die Nasionale Uitvoerende Komitee benoem is.

Nelson Mandela kon dus met reg in sy toespraak roem op die unieke demokratiese proses wat die konferensie voorafgegaan het. Dis waarskynlik ongeëwenaar in ons politieke geskiedenis en is 'n baie bemoedigende ontwikkeling met die oog op die vestiging

van 'n ware demokrasie in Suid-Afrika.

Die enorme sportsaal van die Universiteit van Durban-Westville was pragtig versier. Twintig reuse-muurbehangsels het die vele fasette van die ANC deur die jare heen eenvoudig maar duidelik uitgebeeld in kleure soos geel, groen, goud en pers. Die behangsels is deur lede van die drie Natalse streke gemaak.

Die verskillende beleidsaspekte van die Vryheidsmanifes en die bevrydingstryd is uitgebeeld. Sodat die verlede nie vergeet sal word nie, wys een behangsel die afskeidswoorde van die MK-lid Solomon Mahlangu op die voorraand van sy terugstelling: "Tell my people that I love them, that they must continue the struggle. My blood will nourish the tree that will bear the fruit of freedom. Solomon Mahlangu, Aluta Continua."

Die afgevaardigdes het in groepe gesit, elkeen van die veertien streke bymekaar, met die lede van Umkhonto we Sizwe as 'n aparte groep. Op die tafels was oorfone vir elke kandidaat en die toesprake is gelyktydig vertaal in Zoeloe, Xhosa, Sotho en Afrikaans (vir veral die Wes-Kaapse lede).

Daar was sowat 2 000 afgevaardigdes, meer as 350 buitelandse gaste uit 56 lande en meer as 200 binnelandse waarnemers en honderde plaaslike en buitelandse joernaliste. Die buitelanders het regerings, politieke partye en organisasies verteenwoordig.

Net 'n gedeelte van die openingsdag, Dinsdag, was vir die media, gaste en waarnemers oop, en hulle sal weer op die laaste dag, Saterdag, vir 'n paar uur toegelaat word.



Winnie Mandela en Chris Hani, van Umkhonto we Sizwe, in ligte luim by die ANC se nasionale konferensie. Die stemming in die konferensiesaal was egter nie altyd so lig nie - veral toe besluit is om die vroue se "kwota" in die Nasionale Uitvoerende Komitee te skrap. (Foto: AFP)

ANC-vroue briesend oor hul kwota

DIE kwessie van vroue-regte en aparte vroue-verteenvoording in die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NEC) het tot 'n bittere konfrontasie op die tweede dag van die nasionale konferensie gelei - 'n konfrontasie wat die kongres-agenda erg ontwig het en meer as 'n halwe dag se kosbare besprekingstyd verlore laat gaan het.

Die uiteinde was dat besluit is om die kwota-stelsel te skrap waarvolgens vroue op 30 persent verteenwoordiging in die NEC geregtig sou wees. Daar is besluit dat die verkiesing na verdienste moet geskied.

Die volle kongres was Woensdagmiddag en -aand in 'n urelange debat oor dié saak betrokke. Die konstitusionele komitee is vooraf gevra om 'n kompromis-voorstel voor te lê in die lig van besware teen die konsep-grondwet, wat voorsiening daarvoor maak dat 15 van die 50 gekose mense vroue moet wees. Maar dit was nie moontlik nie omdat dié komitee self verdeeld was.

In die lang debat wat gevolg het, het Joe Slovo as voorsitter by tye groot probleme gehad om die situasie te beheer.

Barbara Masekela, Lindiwe Mabuza en Adelaide Tambo het vurige pleidooie gelewer. Terror Lekota het gesê daar moet geen kwota-stelsel wees nie en almal moet net na verdienste gekies word. By tye het hy selfs met Mandela swaarde gekruis. Toe die kongres aan die einde sy voorstel aanvaar, het die vroue gedreig om uit te loop.

Ná Mandela se tussenkoms is besluit dat die NEC Donderdagoggend 'n gesprek met verteenwoordigers van die Vroue- en die Jeugliga sal voer, waarop die vroue blykbaar ingestem het om hul versoek vir 'n kwota-verteenvoording terug te trek. - HENNIE SERFONTEIN

'We do not want to manufacture a red ANC'

JEREMY CRONIN, member of the SA Communist Party's interim leadership group, wrote an open letter to **MAX DUPREEZ** after his criticism of the SACP in his column Vrydagoggend last week



JEREMY CRONIN

Dear Max,

Oh dear, the SACP seems to be irritating you. Well, I won't apply any of those nasty labels you say we automatically confer upon our critics. I am certainly not going to accuse you of being a "police agent" - I wouldn't want General Lothar Neethling to die laughing.

Let me take your three main criticisms: You say you have never got a clear answer as to why there is still a secret SACP leadership and membership. Security considerations, you note, surely apply equally to PAC, Azapo or the ANC. Correct? Well, not quite.

The party has long had the honour of being targeted for special treatment. Even in exile in Zambia, for instance, the party, unlike the ANC, was never allowed by President Kaunda's government to operate openly.

Here at home, just three weeks ago, a senior Soweto-based SACP leader was assassinated by a hit squad. His name was Phaniel Mulaudzi. He was not the first party member to be murdered in De Klerk's "new South Africa". So there are hang-overs, and there are very real concerns.

Despite this, we are committed to fully surfacing. There are now very few undisclosed party members inside the country. Perhaps a dozen or two. The reason for this is essentially transitional.

Since July last year the effective leadership of our party has been the publicly announced interim leadership group. By the end of the year, at the time of our first open congress

after 40 years of illegality, there will be no undisclosed membership or leadership. Presently undisclosed members will have a simple choice. Either they remain members and surface. Or, if they wish to retain their links without being communists, then they become general sympathisers but without any membership rights or duties.

Your second irritation: "As die SA kommuniste wil hê ons gewone sterflinge moet hulle begin aanvaar en vertrou as medestryders vir demokrasie en menseregte, moet hulle nou hul party ontbind en as gewone ANC-lede en -leiers hul politiek beoefen, of hulle moet die SAKP uit die ANC wegneem en gaan staan as 'n afsonderlike politieke party met sy eie karakter, beleid en leierskap."

Without implying anything, that's exactly what Gerrit Viljoen and company are advising us to do. Naturally, having been persecuted for calling for one person one vote for some four decades, before any other political party in our country, we feel a mild irritation when Viljoen patronisingly gives us advice on democracy.

Viljoen and friends want us all to become narrow electoral machines, so that the NP can get a crack at playing the role of a West European Christian democratic party, while the rest of us can take our pick of the spectrum, to the left and right. What's wrong with that?

It assumes that three centuries of racial dispossession and oppression have simply evaporated in our country, and the political

playing field is now typical of a "normal" Western democracy.

But the tasks of national democratic transformation have not even begun. The ANC is not a political party, but a liberation movement. It accepts into its ranks members of the SACP and the DP alike. If, hypothetically, you were to launch a social democratic party, its place would, I hope, also be in broad alliance with the ANC. Its members should certainly be free to join the ANC, and to contest for leadership positions.

Long before it was a comfortable thing to do, from the late 1920's and through many difficult decades thereafter, in the underground, in exile, in prison, on death row itself, South African communists have been loyal ANC members. The SACP is neither about to liquidate itself, nor cast itself off from its alliance and overlapping memberships with the ANC. While we have our own distinct and publicly proclaimed longer term goals, we share the same immediate objective with all ANC members. We want to put an end to white minority power and privilege.

And it is precisely because of our history, our strategic perspectives and our active engagement on the ground that we are accepted and trusted by our overwhelmingly black, working class constituency. They, at least, are not asking us to jump through hoops to prove our democratic credentials.

But what is the nature of our relationship with the ANC? You argue that it is one of

manipulation and infiltration.

You are wrong. That would have been the surest recipe for shipwrecking the alliance a long time back.

In the robust and well-publicised run-up to this week's ANC NEC elections, the SACP has not produced a single electoral list, nor held a discussion on candidates, nor instructed its present 10 000 members in ANC branches on how to vote. In this we have been scrupulously distinct from many a newspaper, and even Gatsha Buthelezi, who took it upon himself to give ANC delegates some electoral suggestions.

Communists and non-communists, who are elected to leadership positions in the ANC, must get there because they are the best for the job. We are not a red conspiracy inside any other organisation. If the ANC emerges strengthened from its conference, that will be an important step forward - absolutely regardless of whether there are more or less SACP members in its leadership.

We do not want to manufacture a red ANC. But we would certainly like to see an effective, mass-based and widely supported liberation movement that empowers us, as South Africans - communists, liberals, social democrats, trotskyists, greens, gays, believers, non-believers and whatever - to overcome the terrible legacy of intolerance and racial oppression in our country. This we are certainly struggling for. We hope to find you in the same trench.

'n Stryd om die hart van die ANC

Daar is dié week hard gepraat by die ANC se bepalende konferensie in Durban, maar daar was ook 'n nugterheid en doelmatigheid - en 'n pragmatisme van "valke" soos Chris Hani - wat heelwat waarnemers verras het. Geweld en toekomstige strategie was van die hooftemas onder bespreking, maar onderliggend aan die verrigtinge en die gewoel om die verkiesing van 'n nuwe leierskap, wat Saterdag bekend gemaak word, was die vraag of die ANC se alliansie met die Kommunisteparty langer gewens is. **HENNIE SERFONTEIN** doen verslag

DIE alliansie tussen die SAKP en die ANC, die dubbele lidmaatskap van kommuniste en veral die rol van SAKP-lede agter die skerms tydens die verkiesing van 'n nuwe Nasionale Uitvoerende Komitee (NEC) is vandeeweek skerper as ooit tevore deur prominente ANC-leiers bevraagteken.

Voorste ANC-lede het laat dié week hul diepe kommer oor die jongste verwikkelinge teenoor VWB uitgespreek. Een sô 'n leier sê: "Die ANC was nog altyd in sy geskiedenis suksesvol en effektief omdat dit nog nooit 'n kommunistiese front of 'n linkse sektariese organisasie was nie."

"As in dié stadium van sy geskiedenis toegelaat word dat die ANC 'n instrument word van die SAKP en sy bondgenote in Cosatu, dan skep dit groot probleme vir sowel die organisasie as Suid-Afrika.

"Verkry hulle 'n magsgreep op die NEC, sal die ANC sy finansiële ondersteuning uit die Weste - die enigste wat ons nog ondersteun - ernstig in die gedrang bring.

"Met die totale ineenstorting van die kommunisme in Oos-Europa is hulle gek om te meen hulle kan nog daarvan praat dat die revolusie steeds gered moet word."

Dit is betekenisvol dat Alfred Nzo, die sekretaris-generaal, in sy verslag aan die kongres die alliansie met die SAKP genoem het as een van die redes waarom die ANC nie die verwagte vordering in alle sektore van die bevolking gemaak het nie.

Nelson Mandela se verdediging van die alliansie Dinsdag het nie die nie-kommuniste in die ANC-leierskorps beïndruk nie. Hulle sê weens persoonlike loyaliteite van die veteraanleiers, Tambo, Mandela en Sisulu, veral ten opsigte van Joe Slovo, en weens die tradisionele ANC-beleid om eenheid

tussen die verskeie groeperinge tot elke prys te bewaar, word die strategie van die SAKP met sy "dubbele agenda" binne die ANC nie raakgesien nie.

Ten minste 30 van die 103 mense benoem vir die 55 verkose NEC-posisies is lede van die SAKP. Dit kan méér wees, want die SAKP het nog nie die identiteit van al sy lede en leiers bekend gemaak nie.

VWB is ook breedvoerig ingelig oor 'n goedbeplande SAKP-veldtog die laaste ses weke om Jacob Zuma, die ANC se inligtingshoof, se kans te saboteer om tot een van die drie posisies - sekretaris-generaal, assistent sekretaris-generaal of tессourier-generaal - verkies te word.

Sekere SAKP-leiers wat ook in die NEC dien, het glo in onlangse private gesprekke snedig na Zuma verwys as iemand wie se "integriteit" bevraagteken word, en "van wie ons nie seker is of ons hom kan vertrou nie".

Zuma het veral die teiken van 'n SAKP-veldtog geword toe dit bekend geword het dat hy as 'n sterk aanspraakmaker op 'n senior posisie na vore getree het. Dit is ook bekend dat hy hoog deur Mandela self geag word, wat hom graag in een van die poste verkies wil sien.

Onbekende ANC-bronne het in pers-berigte vir Zuma geblameer vir die sogenaamde lekkasie aan die media van berigte oor Peter Mokaba, die leier van die Jeugliga, wat na bewering deur die ANC as 'n vermeende polisie-agent ondersoek is.

Hoofman Mangosuthu Buthelezi het dié gaping gesien en aan Zuma die kus van die dood probeer gee deur te verklaar dat Zuma 'n goeie keuse as leier sou wees.

Daar word beweer dat SAKP-lede onlangs vir Cyril Ramaphosa, die sekretaris-generaal van die magtige Nasionale Unie van Mynwerkers, oorreed het om vir die pos van sekretaris-generaal te staan. Ramaphosa is self amptelik lid van die SAKP en die teorie is dat sekere kommuniste glo hy is meer manipuleerbaar as Zuma.

VWB is meegedeel dat die anti-Zuma-SAKP-veldtog eintlik deur die kabaal binne die SAKP beplan word. Die name van Praviën Gordien, Mac Maharaj en Billy Nair word in dié verband genoem.

Die kabaal is blykbaar woedend omdat hulle mag in die ANC in Natal 'n paar jaar gelede deur die nie-kommuniste in 'n konflik gebreek is.

Daarby was daar blykbaar bittere wrywing agter die skerms die laaste jaar oor Operasie Vula, waarby die kabaal en SAKP-lede betrokke was. Die Vula-operateurs is nog nie vergeef omdat hulle na bewering in die tyd toe hulle ondergronds was, niks gedoen het om gewone ANC-ondersteuners teen Inkatha-aanvalle te beskerm nie.

Nie-kommuniste in die ANC sê Mac Maharaj se hertoetreding tot die NEC moet gesien word as deel van 'n SAKP-veldtog om Zuma se verkiesing tot die top-vyf te stop en om hom aan bande te lê. Maharaj het verlede jaar in woede op 'n NEC-vergadering sy bedanking aangekondig en die ANC-leierskap en andere daarvan beskuldig dat hulle hom en die andere betrokke by Vula nie tydens hul aanhouding behoorlik ondersteun het nie.

'n Strategie van pragmatiese realisme



'n Ou vennootskap ... Nelson Mandela en Oliver Tambo skud hand by die opening van die ANC se nasionale konferensie vandeeweek.

DIE indrukwekkende en besliste wyse waarop die vennootskap Tambo-Mandela die leiers op die eerste dag van ANC se nasionale konferensie vasgevat en die organisasie tot 'n strategie van pragmatiese realisme verbind het, was een van die vernaamste kenmerke van die gebeure vandeeweek.

En hoewel nie in soveel woorde uitgespel nie, was die boodskap wat duidelik in die toesprake van die twee veteraanleiers na vore gekom het as volg: In die onderhandelings tydens die oorgangsfase waarin die ANC hom nou bevind, word hy gekonfronteer deur volslae nuwe realiteite. Holle slagspreuke en

emosionele oproepe tot militante massa-aksie is nie die antwoord om die nuwe situasie en probleme te hanteer nie.

Meer as 30 jaar gelede was Oliver Tambo en Nelson Mandela - tot dié week onderskeidelik die president en die vise-president van die ANC - boesemvriende en vennote in 'n regspraktyk in Johannesburg.

Dinsdag was hulle weer 'n vennootskap wat die klimaat en raamwerk vir besprekings deur konferensiegangers geskep het. Hulle toesprake was duidelik so beplan om mekaar aan te vul en te onderskraag.

Met 'n voete-op-die-aarde benadering het hulle die konferensie met die ANC se eie geskiedenis gekonfronteer. 'n Hele aantal konkrete sake waaraan die leierskap spoedig en dringend aandag moet gee en waarvoor hulle 'n mandaat nodig het, is ook uitgespel.

Om die kritiek teen die top-leiers in die onderhandelingsproses die hoof te bied, het hulle veral twee sake beklemtoon:

* Histories beskou, was onderhandelings met die doel om 'n magsoordrag te bewerkstellig van meet af aan deel van die ANC se beleid en strategie, maar onderhandeling is deur die jare heen deur wit regerings verwerp. Die huidige onderhandelings is dus 'n oorwinning vir die ANC - en nie vir die Nasionale Party-regering soos dikwels beweer word nie.

* Niteenstaande die geweld en die traagheid by die regering om struikelblokke in die weg van ware onderhandelinge uit die weg te ruim, sou dit 'n groot foutwees indien die ANC om daárdie rede terugdeins van die

proses. Dit sal net in die hande speel van diegene wat probeer om die ANC in die wiele te ry.

Allan Boesak, wat as spesiale waarnemer by die ANC-konferensie toegelaat is, sê aan VWB:

"Mandela se toespraak was skitterend. Op nugtere, saaklike wyse spel hy die sake uit wat onmiddellik aandag vereis en hoe dit prakties aangepak moet word. Ons mense is moeg van die militante emosionele retoriek en soek vrede."

VWB verneem dat SAKP-lede nie te gelukkig is met die Mandela-toespraak nie.

Hulle was glo van plan om op die komitee oor "Strategie en Taktiek" te konsentreer om daar hul stemme dik te maak om die kongres te beïnvloed om 'n harder benadering as Mandela te volg.

Die kranklike Tambo (73) het gewys dat hy merkwaardig herstel het van sy beroerte-aanval twee jaar gelede. Sy voordrag en aanbieding was baie sterker en vlotter as tydens die konsultatiewe konferensie in Desember 1990 toe hy gesukkel het met woorde en daar soms lang stiltes was.

Tambo het 'n historiese perspektief op die ANC se buitelandse aktiwiteite sedert 1960 gegee. Dit was die jaar waarin die ANC verban is, en hy en andere in ballingskap gegaan het, toe baie van die afgevaardigdes - indien nie 'n meerderheid nie - nog nie eens gebore was nie.

Tambo wys daarop dat "een van die grootste historiese mislukkings van ons tyd die onvermoë van opeenvolgende wit regimes

was om ons stryd stop te sit. Selfs in die moeilikste tye het ons mense hulle nooit oorgegee nie."

Mandela se toespraak was op sy beurt 'n duidelike en regstreekse repudiëring van die standpunt van seker leidende militante SAKP-lede, soos Raymond Suttner, wat massaoptredes as 'n hoof-prioriteit van die konferensie sien en besluite oor beleidsake en toekomstige verkiesings as van minder belang ag.

Mandela sien massa-optrede nie as 'n oplossing beskou nie: "Ons moet toesien dat die massas onderdaad betrokke is by 'n stryd en ingetrek word in die fundamentele bespreking wat nou moet plaasvind oor die toekoms van ons land. Om te verseker dat dit nie blote slagspreuke en vrome wense bly nie, moet ons aandag gee aan die belangrikheid van deur-tot-deur veldtogte en die waarde van klein plaaslike vergaderings."

Hoewel Mandela hom skerp oor die "voeteslepery van die regering" uitlaat, blyk dit hy glo dat dit gou opgelos gaan word. Hy vra dat "ons verby die blote verwydering van struikelblokke moet beweeg".

Die ANC moet gerig wees op "'n ernstige bespreking van hoe ons die tydperk van oorgang gaan beheer".

Sake waaraan onmiddellik aandag gegee moet word, is 'n veelparty-konferensie; die opstel van grondwetlike beginsels; 'n verkiesing van 'n grondwetgewende vergadering; en die instel van 'n interim-regering as 'n "oorgangregering van nasionale eenheid".

IN SUID-AFRIKA WORD DAAR ELKE 26 SEKONDES 'N BABA GEBORE. TEEN HIERDIE TEMPO GAAN DIE LAND BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN HÊ EN SAL DIE BEVOLKING STEEDS GROEI. DUISENDE

WAT SUID-AFRIKA NET SO NODIG HET AS MANNEKRAG.

VAN HIERDIE MENSE SAL STERWEND VAN DIE HONGER EN ALLERHANDE SIEKTES, ONDER SWAAR ARMOEDE GEBUK GAAN NAMATE DIE LAND EN SY HULPBRONNE NET NIE DIE ONDRAAGLIKE MENSELAS KAN DRA NIE. OM

VROUEKRAG.

DIE PROBLEEM EERS OOR EEN GESLAG TE WIL OPLOS, SAL NET MOOI EEN GESLAG TE LAAT WEES. WANT DIT IS 'N GEVAL VAN NOU OF NOOIT. ONS HET NÓÚ DIE GELEENTHEID OM IETS DAARAAN TE DOEN. MET UNIEKE KRAG. VROUEKRAG. VROUE WAT ANDER VROUE LAAT BESEF DAT HULLE DEUR 'N KLEINER GESIN HUL KINDERS 'N BETER KANS OP OORLEWING EN 'N BETER LEWE KAN GEE. VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN HOE ONONTBEERLIK ONDERWYS EN OPLEIDING VIR HUL KINDERS IS OM TOT PRODUKTIEWE, GELUKKIGE VOLWASSENES OP TE GROEI. VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF SODAT HULLE OOK DIE VOORSPOED

EN SELFRESPEK KAN ERVAAR WAT GELETTERDHEID MEEBRING. VROUE WAT ANDER VROUE NUWE VAARDIGHEDE HELP AANLEER WAT HUL GESINSLEWE KAN VERBETER EN EKONOMIESE MOONTLIKHEDE KAN SKEP WAT VOORHEEN

ONMOONTLIK WAS. VROUE WAT ANDER VROUE INLIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEID EN OOR DIE GESONDHEIDSFASILITEITE WAT TOT HULLE BESKIKKING IS. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER

VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. VROUE WAT HULLE KRAGTE INSPAN OM 'N BETER MÔRE TE VERSEKER. VIR HUL KINDERS EN HUL KINDSKINDERS. AS JY OOR DIE VASBERADENHEID BESKIK WAT NODIG IS OM DAADWERKLIK BY ONS VROUE-VIRVROUEVELDTOG BETROKKE TE RAAK EN MEER BESONDERHEDE VERLANG, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

BOP

BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

Wie is M-Net?

DIE nuusprogram Camera 7 se dramatiese aanspraak dié week dat dit die "eerste werklike onafhanklike TV-nuusprogram in die geskiedenis van Suid-Afrika" is, het mense weer laat wonder wie nou eintlik die septer by M-Net swaal.

Die grootste aandeelhouer van M-Net is die Nasionale Pers wie se besturende direkteur ook die voorsitter van M-Net se direksie is.

Vier koerantgroepe besit 75 persent van M-Net en privaat aandeelhouers 22 persent.

Die Nasionale Pers besit 26 persent van M-Net aandele en Ton Vosloo, besturende direkteur van die Nasionale Pers, is die voorsitter van die direksie.

Die ander aandeelhouers is die Argus-groep en Times Media wat elk 19 persent van die aandele besit, Perskor met 11 persent en The Natal Witness en die Daily Dispatch met 2 persent elk.

M-Net se direkteure is die hoofde van dié koerantgroepe en bestaan uit Vosloo, Steve Mulholland van Times Media, Doug Band van die Argus-groep, Koos Buitendach van Perskor, HF Conradie, uitvoerende direkteur van die Nasionale Pers, en Desmond Craib, voorsitter van The Natal Witness wat afwisselend in die raad sal dien saam met D Briceland van die Daily Dispatch.

- PEARLIE JOUBERT

D I E M E D I A

Onafhanklikheid kom net uit verskeidenheid

HOE harder iemand skreeu dat hy/sy "onafhanklik" is, hoe meer moet 'n mens daarvoor wonder. Ek praat nou van M-Net se uitasem-verklaring dat Camera 7 die "eerste waarlik onafhanklike TV-nuusuitsending in die geskiedenis van Suid-Afrika" is. Wat van Bop-TV se nuusuitsending? Of reken M-Net nie Bophuthatswana as deel van Suid-Afrika nie?

Ek dink M-Net wou eintlik sê Camera 7 is die "eerste TV-nuusuitsending buite die sogenaamde onafhanklike tuislande anders as dié van die SAUK".

En wat is "onafhanklik" nou eintlik?

Dit is duidelik dat die SAUK in sy huidige vorm en met sy huidige styl nie "onafhanklik" is nie. Dit is 'n staatsbeheerde monopolie waarby wit middeljarige Afrikaanse mans 'n dominerende rol speel en wat hom meestal steur aan die norme en nuussin van konserwatiewe Afrikaners wat vir die Nasionale Party stem.

Dit sê natuurlik nie 'n staatsbeheerde uitsaai-korporasie kan nie "onafhanklik" wees nie. Die BBC, Canadian Broadcasting Corporation en Public Broadcasting in die VSA het staatsbande en is tog "onafhanklik" - meer "onafhanklik" as baie ander TV-netwerke in die Weste wat die slawe van oordrewe winsbejag en van groot maatskappye met eie belange is.

Wat maak M-Net "onafhanklik"?

Soos uit die berig hiernaas duidelik is, word dit beheer deur die Nasionale Pers saam met Times Media en die Argus-groep, dus die drie persreus wat verreweg die meeste koerante en tydskrifte in Suid-Afrika uitgee. Die mense wat die ampse monopolie het op die verspreiding van gedrukte nuus, word dus nou ook 'n deel van die monopolistiese situasie in elektroniese nuusverskaffing.

(Vir dié wat nie weet nie, Beeld en Die Burger se skielike vyandigheidsindheid jeens die SAUK die laaste jaar of wat lê juis in dié groep se dominerende rol in M-Net.)

Nasionale Pers is gestig om Afrikaner-nasionalisme en die Nasionale Party te dien, en uit al dié groep se aktiwiteite en uitsprake van sy ampsdraers is dit duidelik dat dié rol nog nie uitgespeel is nie, hoewel die rol deesdae verbreed het om ook wit kapitalistiese belange in te sluit.

Times Media en die Argus is albei in die Anglo-American-kamp, wat beteken hulle kan hulle nie van Wit Groot Kapitaal losmaak nie. En deesdae is daar bitter min verskil tussen die belange van die regerende establishment en dié van die groot monopolieë.

So hoekom is M-Net dan "onafhanklik"? Hulle dien tog die belange van die eienaars, dan nie? En die eienaars is nie verteenwoordigend van die burgers van Suid-Afrika nie. Daar is heeltemal niks daarmee verkeerd nie, maar dit maak M-Net ook nie per se "onafhanklik" nie.

Kan iemand met 'n ernstige gesig sê die Nasionale Pers se koerante is polities "onafhanklik"? Sekerlik nie.

Tog was dit die politieke redakteur van Beeld, Tim du Plessis, wat as die hoof-ontle-



MAX DU PREEZ

der van die ANC op Camera 7 opgetree het. En toe Camera 7 'n paneel van joernaliste moes saamstel om met die ANC-leiers te debatteer, toe is twee van die drie paneelde senior joernaliste van Nasionale Pers.

Gaan Du Plessis anders optree op M-Net as in sy koerant? As hy die "Nasionale saak" (soos dit by Naspers genoem word) by Beeld dien, hoekom gaan hy dit nie by M-Net dien nie? En hier het ek dit nie oor die

man self nie, want ek dink Du Plessis is die mees gebalanseerde senior politieke man wat die Nasionale Pers ooit gehad het.

(Ek kan hier terloops opmerk dat Du Plessis myns insiens die ster van Camera 7 was. Hy was beslis beter as enigiemand anders wat ons by die eerste uitsending gesien het, insluitende die ingevoerde Brit wat die baas van die show is, Paul Tilsley. Dié was 'n verleentheid, met sy gestruikel oor woorde, snaakse skuinskoppie, Gheraat Wildjoon en al. Ek kan dink aan vyf SAUK-mense wat 'n oneindig beter taak sou verrig het. Is dit weer ons minderwaardigheidskompleks wat ons eerder na 'n derderangse buitelanders laat gryp het?)

Wat sou ek voorstel vir 'n TV-bedeling?

Ek dink in die oorgangstadium moet daar 'n beheer Komitee, saamgestel uit al die groter politieke partye, in die plek van die SAUK se beheerraad aangestel word sodat dit waarlik 'n netwerk vir alle Suid-Afrikans kan word. En ons het 'n nasionale TV-netwerk nodig wat dienslewering eerder as maniese winsbejag as motivering het.

Bop-TV, huidiglik die enigste private TV-stasie naas M-Net, behoort onmiddellik toegelaat te word om landwyd uit te brei en uit te saai wat hy wil. Alle beperkinge op M-Net behoort ook opgehef te word.

Lisensies vir private TV-stasies behoort dan vryelik toegestaan te word, maar terwyl dit in die begin net 'n paar gaan wees, behoort dit uit die hande van bestaande monopolieë gehou te word.

Soos die geval is met koerante, is verskeidenheid ons enigste hoop op "onafhanklikheid".

'n Laaste kritiek. Ek is die laaste een wat tokenism voorstaan, maar dit het my van die begin van die Camera 7-uitsending gehinder dat almal (met 'n enkele uitsondering) so wit was. As daar geen bekwame swart TV-mense in ons land was nie, dan was dit natuurlik geregtig. Maar daar is. Ek ken self twee, en ek het al 'n paar baie professionele mense op TV2 en TV3 gesien.

Só wit kan 'n nasionale "onafhanklike" TV-netwerk tog nie in die "Nuwe Suid-Afrika" wees nie.

Nadat ek dit alles gesê het, wil ek darem byvoeg dat dit vir my as 'n nuusmens 'n opwindende ervaring was om 'n nuusprogram uit 'n ander bron as die SAUK gebore te sien word. Dit is 'n vars luggie in 'n erg bedompige kamertjie.

Ek hoop M-Net gaan Camera 7 binnekort 'n gereelde weeklikse en selfs daaglikse instelling maak.

Maar stadig maar met al die byvoeglike naamwoorde oor "onafhanklikheid".

'n Flink wegspring ...maar waarlik onafhanklik?

Dié week het M-Net sy eerste nuus-uitsending gehad en aan die einde van die program gesê: This has been the first ever truly independent television news programme in the history of South Africa. PEARLIE JOUBERT het 'n paar kykers om kommentaar genader

KENNERS en belangstellendes se reaksie dié week was: Nie 'n slegte poging nie, maar is daar regtig 'n verskil tussen M-Net se Camera 7 en die SAUK se Agenda? "Ek was nogal beïndruk, maar of dit nou die eerste onafhanklike nuus-program was... ek weet nie, maar dit sê ook nie veel nie - omdat alles wat nie SAUK-nuus is nie, in elk geval 'onafhanklik' in Suid-Afrika is," sê die hoof van die Film en Televisie-departement aan die Universiteit van die Witwatersrand, prof John van Zyl.

Ina Joubert, 'n uitvoerende regisseur van Agenda: "Ek wil graag aan M-Net vra wat hul definisie van onafhanklikheid is. Ek wil nie graag verdere kommentaar lewer nie. 'n Program groei - excellence comes with experience. Ek sien uit na méér van Camera 7."

Die hoof van die Amerikaanse TV-netwerk NBC se nuusspan in Suid-Afrika, Charles McLean, sê Camera 7 was 'n stap in die regte rigting "en oor die algemeen 'n goeie poging".

Hy dink nie Camera 7 en Agenda verskil dramaties van mekaar nie. Maar hy en John van Zyl het dieselfde kritiek: "Soos by die SAUK is dit steeds hoofsaaklik wit joernaliste wat oor swart politiek praat. Totdat meer swart joernaliste gebruik word, sal die programme seker ook nie te dramaties van mekaar verskil nie."

Van Zyl meen die inslag van Camera 7 is wel onafhanklik, maar sê Camera 7 toon nie veel meer diepte en insig in die onderwerp

(die ANC-konferensie) as Agenda nie.

"Dit lyk my dit is een ding wat Suid-Afrika nog moet leer. Om net verskillende mense oor die politieke spektrum heen 'n paar vrae te vra, beantwoord nie al die vrae nie. Om in 'n ateljee te sit en twee of drie vrae aan 'n politikus te stel tydens 'n paneelbespreking, dring nie deur tot die wortels van die onderwerp onder bespreking nie.

"Ons het iemand met gesag nodig, iemand wat tyd aan een onderwerp bestee en deurdagte vrae stel; iemand wat by die wortels sal uitkom in plaas van die kort happies wat ons in Agenda en Camera 7 sien," sê Van Zyl.

Van Zyl meen Camera 7, soos Agenda, slaag nie werklik daarin om in-diepte verslaggewing te doen nie. "Tim du Plessis se ANC-verslag was egter, dink ek, goed. Hy het met gesag gepraat en gelyk asof hy dinge verstaan.

"Oor die algemeen dink ek egter nie dat Camera 7 veel verskil van Agenda nie."

Van Zyl het fel kritiek uitgespreek teen Agenda en Camera 7 se benadering van die ANC. "In dié opsig is daar geen verskil tussen die twee programme nie," sê hy.

"Die vrae wat in Camera 7 gevra is, kom maar steeds van die een kant af. Dit lyk asof die ANC in Agenda, soos in Camera 7, onder verhoor is. Albei plaas die ANC voortdurend op die verdediging. Dit is maar dieselfde ou storie in dié opsig."


END

ECC Discussion Forum

DO WE NEED CONSCRIPTION?

- ECC
- ANC Youth
- Jeugkrag
- Nusas/Sansco
- Inkatha Youth
- NP Youth

7:30 pm Tuesday, 9 July, Lecture Hall
102, Block D, Rand Afrikaans University



End Conscription Campaign

Ja-nee, sê SARK aan NGK

Ondanks die NG Kerk se pogings die laaste jaar om versoening met ander kerke te bereik, het die SA Raad van Kerke vandeeweek dié kerk se aansoek om waarnemerstatus verwerp. Die NGK word nog te sterk gewantrou weens sy verlede, blyk dit. **INA VAN DER LINDE** doen verslag

"MENSE vertrou nie die NG Kerk nie, en ek is een van hulle," merk 'n swart Presbiteriaan op ná die besluit verlede week by die Nasionale Konferensie van die SA Raad van Kerke om nie nou waarnemerstatus aan die NGK toe te ken nie.

Die wantrou staan sentraal in die twee vernaamste kwessies waarom die SARK verlede week moes besluit: voortgesette steun aan die voortsettingskomitee van die Rustenburg-kerkeberaad, en die aansoek om waarnemerstatus by die SARK deur die NGK.

En dis nie verniet dat dié twee sake in SARK-lede se koppe ten nouste met mekaar verbind staan nie. Want nie net staan die naam van dr. Nico Smith - onvermoeide yweraar teen die NGK waarvan hy jare lank 'n prominente predikant was - sentraal in voorstelle wat deur die konferensie aanvaar is nie, maar albei sake gaan ten diepste oor die hertoetreding van die NGK na die ekumeniese wêreld.

Die debat oor die Rustenburg-kerkeberaad was eerste op die agenda. Hoewel Smith se voorstel effens versag is, is dit uiteindelik met enkele teenstemme aanvaar. Dit lui dat kerke wat op Rustenburg skuld bely het oor apartheid, gemaak word tot praktiese dade van restituisie en restorasie teenoor dié wat onder die stelsel gely het.

En die besluit rig ook 'n duidelike waarskuwing aan die SARK se leierskap: die Rustenburg-voortsettingskomitee mag nie lei tot die stigting van 'n alternatiewe ekumeniese forum wat met die SARK kompeteer nie, en leiers in die komitee mag nie deelneem aan die organisering van enige opvolg-vergaderings van Rustenburg sonder die uitdruklike steun van lidkerke nie.

Verskeie SARK-lede het die besluit gesien het as 'n klap in die gesig van veral dr. Frank Chikane, hoofsekretaris van die SARK en mede-voorsitter van die voortsettingskomitee, en 'n man wat die laaste tyd ure en dae agter die skerms gewerk het om 'n vredesgesprek tussen die verskillende politieke belangegroepes aan die gang te kry.

Die SARK-besluit gooi 'n skaduwee op die noue samewerking wat ná Rustenburg ontwikkel het tussen Chikane en mense soos dr. Louw Alberts, wat verlede jaar deur die Staatspresident benoem is om as sameroeper op te tree van so 'n beraad, prof Johan Heyns van die NGK en pastoor Ray McCayley van die Rhema-kerk.

Hoewel Chikane op die konferensie gevra het dat die vredesproses waarby hy betrokke is, geskei moet word van die Rustenburg-kerkeberaad, was dit duidelik dat dit om meer as dit gaan.

Dr. Beyers Naudé het sterk op dié punt ingekom: "Ek is bekommerd oor die beeld wat op die televisie, radio en in die media geskep word. Tydens 'n ontmoeting van die Rustenburg-voortsettingskomitee met die ANC was daar in die Afrikaanse pers 'n foto van Heyns, Mandela and Louw Alberts. Op die wit TV was dit dieselfde, terwyl TV2 net 'n kort onderhoud met Chikane gehad het..."

"Knaphandig, stadig en versigtig, ek huiwer om die woord diabolies te gebruik, is daar 'n gladde manipulasie agter die skerms aan die gang om die SARK op 'n sylyn te rangeer.

"Die indruk word gelaat dat diegene wat al die jare aan apartheid 'n aandeel gehad het, skielik begaan is oor versoening. Waar was hulle vroeër jare... Die wit NGK is ook hierby betrokke. Maar hulle moet hulle

erns by wyse van optrede bewys.

"Ek het ernstige twyfel en plaas 'n vraagteken oor die proses en oor die integriteit van die Staatspresident. Ons moet die gebaar van die kant van die regering om vrede te maak aanvaar - maar terselfdertyd moet ons onself afvra of 'n geheime manipulasie-proses ons nie in die gesig staar nie."

Terwyl Chikane saamstem dat die Rustenburg-voortsettingskomitee sal verdwyn sodra sake afgehandel is wat daaruit voortspruit, is hy onbeweeglik oor sy deelname aan die vredesproses. Die SARK kan nie die vredesproses alleen aanpak nie, want sonder ander partye sal politieke spelers soos die regering en Inkatha nie aan 'n gesprek deelneem nie.

"Daar is 'n dringende behoefte aan vrede want mense is besig om te sterf - en dan gaan dit nie vir my oor my eie geloofwaardigheid of om my eie trompet te blaas nie. Dit is nie vir my belangrik wie die krediet vir vrede kry nie. Ons sal niks bereik het as ons nie die vredesproses aanhelp nie."

Die wantrou in die NGK was veral duidelik met die debat oor waarnemerstatus vir dié Kerk by SARK.

Die feit dat met 'n oorweldigende meerderheid besluit is dat die aansoek om waarnemerstatus eers moet oorstaan, versterk die vermoede dat dit nie hier gaan om "sommers net nog 'n aansoek" nie. Dit gaan om die moeder van alle aansoeke: dié van die grootste wit Afrikanerkerk in die land, 'n Kerk wat jare lank apartheid aktief ondersteun het.

'n Enkele spreker het gepleit dat 'n "heksejag" nie op die NGK uitgevoer word nie, en ondanks die sterk aanbeveling van die Uitvoerende Komitee van die SARK dat die aansoek goedgekeur word, is dit met net twee teenstemme verwerp.

Onder diegene wat die aansoek moes oorweeg, sit die slagoffers van apartheid, mense wat lank in aanhouding was, en mense wat in aanhouding gemartel is. Soos Chikane self, vader Smangalisso Mkhathwa, voormalige hoofsekretaris van die SA Katoelike Biskoppekonferensie, eerw Francois Bill, administrateur van die SARK, mev Emma Mashini van die Anglikaanse Kerk, vader Malusi Mphulwana van die Etopiese Orde, en Robbeneilanders soos vader Tisane van die Anglikaanse Kerk.

En seuns van die NGK-familie, soos Nico Smith, die sekondant vir die voorstel, Alex Bhiman, voormalige dominee van die Reformed Church in Afrika (die sg "Indiër"-NGK), Zach Mogoebob (NGKA) en Elia Tema, vurige vegter van toentertyd af teen afsonderlike rasse-kerke, en Russel Botman, moderator van die NG Sendingkerk.

En ondanks die ontwikkelinge die laaste jaar is die langtermyn-geheue nog nie uitgewis nie.

Biskop Duncan Buchanan van die Anglikaanse Kerk, Johannesburg, het dit só gestel: "Ons worstel met die pyn van veertig jaar van houdings, ondersteuning aan apartheid, met die beskouing dat ons bykans die Antichris is en nou word van ons verwag om hulle terug te neem. Ons wil 'n soort voorbehoud plaas. Ons worstel met die vraag oor hoe om te sê ja/nee."

En ja-nee is die antwoord wat die NGK uiteindelik gekry het. Met sekere "voorwaardes" verbonde aan die oorweging van die aansoek volgende jaar. Soos dat die NGK sy aantygings teen die SARK van vorige jare moet terugtrek; in die openbaar hulle aansoek motiveer; en 'n verklaring

dat hulle die huidige en enige toekomstige regering in terme van die Evangelie sal kritiseer.

'n Besorgde kerkeman wat onlangs betrokke was by samesprekings met die NGK en daarom liefs nie genoem wil word nie, het dit in teetyd so gestel: "Die NGK moet wys dat hulle bereid is om saam met ons onreg aan te spreek. Diegene wat hulle by die SARK wil aansluit, selfs as waarnemer, moet besef dat hulle nie by 'n teologiese besprekingsgroep aansluit nie.

"Hulle kan nie net as toeskouers kom luister nie, maar moet weet dat hulle hulle inlaat by mense wat aktief teen onreg werk. Die indruk is dat die NGK nog nie daartoe bereid is nie."

Die twee lede van die NGK wat die bespreking bygewoon het, dr. Pierre Rossouw en Willie Botha, het agterna gesê hulle meen die ou karikatuur van die NGK is by die SARK voorgehou en dat die NGK-kant van die saak nooit gehoor is nie.

"Ons het foute begaan," sê Rossouw, "die hemel weet, niemand ontken dit nie. Maar die SARK het homself nou onfeilbaar verklaar deur te sê alle kritiek wat ons ooit teen die organisasie uitgespreek het, moet nou teruggetrek word."

Terselfdertyd besef albei dié NG-manne: voor die lug nie gesuiver is tussen hulle en die NGKA en die NGSK nie, gaan daar op ekumeniese gebied weinig gevorder word.

Geduld met die huiwerige bruid

DIT is 'n "Godswonder" dat die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk nie uitmekaar gespat het nie, sê dr. Nico Smith, aktuaris van die NGKA, dié week.

Dit volg ná 'n noodvergadering tussen die twee moderatore verlede Vrydag om die dooiepunt wat ontstaan het tussen die moderatuurslede van die NGSK oor die interpretasie van regsprobleme rondom kerkvereniging te probeer oplos.

Terwyl al meer predikante in die NGKA begin praat het van op hulle eie voortgaan met die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk aanstaande week in Pretoria, het ander gemaak vir nog 'n bietjie geduld met die huiwerige bruid.

Dié houding het vrugte afgewerp en by die vergadering is besluit om die troudatum te verskuif.

Dit kan nie onbepaald uitgestel word nie, is besluit, maar net totdat albei kerke aan hulle kerkordelike vereistes en die eise van die Algemene Reg voldoen het.

Alle moderatuurslede het dit as hulle "onbestrede gesamentlike oortuiging" gestel dat kerkvereniging moet voortgaan. 'n Konferensie oor kerkvereniging gaan nou in die plek van die beplande eenwordingsnode op 17 en 18 Julie plaasvind.

Intussen blyk dit dat die volgende hekkie wat vir die kerke voorlê, die vasstelling van 'n volgende troudatum gaan wees.

Terwyl sommige meen daar moet gevra word vir 'n verklarende hofbevel om uitsluitel te gee oor die kerkregtelike haakplekke, is die moontlikheid van 'n spesiale sinode vir die NGSK ook nog nie uitgesluit nie. En dan is daar selfs mense in die NGSK wat sê dat dit so lank gaan kos om die saak te beslis, dat daar net sowel gewag kan word vir die volgende gewone sinode van die NGSK oor drie jaar... - INA VAN DER LINDE

ter suide

Ons politici en senior staatsamptenare (en regters) kan gerus 'n slag elders gaan kers opsteek oor wat robuuste satire regtig is. Die Argentynse tydskrif Humor het onlangs 'n karikatuur van president Carlos Menem geplaas met 'n groot kondoom oor sy kop met die onderskrif: Sit dit aan om ons te red van aansteeklike idees.

Gehoor van die swart yuppies van Sandton wat besluit het hangvlieëry is net die ding vir hulle? Hulle spring toe een Sondagoggend met hul vlieërs van die Magaliesberge af en sweef al oor Broederstroom. Oom Koos, nog half babelas, het net op die stoep uitgeklim toe hy dié gedoente sien. Hy gryp sy haelgeweer en laat waai. Wat gaan aan, wil Tant Anna verduwaas weet. Nee jong, sê Oom Koos, dis sukke groot bont voëls wat ons volkies kom steel het...

'n Regse tienerjarige wat 'n kruis in 'n swart gesin se tuin brand gesteek het, is deur 'n regter van Seattle gelas om die storie van die Amsterdamse Joodse meisie Anne Frank te lees in die hoop dat dit hom "meer sensitief" gaan maak. Miskien moet ons self 'n paar duisend van dié boekies invoer...

Is dit nie 'n openbare skande dat dit die Pretoriase Balieraad moes wees wat gelas het dat drie advokate die oormatige fooie wat hulle van die polisie en weermag gekry het, dus belastingbetalers se geld, moet terugbetaal nie? En dis weer soos water op Magnus en Adriaan se rûe

Award for Vrye Weekblad

THE Nieman Foundation at Harvard University has awarded its annual International Louis Lyons Award for Conscience and Integrity in Journalism to the editor and founder of *Vrye Weekblad*, Max du Preez, and the editor of the *Nairobi Law Monthly*, Gitobu Imanyara.

Announcing the awards, the Foundation said: "The 22-member Nieman Fellow Class of 1991 selected the two journalists for their courageous efforts to gain freedom for their countrymen."

Last year's Louis Lyons Award went to journalists in Colombia, living and dead, for their coverage of that nation's drug wars. Other past recipients include Helena Luczywo, an Independent Polish journalist, Monica Gonzalez of *Analisis* in Chile, Tom Renner of *Newsday*, American correspondents who covered the war in Indochina, and CBS correspondent Edward R. Murrow.

Imanyara's *Law Monthly*, founded in September 1987 and now selling 20 000 copies, offers a platform to critics of the one-party regime of president Daniel arap Moi. The monthly has pressed for an end to Moi's single-party state and it has called attention to abuses of legal and human rights in a nation once thought of as a model democracy.

For that, the monthly has found itself fighting for its life. Imanyara spent three weeks in detention last summer and another week in September 1990, and yet he continued to challenge the government with his publication.

This year he was detained again, this time for nearly three months. He was released in May.

The awards will be presented at a ceremony in Cambridge, Massachusetts, on September 12.

Pik en Evita speel saam

Pik Botha as **Evita Bezuidenhoudt** se mede-speler in 'n TV-prent? Ja, dis wat die Britte binnekort te siene gaan kry wanneer Pieter-Dirk Uys se video-prent *A Message to John Major* deur die BBC vertoon word. In Suid-Afrika sal ons egter maar moet wag, want die SAUK wil dié "boodskap uit Suid-Afrika" nie wys nie - glo weens die "toon" daarvan. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** het in Kaapstad met Uys gesels oor die prent

DIS amptelik. Pik Botha het bevestig dat mev Evita Bezuidenhoudt, ambassadrise in Baphetikosweti, Suid-Afrika se eerste gesant na Moskou sal wees.

"Absoluut heelbo aan die lys," gaan Botha dit binnekort in lewende lywe op Britse TV belowe in 'n "spesiale boodskap" aan John Major, die Britse eerste minister. Of liever, hy gaan dit sê wanneer Major op 'n spesiale toer deur die Nuwe Suid-Afrika geneem word - in 'n BBC-video-prent, *A Message to Major*. Daarin gaan Koos van der Merwe, oud-woordvoerder van die KP, "ook in lewende lywe" aankondig dat die Boere-oorlog nog nie verby is nie, terwyl aartsbiskop Desmond Tutu "ook in 'n rok" saam met Evita "in haar mini-skirt", by Bishops Court toyl-toyl.

Botha se "akteurskap" volg nadat die BBC hom uiteindelik in Kaapstad aan sy "mooiste ambassadeur" voorgestel het. En dié week kan die dramaturg Pieter-Dirk Uys nog nie uitgepraat raak oor sy "gunsteling-karakter" se ontmoeting met haar "gunsteling-minister" nie.

"So charming, so nice" sê sy aanhoudend," en Uys vertel hoe Evita met "pencil-skirt" en hoëhak-skoene in Pleinstraat afgestap het, "terwyl die karre toet en die mense staar" om te gaan "klikklop" aan "Pik" se kantoordeur in die parlement. "Pik se kantoor het ons ná maande op die laaste dag van die sitting laat weet hy sal ons oor 'n halfuur sal sien. Evita was besig om Koos van der Merwe se hand vir 'n skoot in die Tuine vas te hou, toe moes ek net so na die Parlement," wei hy opgewonde uit oor Botha se instemming om self in die prent te "speel".

Dit is nou een van die hoogtepunte in Uys se jongste projek - 'n byna 80 minute lange komedie oor die "Union Jack Connection" in Suid-Afrika in medewerking met die BBC-regisseur Francis Gerard, van *White Tribe of Africa* en *Private Life*-faam. En alle grappies op 'n stokkie, verduidelik Uys, want die teks was "regte grootmensspelletjies". "Ons het baie hard daaraan gewerk."

Die projek was byna tien jaar lank in Uys se "files" en het in 1987 begin vorm aanneem met 'n idee om 'n boodskap na Margaret Thatcher uit Suid-Afrika te stuur. Dit sou soos die destydse M-Net Indaba's gestruktureer wees. Die projek het egter eers verlede jaar van die grond af opgestaan en moes inderhaas na *A Message to Major* verander word weens wat Uys "die Britte se jongste coup d'etat" noem.

Wat van die kulturele boikot geword het, is blykbaar nie hier ter sprake nie. "Ek het nog nooit gevra nie. Ek dōen net," en Uys en brei tien minute lank uit oor die futiliteit van die dekadellange verbod en hoe dit nou ten einde behoort te kom.

Nadat Gerard op Uys se aandrang ingestem het om die prent, deels geskoei op Uys se boek *Aparthate, Aparthate* in Suid-Afrika self te skiet, is M-Net genader om medeproducent te wees. Die aanbod is volgens Uys summier van die hand gewys. Suid-Afrikaners sal die BBC se geneetheid ten spyte, die video-prent vir eers waarskynlik

nie te sien kry nie, omdat die SAUK dit glo ook geweier het - weens die "toon" daarvan. Die komedie open die BBC se herfsseisoen vir speelprente aanstaande maand. Evita gaan self reklame doen "met 'n paar Chris Levin-rokke", terwyl Uys se boek (wat binne twee maande hier uitverkoop het) terselfdertyd in Londen uitgereik word.

"Dit is eintlik 'n baie belaglike en eenvoudige storie," vertel Uys terwyl hy aan twee koppies koffie voor hom sit en drink in 'n Kaapse kafee. "Jy weet, dit is van hierdie mal mense wat met ossewaens oor die Drakensberge trek, terwyl almal weet daar is 'n reguit pad Transvaal toe."

Die bestuurderes kom verneem besorg waarom hy twee koffies drink.

"Die een was Evita s'n," verduidelik Uys. "Sy is nou net hier uit." Hy bestel nóg 'n koffie en verduidelik nog 'n keer hoe wonderlik dit is om ná 16 jaar terug in die Kaap te wees.

Teen almal se verwagting in is Evita ook "alive and well and living in a homeland" en Uys vertel hoe sy onlangs op 'n perskonferensie in Berlyn, waar hy 'n speelvak gehad het, al die dinge kon sê wat hy self nooit kan sê nie, soos: "Julle Duitsers het vir ons Afrikaners so 'n hoë standaard gestel dat dit jare sal vat voordat ons ons miljoene swartmense daar kry."

"En dan hoor jy hoe klap Duitse valstande saam," sê Uys. "Ek kan mos nie na Duitsland gaan met my stories oor Soweto en Khayelitsha en swyg oor Auschwitz nie."

"Dit is ongelooflik dat ná die veranderinge my alfabet van net vier letters, PW, ANC, nee-nee, nie en n-e-e, na A tot Z uitgebrei het. Eers was dit net goed en sleg - 'the good guys were in jail and the bad guys on the stamps'. Maar nou is dit persoonlike opinie. Die fout met die Nuwe SA is natuurlik dat die deure wyd oopgegaan het, maar niemand het geleer om deur daai deure te stap nie."

"Die buiteland is totaal gefassineer deur die feit dat hierdie Afrikaners, wat basies nice mense is, in net 40 jaar so 'n totale fokop van hul land en kultuur kon maak, jy weet. Die nuuskierigheid is fenomenaal."

En hy meen Evita is nou meer tekenend van haar Suid-Afrikaanse prototipe as ooit. "Sy verteenwoordig daardie Suid-Afrikaanse politieke dier wat ornag van wit na swart moes gaan - en kon. Die aanpassings was ongelooflik en dit was nog altyd so. Die Afrikaner was altyd baie meer aanpasbaar..."

Dit is ook een van die temas van *A Message to Major*, waarin op die buiteland se verwarring oor Afrikaners gespeel word terwyl terselfdertyd die draak gesteek word met Britse vooroordele en neo-kolonialisme somer ook aan die kaak gestel word. "Ek hoop dit maak hulle baie kwaad," sê Uys. "Dit is 'n humoristiese manier om die Britte aan hul aandeel te herinner, soos die Monty Python-films hulle baie meer van hul geskiedenis geleer het as geskiedenisboeke."

Afrikaanse "heilige koeie" en "liberals" kom veral onder skoot wanneer "Mrs Bezuidenhoudt die werklikheid van die



'British finger in the pie of South African politics' aan die hand van 'n toer deur die Nuwe Suid-Afrika naspeur". Sy word deur haar verregse sekretaresse, Bokkie Bam (Lizz Meiring) en haar ANC-chauffeur, Filamon (Ramolao Makhene) bygestaan in die soeke na die Nuwe SA, terwyl die Britte in werklikheid aan hul aandeel in die geskiedenis herinner word: Die Britse vloot wat Tafelbaai binneseil voor Jan van Riebeeck dit annekseer, maar James II wat nie belang stel nie; die verskillende Britse "invalle"; die Groot Trek, waar Evita in Voortrekkerrok die Drakensberg (eintlik die hange van Tafelbaai) oorsteek, "n ent weggehelp met haar Cadillac en meestal verhinder deur haar agt duim hoë hakke"; die Boere Republiek; die Boere-oorlog en die konsentrasie-kampe en voort tot by die Khayelitsha "toilet-town".

Uys kom ook te voorskyn met ou Ant Sara - "meer as 100 jaar oud en die slagoffer van 'n daaglikse verkraging in die konsentrasie-kampe deur 'n Major'.

"Wanneer Ant Sara uiteindelik in haar rystoel en met haar assegaai - haar cultural weapon - jy weet, teen die trappe van die Voortrekker-monument uitsukkel (eintlik die Jameson-saal van die Universiteit van Kaapstad se trappe), dan blaas die wind haar rok op en dan het sy 'n Union Jackbroek aan," lap Uys solank van die inhoud uit.

"Jy kan nie glo hoeveel probleme ons met die verfilming gehad het nie," sê hy. "Niemand wou ons toelaat nie, behalwe die Taalmonument en Victor Verster. [n Onderhoud word gevoer met Nelson Mandela se bewaarder.]

"Dis ongelooflik," sê Uys. "Hulle is bang vir 'n mens wat nie bestaan nie. Of dink hulle sy bestaan?" vra hy (effens hoopvol).

"In die 'movie' is Evita so tipies Nuwe Suid-Afrikaans, so pragmaties-links, dat sy eintlik regs is. Bokkie Bam is so Newwingregs dat sy eintlik New Nat is, terwyl

Filamon nou 'n 'liberated black' is wat aanhou sê dat hy nog nie liberated is nie," vertel Uys. En Evita maan Filamon telkens: "Filamon, sê nou agter my aan, Apartheid is dead, Apartheid is dead."

Aan die einde van die prent "vind" Bokkie en Filamon mekaar en word vriende. Heel in die begin, lap Uys verder uit, verskyn Maggie Thatcher self waar sy by die RAU Afrikaans praat. Wegsny-skote wys hoe Evita haar aanpor en voorsê.

Hoewel FW de Klerk en Nelson Mandela nie self in die prent verskyn nie, word hulle "look-alikes" (Keith Kirsten en Harold Tntetwa) saam-saam verdwaald in Soweto aangetref.

"Evita is natuurlik dol op FW omdat hy alles gedoen het wat sy gesê het," sê Uys. "Sy het gesê, 'Freddie Smile' - en toe smile hy en toe skyn die son want as hy ophou, lyk hy net soos PW."

Maar Evita gee toe dat Maggie ook 'n rol gespeel het "deur Saatchi en Saatchi se telefoon-nommer vir FW te gee", soos die prent sal uitwys. "Jy weet, daar is beslis 'n 'ad-agency' betrokke. Dit was baie, baie 'clever'. Nou is ek al my 'props' kwyt, niks meer hoede en vingers nie."

"Maar natuurlik, tussen 1948 en 1990 het ons nie van ampsmotor verander nie. Dit was altyd die 1948-model. En nadat 'n mens 'n kar 42 jaar lank gehad het, kan jy bekostig om die 'headlamps' en die 'bumpers' en die 'steering wheel' weg te gooi, want dit is wat met apartheid gebeur het. Jy kom agter jy kan nog baie dinge doen met die ekonomie en deur vrees en deur 'confusion'. Dis waar ons nie 'stupid' moet wees nie, nê? Ons moet al daai dinge uitkrap en sê: kyk hier, wat gaan nou hier in die hoek aan."

"Dit is wat die teater nog moet doen - so met sy flitslig en sy ou beiteljies werk om die dinge uit te wys. En dit is so wonderlik om nou deur die Britse humor te werk waarin die onvraagbare bevestigteken kán word."

Winning in a business of your own

Starting a business can transform your life. It is exciting and presents new and unique opportunities. Success depends on you, but we can help you face the challenges with increased confidence. By the end of this part-time course you will:

- Know what you want to achieve from your business.
- Be able to draw up a blueprint for success.
- Understand profits and what determines them.
- Know how to identify market opportunities.
- Be able to select better methods of handling competition.



- Know how to use powerful negotiating techniques.
- Know how and where to get the money necessary to start your business.
- Have developed skills in managing the people important to your business.
- Know the 5 most common pitfalls facing new businesses and how to avoid them.

Seize the moment

The course fee of R390 (which includes a 2 hour consultation) is subsidised in the interests of promoting entrepreneurship in South Africa. To discuss what this course can do for you, phone Mark Peters at the Centre for Developing Business on (011) 643-3241.



This programme is supported by NEDBANK in the interests of developing South African entrepreneurs.

DO YOU WANT THE MOST PRESTIGIOUS BUSINESS QUALIFICATIONS ?

IMM



The IMM Diploma in Marketing Management is the most highly regarded marketing qualification. Many university graduates study for the Institute of Marketing Management Diploma due to its recognition in the marketplace. IMM graduates can enter industry at a product manager level.

CIS

The CIS Diploma is a world renowned business administration qualification available to all South Africans. Institute members are qualified to act as accounting officers or professional managers.

HDBM

The Higher Diploma in Business Management is a one year programme that is only open to graduates and diplomates. It allows them to obtain a post graduate business qualification at the fourth year level and enter the lucrative business world.

BComm

Bachelor of Commerce Degree students earn an Internationally accepted UNISA university degree while completing comprehensive lectures through IMD's academic faculty.

YOU too can earn one of these sought after qualifications either by full time study or with just two evenings a week or Saturday morning lectures for part time study.

The IMD Tertiary Education Institution is staffed by highly qualified and experienced business people whose only objective is to get you to pass.

For more information contact Susan at 403-3680/1/2 or write to IMD P.O. Box 87182, Houghton, 2046



Vrye Weekblad

Ja, ek wil graag op *Vrye Weekblad* inteken, ek sluit hiermee my tjek/poswissel in vir:

R110 (12 maande)

R60 (6 maande)

(AVB en aflewering of posgeld ingesluit)

Naam:.....

Adres:.....

.....Kode.....

Pos asb aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113

Vrye Weekblad, 5 - 11 JULIE 1991



UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

Voorgraadse Toelating: 1992

Aansoeke word ingewag vir voorgraadse studie aan die UK in 1992.

Studierigtings

UK bied 'n groot verskeidenheid voorgraadse programme aan. Dit sluit in:

• **Algemene grade in die Lettere & Wysbegeerte, Handel, Wetenskap en Sosiale Wetenskappe:**

UK bied 50 hoofstudierigtings oor 'n breë spektrum aan, met inbegrip van programme vir studente wat verder wil studeer in die Opvoedkunde en die Regte.

• **Loopbaangerigte voorgraadse programme:**

Arbeidsterapie	Geneeskunde	Musiek
Argitektuur	Handelswetenskap	Opera
Ballet	Landmeetkunde	Primêre Onderwys
Boubestuur	Spraakheikunde	Rekeningkunde
Bouekene	Maatskaplike Werk	Siviele Ingenieurswese
Chemiese Ingenieurswese	Materiaalingenieurswese	Spraak & Drama
Elektromeganiese Ingenieurswese	Meganiese Ingenieurswese	Skone Kunste
Elektrotegniese Ingenieurswese		Teologie
Fisioterapie		Verpleegkunde

Sluitingsdatum vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir voorgraadse aansoeke is **31 Augustus 1991**. Laat aansoeke vir die Fakulteit Geneeskunde kan, by die betaling van 'n bykomende heffing, tot 30 September 1991 ingedien word, en tot 31 Oktober 1991 vir alle ander Fakulteite.

Alle kandidate word egter aangeraai om voor 31 Augustus 1991 aansoek te doen.

Aansoekgelde is:

Tot 31 Augustus R40
Tot 30 September R80
Tot 31 Oktober R140

Studentebehuising

UK is in staat om ongeveer 25% van sy studente te akkommodeer - in koshuise, woonstelle en huise. Aansoekers wat huisvesting in Kaapstad verlang, moet nie later nie as **31 Oktober 1991** daarom aansoek doen. Laat aansoeke om huisvesting kan nie oorweeg word nie.

Finansiële Bystand

Aansoekers wat nie die volle koste verbode aan studie aan die UK kan dra nie, word sterk aangeraai om by soveel bronne as moontlik om finansiële bystand aansoek te doen. Meer inligting is op aanvraag beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke om UK-studiebeurse, -beurse en -lenings vir voorgraadse studie is **31 Oktober 1991**. Laat aansoeke om finansiële steun sal siegs vir lenings oorweeg word.

Aansoekvorms en nader besonderhede is verkrygbaar van: Die Sentrale Toelatingskantoor, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700. Telefoon: (021) 650-2128.

C71530/1481C

Die Montagu en Ashton Gemeenskapsdiens (MAG)

*'n dinamiese, demokratiese, nie-rassige
gemeenskapsontwikkelingsorganisasie wat al 15 jaar
bestaan, is op soek na 'n persoon wat
leiding kan gee as*

ALGEMENE SEKRETARIS

en die uitdaging sal aanvaar om 'n span van 23 personele te ondersteun en hulle werk te koördineer - wat 'n wye verskeidenheid veldwerk in die gemeenskappe van Montagu en Ashton, sowel as administratiewe en ander ondersteuningsdienste insluit viz. gemeenskapsgesondheid, volwasse geletertheid, landbou projekte, alkoholisme projekte, studente programme, maatskaplike dienste, koöperatiewe ontwikkeling en opleidingsprogramme.

Die suksesvolle applikant sal:

- * vlot wees in Afrikaans en Engels ('n kennis van Xhosa is 'n voordeel);
- * oor gepaste tersiêre opleiding beskik;
- * oor ten minste 5 jaar gepaste ervaring beskik in 'n soortgelyke werksomgewing in 'n senior hoedanigheid;
- * die visie het van die rol van gemeenskapsontwikkeling in 'n post-apartheid gemeenskap;
- * en 'n demokratiese banadering tot leierskap het.

Die M.A.G. bied aantreklike diensvoorwaardes, 'n onderhandelbare besoldigingspakket en ruim verlofvoordele.

Geskrewe aansoeke, vergesel van 'n C.V. en die name, adresse en telefoonnummers van twee referente, moet die M.A.G. bereik voor 31 Julie 1991 by die volgende adres: M.A.G., Posbus 365, Montagu, 6720, of faks: (0234) 41945.

Vir verdere inligting oor hierdie uitdagende geleentheid skakel Tim Banda by (0234) 41175 tussen 9:00 en 13:00.

1991 WINTER PROGRAMME

Damelin Management School is the leading Management Training Centre in Southern Africa, with over 60 000 graduates, many of whom now hold senior executive positions. Delegates have the choice of attending either the evening or Saturday morning classes.

COURSE	DURATION	STARTING DATE
Business Management	7 months	31 July
Small Business Management	4 months	1 August
Business Organisation Management	4 months	10 August
Manager Development	3 months	15 August
Financial Management	4 months	5 August
Practical Accounting	2 months	5 September
Basic Bookkeeping (Part-time)	11 weeks	4 September
(mornings only)	2 weeks	9 September
Credit Management	3 months	22 August
Marketing Management	5 months	31 July
Marketing & Sales Management	3 months	7 September
Sales Management	3 months	24 August
Successful Salesmanship	3 Months	19 August
Public Relations	3 months	14 August
Frontline & Public Relations	3 months	24 August
Personnel Management	4 months	10 August
Personnel & Training Management	3 months	31 August
Industrial Relations	3 months	28 August
Training Management	2 months	1992
Project Management	3 months	17 August
Production Management	4 months	10 August
Production & Supervision	3 months	7 September
Purchasing Management	3 months	21 August
Warehouse Management	3 months	29 June
Storekeeping and Stock Control	3 months	31 August
Security Management	4 Months	4 September

Phone (012) 322-6710 or call at 5th Floor, Sinodale Sentrum, 234 Visagie Street, Cnr Andries Street, Pretoria.

Our special nightline (012) 73-5771 is open between 6-9 p.m.

Damelin

MANAGEMENT SCHOOL

DMS COURSES ARE HELD IN JOHANNESBURG, ROSEBANK, PRETORIA, VEREENIGING, MMABATHO, DURBAN, PIETERMARITZBURG, PORT ELIZABETH AND CAPE TOWN.

INDUSTRIAL RELATIONS DIPLOMA

The sudden spate of strikers in South Africa clearly indicates a lack of understanding between workers and management. This situation necessitates that both sides have a thorough knowledge of each other's rights and viewpoints. Learn where you stand, how to negotiate and how to deal with conflict. Create a profitable working environment for your company, its staff and for yourself.

RECOGNITION

Students successfully completing this intensive diploma course will earn credits towards a Bachelor of Business Administration degree from Newport University, USA, and students will be able to use the abbreviation Dip.I.R. (EE) after their names.

The course will be run by a leading industrial relations practitioner who has had 17 years experience in Industrial Relations with one of South Africa's largest companies. He has an M.A. degree in industrial relations from Warwick University in the UK and is a fellow of the Industrial Relations Practitioners' Association of SA.

COURSE CONTENT

1. Understanding industrial relations; 2. Trade Unions: their place in the workplace and society; 3. Labour Law; 4. The disciplinary procedure; 5. The grievance procedure; 6. Collective bargaining; 7. Handling disputes; 8. Corporate communications.

DURATION

COMMENCEMENT DATE

5 days full-time 08h00 to 17h00

1st July 1991

3 months part-time 08h30 to 12h30 - Saturday mornings

17 August 1991

— Executive —

EDUCATION

COURSES FOR EFFECTIVE MANAGEMENT

For a full prospectus on courses offered call on us at:
207 Cradock Avenue Rosebank. Tel: (011) 880-2772
Fax: (011) 442-8092

DEPT AFRIKAANS EN NEDERLANDS

SENIOR LEKTORAAT OF LEKTORAAT IN AFRIKAANSE EN NEDERLANDSE LETTERKUNDE

Senior Lektoraat: R 42 184 - R 55 374 per jaar

Lektoraat: R 29 184 - R 48 828 per jaar

Plus n' 10% nie-pensioenbydraende toelaag of op die spesiale meriete kerf.

Voordele: Jaarlikse bonus, mediese hulpfonds, ruim verlof, gratis studie vir afhanklikes, pensioen, hulssubsidie, toelae vir verhuising (Indien van toepassing).

'n Volledige Inligtingsbrief oor die vakature is by die Personeelkantoor beskikbaar.

Diens moet op 1 Januarie 1992 aanvaar word.

Rig u aansoek aan die Universiteit van die Witwatersrand, Personeel Departement, Poskantoor Wits, 2050, Johannesburg om ons teen 10 Augustus 1991 te bereik.



UNIVERSITEIT VAN DIE
WITWATERSRAND


Slaggereed vir die uitdagings van more



Bertolucci

Bernardo Bertolucci has become increasingly foolish with each film he has made since 1900, writes **ANDREA VINASSA**. His visually breathtaking film version of Paul Bowles's novel **The Sheltering Sky** can even be seen as offensive in its stereotyping of Africans as morally treacherous objects of sexual desire

Sultry sex in the Sahara



Nureyev as Valentino as The Sheik and Michelle Phillips as Rambova in Valentino

'Now she did not remember their many conversations built around the idea of death, perhaps because no idea about death has anything in common with the presence of death. She did not recall how they had agreed that one be anything but dead, that the two words together created an antimony. Nor did it occur to her how she once had thought that if Port should die before she did, she would not really believe he was dead, but rather that he had in some way gone back inside himself to stay there, and that he never would be conscious of her again; so that in reality it would be she who would have ceased to exist, at least to a great degree.'

- PAUL BOWLES, *The Sheltering Sky*

PAUL BOWLES'S 1947 novel *The Sheltering Sky* consists mostly of long, complex interior monologues and close encounters of the existential kind. His tortured characters analyse their desires, their anxieties and their inability to express their love for each other. Any director who attempts to trans-

late a novel almost without relevant incident in which the motivations of the characters contradict their behaviour, is a brave one. Or a foolish one.

Bernardo Bertolucci has become increasingly foolish with every film he has made since 1900.

Bertolucci and Bowles, a dis-

ciple of the existentialist and beat generations of the '50s and '60s, seem very strange bedfellows. But "Italy's most controversial Marxist filmmaker" - whatever that may mean - has taken to the bourgeois attitude like a duck to water.

It is probably impossible for any director to do justice to Bowles's

ravishing prose, but cinematographer Vittoria Storaro does convey the oppressive ambience of the novel. *The Sheltering Sky* is a surprisingly good movie, considering its somewhat dated source and Bertolucci's wholly uncritical approach to the novel's depiction of the Third World. Italy's infa-

mous exploits in Ethiopia should have prompted him to a more critical view of colonial Africa.

Bowles, whose short stories about loneliness in New York City are extraordinarily powerful even today; wrote *The Sheltering Sky* just after the Second World War when it was once again safe for



John Malkovich as the tortured traveller in *The Sheltering Sky*



Peter O'Toole as Lawrence of Arabia



Rudolph Valentino as *The Sheik*

Americans to travel to exotic places. The novel gained cult status and has held immense fascination for filmmakers over the years. It was first published in 1949 and the film rights were subsequently bought by director Robert Aldrich who, in the face of numerous efforts to persuade him otherwise, hung onto the book in what turned out to be the vain hope of making the film himself. British filmmaker Nicolas Roeg had adapted the novel - albeit obliquely and partially - in 1978, but was reportedly still aspiring to another adaptation when he heard Bertolucci had been approached by Aldrich's son William. Roeg's *Bad Timing* remains one of the most disturbing evocations of alienation and obsessive love. Unlike Mark Peploe, Bertolucci's scriptwriter, Roeg took only the

essence of the relationship between a man and a woman, and dispensed with the mesmeric travelogue through the Sahara. "After friends suggested that I read the book, I was a bit cautious and suspicious because of their extreme enthusiasm," says Bertolucci in a press-kit interview, "They were a Paul Bowles fan club. The first time I read the book I got ill. I was very disturbed by the passage of the death which he wrote in Fez under the influence of kief. I found it full of pain." Bertolucci had all the credentials to pull off a successful version of *The Sheltering Sky*, but he blew it. Born in Parma in Italy in 1940, of a Marxist poet and film critic father, Bertolucci was drawn into filmmaking by another Marxist filmmaker, Pier Paolo Pasolini, and derived much of his tech-

nique from Jean-Luc Godard's nouvelle vague, but sought from the beginning to marry art and politics. His 1968 feature, *Partner*, loosely based on Dostoyevsky's *The Double*, is even more reliant on Godard's espousal of new narrative techniques. The two became friends before political differences parted them. Now there is hardly a hint of Godard in Bertolucci's work. He is said to have come of age in 1970 when he made *La Strategia del Ragno* (*The Spider's Strategy*) for RAI-TV. The film put Bertolucci considerably above the merely promising. For many people *The Conformist*, his adaptation of Alberto Moravia's novel of personal and political betrayal, remains his best film. "Everything is imbued with a sense of the past as its story of hypocrisy and betrayal unfolds. It is about a civil servant who becomes a Fascist in 1938, perhaps to protect his job, and is sent on a dangerous assignment: he has to travel to Paris to assassinate his former professor, an influential radical. If Bertolucci's explanation of the civil servant's behaviour is not entirely convincing - the character's motivation for killing his professor is tenuously based on a childhood shooting of a homosexual - his handling of the emotional mise-en-scène never falters," wrote The Guardian critic Derek Malcolm. Next came *Last Tango in Paris* in 1972 which is closer in spirit to *The Sheltering Sky* than Bertolucci's pompous political epics, *1900* and *The Last Emperor*. New Yorker critic Pauline Kael was moved to liken the first screening of *Last Tango in Paris* to the first night in 1913 of Stravinsky's *Rite of Spring* - was Pauline there? - calling it "the most powerfully erotic movie ever made ... Bertolucci has altered the face of an art form." Bertolucci is quoted as saying of *Tango*: "I wanted to make a film about a couple isolated from the world. But in the end I made one about solitude instead - the solitude that attacks relationships in our Western bourgeois society. In the film sex is simply a kind of language the couple invent to communicate, to liberate themselves from the constraints of the self-conscious." The couple in question are a middle-aged American expatriate in Paris and a 19-year-old Parisian.

The man has gone through the traumatic experience of his much-loved wife's infidelity and suicide. Within this strange relationship, he wants love and she wants sex. Bertolucci denied that *Tango* was erotic, saying that the film was about eroticism "which cannot be separated from the rest of human action." The film posits the impossibility of permanence in human sexual relationships. Bowles's novel is also "about the solitude that attacks relationships in our Western bourgeois society", but setting it in the Third World poses a problem for any filmmaker and Bertolucci seems singularly unaware of the problem. He exploits the breathtaking Saharan locations, treating the people not as individuals worthy of interest, but as decorative props. Firstly, white people are portrayed as aliens in search of truths about themselves ... remember *Casablanca*? Africa as the setting for primordial sexuality, is propagated in many a film by whites for whites set in Africa. The attitude that Africans - particularly Arabs and other North Africans - are valued for their sex appeal and reviled for their moral treachery is almost forgivable in the novel, but certainly this stereotype can be dispensed with today. Bowles himself was not merely a visitor in Africa and the novel in many ways is a critique of Western values. After visiting Tangier in 1931 he returned to live there permanently in the 1950s with his wife Jane, whom he married in 1937. Unlike the screen Port, the novel's Port Moresby thinks about his relationship with the people of the Third World, but not the Port we see on screen: "How friendly are they? Their faces are masks ... Are they Moslems or Christians? They don't know. They know money, and when they get it all they want is to eat. But what's wrong with that? Why do I feel this way about them? Guilt at being well fed and healthy among them? But suffering is equally divided among all men; each has the same amount to undergo ... Emotionally he felt that this last idea was untrue, but at the moment it was a necessary belief: It is not always easy to support the stares of hungry people." In Bowles's novel Port is unfaithful to his wife with a local prostitute. Casually colonising the

bodies of the locals is often on the agenda for Western traveller; they are tools of manipulation devoid of inherent value. Kit too embarks on a journey into the heart of darkness and indulges in some unbridled lust of her own. Anonymous sex turns nasty, when the virile Belquassim - native Africans are nothing if not virile? - turns proprietary. Sight & Sound critic, Sean French, calls Kit's trip to Tuareg "an erotic fantasy out of an ignoble tradition, the white woman sexually satisfied by the potent Bedouin, lubriciously endorsed in Bertolucci's picturesque images. This is the Middle East as sensual playground, with Debra Winger constantly seen nude, illuminated by rays of light filtered through shutters and screens." I must say I was astounded by the Great Marxist Filmmaker's lack of skepticism and his propagation of this "ignoble tradition" which gained its foothold in the Western imagination with that swarthy Italian actor, Rudolph Valentino. *The Sheik* established Valentino as the Great Screen Lover and thus began the mythologising of the noble savage as sex object. More often than not, white or European actors got to play the roles of North Africans. In Ken Russell's biopic of Valentino, who is said to have been an exceptional dancer, none other than Rudolph Nureyev played Valentino. In *The Sheltering Sky* Kit's Tuareg lover is played by ex-Paris Opera Ballet dancer Eric Vu An, cast for his magnificent body and not for his intellect. Not much has been done to dispell our illusions about "darkest" Africa and even films like *The Kitchen Toto*, *Chocolat* and *Out of Africa* keep Africans in their role as naive and passive object of desire. David Lean's *Lawrence of Arabia* is vastly superior to *The Sheltering Sky* in its view of Africa, probably because Lawrence's predilection for men prevented the director from exploiting any ideas of graphic accounts of Lawrence's love life. Although *The Sheltering Sky* rivals *Lawrence of Arabia* in length and seductive scenery, Lean's film is a considerably more astute, less romanticised account of a Westerner's ambivalent relationship with the Sahara and its people.



SPORTRUBRIEK
TINUS HORN

Krieket se toekoms lê in die townships

JOE PAMENSKY, 'n voormalige Suid-Afrikaanse krieketbaas, het vroeg in die dekade tagtig 'n stelling gemaak met die stelling dat swartmense eenvoudig nie toegerus vir krieket nie en dat sokker eintlik hul sportsoort is.

Daar en dan het Dan QueQue, 'n groot gees in sportkringe in die Oos-Kaap, hom tot 'n enkelpaaltjie-wedstryd uitgedaag om hom tot ander insigte te bring.

Joe was natuurlik nie hiervoor te vinde nie en het hom met die ou verskoning - dat hy verkeerd aangehaal is - uit die hoekie gewikkel.

Hoe hy so iets kon kwyttraak, weet nugter; Lawrence Rowe se Wes-Indiërs was toe juis besig om die Bokke 'n les of twee te leer. En so sterk soos daardie span was, was hy nie verteenwoordigend van die Wes-Indiese Eilande se krieketkrag nie.

Verlede naweek is ou vooroordele toe begrawe en 'n nie-rassige beheerliggaam gestig.

Dit het 'n kollega genoop om te voorspel dat wêreldkrieket oor 'n dekade of wat deur twee spanne oorheers sal word: Suid-Afrika en die Wes-Indiese Eilande. En dat Suid-Afrika se uitsoekspan dalk twee of

hoogstens drie wit spelers sal insluit.

Dit is sekerlik moontlik - mits die nuwe Verenigde Krieketraad nou insprong om die sportsoort met mening in die townships te bemark.

Anders as rugby, wat baie sal sukkel om inslag te vind, hoef krieket nie regstreeks met sokker mee te ding nie, omdat dit in die somer gespeel word.

Sokker is tans die sportsoort wat seuns in die townships se verbeelding aangryp en krieket sal dié stand van sake moeilik verander.

Alles tel in sokker se guns. Dit is reeds goed gevestig, vereis nie veel toerusting nie en kan op byna enige plek gespeel word.

En dis helde wat jong spelers lus maak om self 'n sportsoort te beproef. Water swart skoolseun weet wie Allan Donald of Adrian Kuiper is?

In die Baai het die Oostelike Provinsie se aanvangskolwers, Philip Amm en Mark Rushmere, saam met Adrian Birrell by 'n klub in New Brighton aangesluit om belangstelling daar aan te wakker.

Dis byna onafwendbaar dat hulle met tuiswedstryde toeskouers sal lok en met 'n bietjie geluk ook 'n klompie voornemende

spelers.

Een van die VKRSA se eerste doelwitte gaan wees om nuwe geriewe te skep wat meer spelers in die townships die kans sal gun om deel te neem. En hulle moet krieket as 'n sport in die skole probeer vestig.

Ali Bacher-hulle se mini-krieket-projek was 'n goeie begin. Die National Olympic and Sports Congress het dit as blote vertoon afgemaak en was heel moontlik reg, maar dis nie meer belangrik nie.

Wat wel tel, is dat honderde, dalk duisende, jong spelertjies se belangstelling in krieket geprikkel is. Dié van hulle wat talent het, moet nou die geleentheid kry om dit te ontwikkel.

Dit kan die begin wees van 'n oplewing wat almal se wildste verwagtinge oortref.

Dié stelsel kan werk

Voor die VKRSA oor die volgende dekade kan begin dink, is daar 'n ander sakkie wat aandag verdien: Ons top-spelers moet voorberei word op toetskrieket.

Die nuwe Castle-bekerreeks is spesifiek vir dié doel ontwerp. Vierdaagse provin-

siale wedstryde is nie toetse nie, maar dis darem nader.

En die ou bonuspuntselsel het ook nie meer gewerk nie. Die gedagte was om spanne aan te moedig om vinniger te kolf in die eerste beurt, maar die verskil tussen drie en vier punte was nie genoeg om waagstukke aan te moedig nie, veral aangesien elke tweede paaltjie 'n punt aan jou teenstander besorg het.

Die nuwe stelsel, waarvolgens spanne ses punte vir 'n oorwinning en twee vir 'n oorwinning op die eerste beurt kry, is boonop regverdiger. Wedstryde wen is tog waaroor dit alles gaan, of hoe?

Die einde van 'n tydvak

Martina Navratilova se nederlaag in skoon stelle teen Jennifer Capriati op Wimbledon was nie net nog 'n terugslag nie. Dit was stellig 'n teken dat Martina se heerskappy op die hoofbaan vir goed verby is.

Dis natuurlik drie jaar gelede ook gesê toe sy deur Steffi Graf geklop is en weer 'n jaar later. Maar verlede jaar het sy teen die verwagting in dié beroemde titel herower.

Dié keer is dit anders. Sy het nie 'n swak dag teen Capriati beleef nie. Sy was eenvoudig nie opgewasse teen die 15-jarige wonderkind se vaart en krag nie. Die jare doen dit maar aan jou.

En Capriati? Wimbledon - en die wêreld se ander groot toernooie - gaan in die jare wat voorlê nog baie van haar sien.

Die probleem met roem

EDDIE was, in sy eie woorde, 'n "neëntig-kilo-vleuel". Was is die woord, want vandag laat hy 'n skaal seker op so 115, 120 kreun.

"Man, hulle het my nie maklik gestop nie. Ek was soos Niel Burger. Niel Burger is 'n vleuel. James Small is 'n feetjie."

Ek het Eddie verlede Saterdagmiddag ontmoet. Toe ek by die Piccadilly in Brixton instap, was hy al lank daar. Ek kon dit sien aan sy manier van sit.

Om rugby in 'n kroeg te gesels, is 'n waagstuk, tensy jy vroeg uitvind waar die ander ou se hart lê. Met Eddie was dit maklik. Sy gesonde respek vir Niel Burger kon mens dalk van die spoor af gooi, maar sy Transvaalse ondersteuners-trui was 'n dead giveaway.

"Die probleem met roem," sug Eddie, "is dis so flippen gou verby."

Eddie beweer hy het so tien, elf jaar gelede vir Diggers en Transvaal gespeel. Ek kon hom glad nie onthou nie, maar moes hom die voordeel van die twyfel gee; destyds was daar net 'n uitgelese groepie klubspelers wat NIE 'n slag of twee vir die Rooibontes uitgedraf het nie.

"Die laaities by Ellispark het gequeue vir my handtekening. Dit was lekker dae, daardie. 'n Ou moet dit net nie kop toe vat nie. Voor jy weet waar's jy, het hulle jou vergeet."

Maar, sê hy, dis seker beter as niks. "Jy weet, ek was darem daar. Die meeste ander ouens kan nie dieselfde sê nie."

Wat sy storie nogal geloofwaardig gemaak het, was die feit dat hy g'n staaltjies van roemryke drieë of ander heldedade kon vertel nie. "Vra my as ek nugter is."

Dit was omtrent toe dat sy kop, of sy lewer, of albei, besluit het genoeg is genoeg. Hy't nie heeltemal uitgepass nie, maar loop kon hy nie, toe sleep-dra ons hom maar na sy chommie se kar toe.

Toe ons hom inhup, het hy weer gemompel: "Die probleem... met roem..." Meer kon hy nie uitkry nie, maar ek het geweet wat hy wou sê.

En hy was natuurlik reg. Nie eens die ouens by Diggers kon hom dié week onthou nie.

DIE WEEK SE TV-SPORT

DIE twee enkelspel-eindstryde van die Wimbledonse tennistoernooi is die hoogtepunt van die naweek se sportuitsendings. Albei wedstryde word regstreeks op TV1 uitgesaai. Die vroue pak mekaar môre om 14:00 en die mans speel Sondag om 14:55. M-Net se hoogtepunt is die Rothmans July, wat môre om 14:40 plaasvind. Die betaalkanaal skakel reeds om 14:00 oor vir 'n voorskou van die wedren.

Die halfeindronde van die rugbyreeks om die Lionbeker word ook môre beslis. Die kragmeting tussen Transvaal en Natal op Ellispark sal na affoop van die tennis gewys word, en die tussen Noord-Transvaal en die OP op Loftus om 21:00 op TSS, en na normale uitsendings op TV4.

TV1 wys Sondagmiddag die Franse Formule 1-Grand Prix regstreeks, en M-Net se dekking van die Tour de France begin môre.

DIE WEEK SE VOLLEDIGE SPORTPROGRAMME IS:

SAUK:

- Vrydag, 5 Julie:** TV1, 08:40, 15:00 en 23:00 - Tennis: Wimbledon. 18:30 - Gillette World Sports Special.
Saterdag, 6 Julie: TV1, 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne; 14:00 Tennis: Wimbledon - enkelspel-einstyd vir vroue, gevolg deur rugby: Lionbeker-halfeindstryd tussen Natal en Transvaal.
Sondag, 7 Julie: TV1, 13:00 - Junior sport (heruitsending). Tyd sal aangekondig word: Franse Formule 1-Grand Prix.
Maandag, 8 Julie: 21:00: TV1: Rugby: Spervuur met Zandberg Jansen
Dinsdag, 9 Julie: TSS: Gholf: Sharp se Winterreeks.

M-NET

- Vrydag, 5 Julie:** 19:00: Tennis: Wimbledon; 23:00: Krieket: Die derde toets tussen Engeland en die Wes-Indiese Eilande.
Saterdag, 6 Julie: 14:00: Regstreeks: Rothmans July vanaf Greyville, Durban. 15:00 nm.: Sal insluit: Krieket: Engeland teen die Wes-Indiese Eilande; Europese PGA-Gholfreks. 22:15: Krieket. 22:30 nm.: Fietsry: Die Tour de France: eerste dag.
Sondag, 7 Julie: 22:10: Fietsry: Die Tour de France.
Maandag, 8 Julie: 22:40: Krieket; 23:10: Fietsry: Die Tour de France.
Dinsdag, 9 Julie: 21:00: Rugby: "A Century of the Barbarians" 22:00: Krieket, gevolg deur Tour de France
Donderdag, 11 Julie: 18:00 The World of National Panasonic. 23:00: Tour de France.

Sport wurg aan groot geld

Die **Nasionale Sokkerliga** is in 'n gemors oor verduisterde geld wat miljoene bedra; Suid-Afrikaanse rugbybase baklei oor 'n borgskap van R88 miljoen; *Boris Becker* beskryf die geld wat tennissterre kan verdien, as obseen; *Mike Tyson* verdien soveel geld dat hy sy neus vir 'n wêreldtitelgeveg kan optrek. Groot geld en sport het onafskeidelik geword en vir sportsterre is dit seker nie te sleg nie. Maar wat van die skade wat sport in die proses ly? **TINUS HORN** doen verslag

WIE dit ook al was wat eerste met die gedagte van 'n amateurnoed vir sport vorendag gekom het, het mense verstaan.

Dié persoon het gewete wanneer geld verskyn, verdwyn die pret. En hoe meer geld daar betrokke is, hoe ernstiger word die speletjie. Gierigheid verdring byna alle ander oorwegings.

Boris Becker, die wêreld se naasbeste tennisspeler, beskuldig vandag se jong sterre (hy self is 'n wyse 24) van gierigheid, maar wys ook vinger na organiseerders van klein toernooie wat groot name met hoë prysgeld probeer lok.

"Dit word al hoe makliker om op die tennisbaan ryk te word. Dis te verstane dat baie spelers op loop gaan hiermee. Hul enigste doelwit is om soveel geld as moontlik te verdien, en hulle kies ook hul toernooie daarvolgens. Die eer wat in tradisionele toernooie op die spel is, beteken vir hulle niks."

Becker is veral gekant teen 'n nuwe toernooi, met 'n prysgeld van \$15 miljoen, wat volgens hom "onregverdigbaar" is.

"Dis lekker om vergoed te word vir 'n uitsonderlike gawe, maar daar is darem perke. Soveel geld kom niemand toe nie."

Boris self moes onlangs deurloop onder die veteraan Jimmy Connors se tong. Volgens Connors besef Becker, Stefan Edberg, Ivan Lendl en selfs Andre Agassi nie dat hulle eintlik veronderstel is om tennis te geniet nie.

"Dis alles tog so ernstig. Jy durf nie glimlag nie."

'n Onbenuillige gholftoernooi wat net op geld staatgemaak het vir sy aansien, was Sun City se toernooi om \$1 miljoen.

Toe hy 'n raps meer as tien jaar gelede ingestel is om die sportboikot te omseil, het die wêreld se voorste spelers toegestaan om deel te neem.

Nie te lank daarna nie, moes die formaat verander word, sodat die wenner al die prysgeld in sy sak steek en nog later is prysgeld aan al agt deelnemers betaal, terwyl die wentjek \$1 miljoen gebly het.

Nou is daar sprake dat die toernooi se dopplie dalk geklink is; 'n Miljoen is nie meer genoeg nie!

Maar waar kom al die geld vandaan wat so kwistig uitgedeel word?

Strawwe mededinging tussen TV-stasies is stellig die vernaamste rede waarom sport die afgelope paar jaar so 'n gesogte geword het.

Die vryemark-beginsel van vraag en aanbod word hier toegepas. Sport is so gewild dat die geld wat daaruit te maak is, geen perke ken nie.

'n Groot internasionale gebeurtenis soos die Wimbledonse tennistoernooi, sokker se

reeks om die wêreldbeker en die Tour de France, lok miljoene kykers wêreldwyd. Dit verseker die organiseerders van 'n reuseinkomste.

Die swaargewigbokser Mike Tyson, wat in Februarie verlede jaar sy wêreldtitel met 'n uitklopnederaag aan Buster Douglas afgestaan het, was 'n paar maande gelede in die hof om te probeer verhinder dat die nuwe kampioen, Evander Holyfield, sy kroon teen George Foreman verdedig. Hy het gevoel hy het 'n groter aanspraak op 'n titelgeveg.

Daar is teen hom beslis. Nou stel sy promotor, Don King, nie meer in so 'n geveg belang nie, omdat Holyfield se sakebestuurder, Lou Duva, nie aan sy buitensporige eise om beursgeld wil toegee nie.

King weet dat Tyson in groter aanvraag by televisiestasies is as die kampioen. Selfs sonder die titel kan hy dus op miljoene dollar aanspraak maak. Hy het in sy onlangse geveg teen Razor Ruddock 'n nuwe rekord vir verdienste uit 'n nie-titelgeveg daar gestel.

Nou is Holyfield verleë oor Tyson. Hy het reeds teen die die ander trekpleister in die swaargewig-afdeling, George Foreman, baklei. Wie bly oor? Ruddock, wat reeds twee keer deur Tyson geklop is, en "Iron Mike" self.

Tyson het nie 'n goeie teenstander nodig

om die TV-kykertalle die hoogte te laat inskiet nie. Sy beeld is genoeg. Soos Joe Louis het hy juis roem verwerf met sy vernietigingswerk onder tweederangse teenstanders.

Intussen word boksliefhebbers die kans ontnem om te sien wie werklik die wêreld se beste is.

Geld is natuurlik ook die vernaamste rede waarom daar deesdae so baie internasionale boks-beheerliggame bestaan. Hoe meer "wêreldkampioene", hoe meer geld.

Wie eintlik die titels in die onderskeie gewigafelings verdien, is bysaak.

In Suid-Afrika het die Nasionale Sokkerliga se probleme ook as gevolg van TV-regte ontstaan.

Sowat R8,2 miljoen, wat vir uitsaaieregte bestem was, het die afgelope 18 maande tussen neus en ore verdwyn. Die NSL se skakelbeampte, Abdul Bhamjee, het reeds hieroor in die hof verskyn en is op borgtog van R100 000 vrygelaat.

Dis nie bekend hoeveel geld die NSL vir uitsaaieregte ontvang het nie, maar as daar agt miljoen rand kon verdwyn sonder dat iemand dadelik agterdoctig raak, moes dit 'n enorme bedrag gewees het.

Die NSL kon nie soveel geld aan sy bedryfskoste bestee nie, al wou hy ook. Iemand het dit raakgesien en besluit om die geld vir 'n ander doel aan te wend.



M-Net en die SAUK moes vroeër vanjaar R4 miljoen elk opdok om die rugbyreeks om die Curriebeker te kan uitsaai. Hoewel albei gevoel het dis buitensporig, moes hulle uiteindelik swig, omdat nie van hulle wou sien hoe sy teenstander alleen met die gesogte uitsaaieregte wegstap nie.

Die borg van die reeks, Bankfin, het dié geld ontvang, nadat hy vroeër 'n allemin-tige R88 miljoen betaal het om sy naam aan die reeks te koppel.

Gierigheid is die enigste dryfveer vir die ses "toetsunies" se onlangse dreigemente om dié reeks te boikot.

Vanjaar het hulle R600 000 ontvang en hulle was kwaad omdat dié bedrag nie volgende jaar 15 persent meer sou wees, soos hulle glo beloof is nie.

Almal weet dat Transvaal, Noord-Transvaal en Natal verlede jaar groot winste getoon het. Waarvoor word daardie geld dan aangewend? Beslis nie om rugby te bevorder nie.

Dis duidelik dat daar tans nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd hopeloos te veel geld aan sport bestee word. En die einde is nie in sig nie.

Geld het sekerlik gehelp om standaarde op te stoot; met meer op die spel, probeer jy seker daardie tikkie harder.

Maar in die proses het die pret onherroeplik verlore geraak.

'Nou leef die Slowene ondergronds'

Terwyl vegvliegtuie van die Joego-Slawiese lugmag vandeeweek oor Slowenië gedreun het om verset teen die sentrale regering te onderdruk, het gewone mense hul lot in bomskuilings sit en bespreek. **VICTORIA STEGIC** en **DOMINIQUE CHABROL** doen verslag



n Kroaat goot 'n klip na tenks wat Dinsdag van die Maarskalk Tito-barakke in Zagreb vertrek het om die opstand in Slowenië te gaan onderdruk. Honderde Kroate het die tenks probeer keer. (Foto: Michel Evler, AFP)

LUBLJANA, Slowenië - Sedert Slowenië se onafhanklikheidsverklaring verlede Dinsdag het inwoners die laaste week gewoon geraak aan 'n ondergrondse lewenstyl.

Dinsdag was daar twee lugaanval-alarms binne twee uur. Mense het paniekbevange geraak en na die skuilings gehardloop, hoewel min werklik geglo het dat die Joego-Slawiese lugmag die stad sou bombardeer - ondanks Maandag se dreigemente deur die opperbevel.

"Die weermag is besig met 'n sielkundige oorlog teen ons," het Tomaz Porenta gesê. Porenta is die direkteur van 'n skuiling wat met 'n tunnel tot by Ljubljana se ou kasteel strek.

Binnekant, in die doolhof van gange, het honderde mense skuiling gesoek in die gemeubileerde selle en gewag op die teken dat alles oor is.

"Sondag het dit twee uur geduur," het Janez Logar - 'n Sloweense taal- en letterkunde-onderwyser - onthou.

Min mense het daarin geslaag om kos of komberse saam met hulle te bring, maar niemand het hulle betroubare transistor-radio's vergeet nie. Oor die radio is deurendelend nuus voorsien, insluitende 'n gerug dat die generaals die mag in Belgrado oorgeneem het.

Ná twee uur het die meeste mense die Vrye Weekblad, 5 - 11 JULIE 1991

koue gange verlaat om bietjie warmte in die son op te soek, toe die tweede alarm afgaan.

Die mense - teen dié tyd al goed gedissiplineer - het vinnig na veiligheid en die 611 slaapeenhede gekeer. Maar hulle het eers seker gemaak dat almal terug was voordat hulle die swaar blou deure toetrek.

Twee opgaartenks bevat genoeg water vir drie dae. "As daar geen kragonderbreking is nie kan ons baie lank bly," het Porenta verduidelik.

Toe praat hy sagter. "Jy weet, hierdie manjifieke skuiling is gebou vir die behoeftes van die vorige mag." Hy het die gehate woord "kommunistiese" vermy.

Mark Boksa, 'n sosiologie-student, het aan buitelandse joernaliste - ook in die skuiling - die rede vir die Sloveense weerstand probeer verduidelik.

"Elke nasie het die reg om in 'n eie onafhanklike staat te woon. Dink julle dat 'n federale Europese staat wat deur Duitsland bestuur word vatbaar sal wees?" het hy gevra. "Die Europese gemeenskap kan 'n einde maak aan hierdie nagmerrie en ons help," het hy bygevoeg.

In die aangrensende tunnel is motors, busse en vragmotors geberg en die strate van die Sloweense hoofstad was verlate. Die meeste winkels was gesluit. Glasstukke

le in die strate gestrooi - 'n nalatenskap van oorverdwende vlugte naby grondvlak deur Joego-Slawiese vliegtuie.

Boksa se gevoelens word gedeel deur die inwoners van Gorizia, 'n Italiaanse dorp naby die grens met Joego-Slawië, sowat 40 kilometer van Trieste.

Die Europese gemeenskap dans na Belgrado se pype, meen hulle. En die Italiaanse regering verstaan nie wat in Slowenië aangaan nie.

Sedert Joego-Slawiese MiG-vegvliegtuie laag begin vlieg het oor die dorp, het die inwoners toenemend hulle bure se kant gekies.

By die naburige grenspos van Casa Rosa - wat die Italiaanse Gorizia van die Sloweense stad Nova Gorica skei - is 5 gedood en 36 beseer in botsings tussen die Slowene en Joego-Slawiese federale magte.

In Nova Gorica word 70 lede van die Joego-Slawiese leer in plaaslike openbare geboue aangehou. Ander lede het gevlug toe hulle besef dat hulle hul mede-Joego-Slawe moes beveg, en nie 'n Italiaanse inval nie.

'n Ongemaklike normaliteit heers ook hier. Italiane gaan nog na Nova Gorica om goedkoper petrol te kry, terwyl Slawene inkoopies in Gorizia kom doen.

Dit is asof niks belangriks gebeur het nie. - AFP

VULKANE

- die vuur van die gode se wapensmid

PARYS - Die uitbarsting van twee rustende vulkane - Pinatubo in die Filippyne en Unzen in Japan - het mense in dié streke daaraan herinner hoe uitgelewer hulle aan geologiese gebeure is. Unzen het uitgebars ná 199 jaar se sluimer en Pinatubo ná 611 jaar.

Albei lande lê binne die sogenaamde "Pasifiese vuurgordel", waar aardbewings en vulkaniese uitbarstings net wag om te gebeur.

Aardbewings en uitbarstings is die gevolg van soortgelyke geologiese verskynsels. Slegs in die afgelope 20 jaar het wetenskaplikes werklik die logiese patroon van vulkane se verspreiding begin begryp.

Eeue lank kon mense hulle net die oorsake van hierdie skrikwekkende verskynsels voorstel of verbeel. Die Romeine het geglo dat Vulcanus - die vuurgod wat onder die aarde se oppervlak leef waar hy pyle vir Apollo smee - daarvoor verantwoordelik was. Die Grieke het 'n soortgelyke teorie gehad, waarvolgens vulkane geskep is toe Hefaiestos - wat wapens in sy ondergrondse werkwinkel vir die gode vervaardig - sy aambeeld met soveel mag geslaan het dat die rook en vonke na die aarde se oppervlak opgestyg het.

Latere verduidelikings was minder poëties, maar nader aan die werklikheid. Vulkane is gesien as skoorene, waardeur die vlamme en rook van 'n ondergrondse vuur opstyg. Maar ontbranding in die magma-laag is onmoontlik omdat daar geen suurstof is nie. Hierdie teorie was egter korrek in die opsig dat die oorsprong van die verskynsel in die aarde se dieptes lê.

Moderne vulkanoloë het baie te danke aan die Duitse wetenskaplike Alfred Wegener. Wegener het in 1912 sy teorie oor kontinentalskuiving gepubliseer. Hy het verduidelik dat die aarde bedek word deur 'n dosyn "plate".

Die plate se opgehefde dele vorm die kontinente wat bo-op magma - gesmelte rots - dryf. Wanneer die plate mekaar nader of oorvleuel, is daar 'n moontlikheid van botsing, met 'n aardbewing as gevolg. 'n Opswelling van die plate veroorsaak dat die aarde se vuurwarm ingewande na die oppervlak gedruk en vulkane gevorm word.

'n Vulkan is 'n tydelike of permanente opening in die aardkors om oortollige hitte, gas en gesmelte rotse toe te laat om te ontsnap. Vyf en negentig persent van die aarde se aktiewe vulkane is langs hierdie geologiese breuke geleë. Elke jaar bars omtrent 30 van die aarde se 1 343 bekende aktiewe vulkane uit.

Afgekoelde lawa afkomstig van kleiner uitbarstings laat die omliggende streke meer vrugbaar. Daarom word die hange van vulkane gewoonlik dig bewoon - tot binne 'n paar kilometer van die krater.

Onder elke vulkaan bestaan 'n geweldig uitgebreide kanaalstelsel waardeur magma vloei. Vulkanoloë glo dat magma, wat temperature van meer as 1 000 grade Celsius bereik, onder 99 persent van die aarde se oppervlak borrel.

Die temperatuur van die middelpunt van die aarde is, sowat 5 000 grade Celsius, word geglo. Relatief gesproke is die beskermende aardkors so dik soos 'n eierdop.

Waarskuwingstekens dat 'n vulkaan op die punt staan om uit te bars, sluit aardtrillings, krakende geluide en rook vanuit die krater in.

Slegs 150 aktiewe vulkane word deurentyd waargeneem. Waar uitbarstings naby blyk te wees neem vulkanoloë die magma-vlakke waar en meet vervormings in die aardkors - meesal deur middel van satelliete.

Maar ondanks die vordering wat gemaak is om vulkane se gedrag te voorspel, word vulkanoloë nog onkant betrap.

Twee Franse vulkanoloë, Maurice en Katia Krafft, was onder die slagoffers van die Unzen-uitbarsting. Ná 25 jaar van letterlik met vuur speel teen die hange van die belangrikste vulkane op aarde is hulle dood toe Unzen ontplof het in 'n storting van brandende as en rots wat teen 'n snelheid van 500km/h teen die berg af gesweep het. - VILEM BISCHOF (AFP)

En jou nekhare rys in die maanlig...

Die dag voor hul besoek aan **Modjadji** (lees daarvoor op bl 18) het 'n groep regsgeleerdes en antropoloë kampvuur-stories vertel - maar of alles egter net 'stories' was, moet die leser maar self besluit.

PEARLIE JOUBERT *het die volgende gehoor*

DIE storie kon só begin het: It was a dark and stormy night... Maar dit was 'n volmaan-aand tussen die bome en heuwels in Lekgalameetse toe 'n professor met sy pyp in sy mond dié rare verhaal vertel...

In Desember 1976 het 'n weerligstraal 'n huis in Mokhureni naby Pietersburg getref. Die huis het aan die brand geslaan en 'n jong man, Lucky, het doodgebrand.

David Rachueme, Lucky se oom, en David Mazwi, wat ook in die dorpie gewoon het, het besluit om 'n toordokter te gaan vra wie die weerlig veroorsaak het. Dit moet iemand in die gemeenskap wees met weerlig-kragte, het hulle geglo.

Die toordokter, so loop die storie, het Rachueme en Mazwi en ander lede van die Rachueme-familie swart medisyne gegee om te drink. Die toordokter bring toe die mense na 'n vertrek waar 'n wit doek aan die muur hang. Die Rachuemes het begin sing - en toe skree hulle: "Daar is hy. Ja, daar is nog een. Dit is hy." Twee gesigte het blykbaar op die doek verskyn.

Rachueme het vertel hoe hy die medisyne gedrink het, waarna gesigte op die doek voor hom verskyn het. "Ek het die gesigte gevra wat hulle op die doek soek.

Toe vra hulle my wat ek in die toordokter se kamer soek en of ek nog oor my neef se dood treur. Daarna het die gesigte verdwyn..." het Rachueme vertel.

Die toordokter het opgestaan en twee mense, die 50-jarige Solomon Phogole en die 70-jarige Mamana Moloba - wat ook in die vertrek was, maar só geplaas dat hulle nie die doek kon sien waarop hul gesigte verskyn het nie - na buite gelei. Hy het die twee mans na 'n boom gesleep en hul klere uitgetrek. Toe het hy "swart medisyne" aan hul lywe gesmeer en kruise op hul koppe daarmee gemaak.

Phogole en Moloba is hierna deur inwoners na die stamhoof gebring. Die stamhoof was egter besig en het vir die skare gesê om die twee mans later die middag terug te bring. Moloba en Phogole is teruggebring na die dorp en in 'n huis aangehou. Die woedende skare het egter die huis aan die brand gestee en Moloba en Phogole het doodgebrand.

Eers is 23 mense in verband met dié twee moorde gevang. Net nege van hulle is egter van moord aangekla en die hofsak het begin. Die hofsak is aanvanklik in die rondgaande hof in Pietersburg aangehoor

en elke dag was die hof stampvol.

Toe die advokaat, John Middleton, op die tweede dag van die saak wakker word, was albei sy oë bot-toe geswel. Maar hy het gemeen dis van die sade van die bome wat voor die hof groei.

Dié oggend het die landdros nie opgedaag nie. Middleton het hom in sy kantoor gaan soek - en hom dood agter sy lessenaar gekry. Hy het aan 'n hartaanval gesterf.

Toe die hofsak moes voortgaan en is helder sonskyndag in Pietersburg. Kort voordat die staatsgetuie - een van die oorledenes se weduwee - die beskuldigdes moes uitwys, het 'n helse donderstorm skielik losgebars. Die weduwee het daarna in die hof volgehou dat sy niks kan sien nie en dus nie die beskuldigdes kan uitwys nie.

Maar die saak moes voortgaan en is verskuif na die hof in Pretoria. Regter Davidson sou die saak verhoor. Maar die aand voor die hofsak in Pretoria sou begin, bel die regter se klerk die advokaat en sê Davidson se maagsweer het begin bloei. Davidson is kort daarna dood.

Nog 'n regter, regter Human, is toe aangestel. Hy het ook (koerantberigte bevestig dit) 'n hartaanval gehad - en kon nie met die

saak aangaan nie. Regter Bliss word toe in sy plek aangestel.

Die dag toe Bliss die saak moes aanhoor, het Middleton in 'n leë hof aangekom. Hy het die beskuldigdes almal buite die hofgebou opgespoor. Hulle het vir hom gesê dis nie nodig is om terug te gaan hof toe nie omdat die saak nie sal voortgaan nie. Toe Middleton teruggaan hof toe, het die bode aangekondig dat die regter siek is - en die hof het verdaag.

Die laaste regter, regter McCreath - wat die saak darem end-uit aangehoor en uitspraak gegee het - het egter ook siek geword tydens die saak. Boonop het die hofolk, John Sithole, op pad na die selle om van die beskuldigdes te gaan haal, op die trappe gegly en sy enkel gebreek. Sy tienjarige dogtertjie het blykbaar ook in dié tyd haar arm gebreek.

Ná ses weke, in April 1978, is die nege beskuldigdes skuldig bevind aan strafbare manslag, maar is almal op borgtog vrygelaat.

En die verteller-professor, John Middleton, stop sy pyp en die maan hang groot en wit oor die stil Noordoos-Transvaal...

Waar versoening belangriker is as straf

- 'n Tradisionele hof sit in Lebowa

IN Suid-Afrika bestaan daar 'n hof en regsbeingsels wat toeganklik en aanvaarbaar is vir die lede van die gemeenskap, waar klaer en aangeklaagde hul eie taal kan praat, waar versoening tussen die strydende partye belangriker is as geregtigheid en die konsekwente toepassing van wette wat geboek is, waar meined nie bestaan nie - 'n maklike, eenvoudige en billike regstelsel. Die Mogoboya stam-kantoor is twee maal per week vir die inwoners van die Letabandistrik in Lebowa 'n leerskool, 'n plek waar die belangrikheid van hul tradisies en gebruike bevestig word, 'n plek waar almal hard kan lag - maar veral 'n plek waar reg en geregtigheid uitgeoefen word. Soos in enige Westerse hof staan die belanghebbendes en nuuskieriges almal op wanneer die stamhoof, sy senior raadgewer en die twee assessore die hof binnekom. Die stamhoof dra bo-oor sy pak klere 'n lui-perdvel - toe dusvir in die verrigtinge die enigste teken dat dit 'n hof van 'n ander aard is.

Maar dan kom kinders, ringkoppe, gryskoppe en kaalvoete almal die vertrek binne. Die stamhoof, of kaptein, wat "die regter" is, word deur die gemeenskap aangewys en moet uit die "regte lyn" van families van die omgewing kom. Sy taak is om die eiser en beskuldigde en enige ander lid van die gemeenskap wat iets wil sê oor 'n saak aan te hoor, uitspraak te lewer en 'n vonnis op te lê.

As die beskuldigde nie tevrede is met die stamhoof se uitspraak nie, kan hy/sy appél

aanteken by die landdros in die Lenyenyendistrik, waar die landdros bevoeg is om óf die skuldigbevinding te bekragtig óf die vonnis ter syde stel. Word die vonnis gewysig, mag die landdros egter nie 'n boete van meer as R40 opleë nie omdat dit die maksimumboete is wat 'n stamhoof mag opleë.

In die tradisionele hof geld die beginsels van die Inheemse reg - daar bestaan dus geen geskrewe wette of tegniese reëls nie, prokureurs en advokate is onbekend en alle sake word in die openbaar aangehoor. Waar geregtigheid een van die belangrikste aspekte van ons Westerse regstelsel is, is versoening tussen die eiser en beskuldigde die belangrikste in die tradisionele hof. Die tweede saak wat verlede Dinsdag in dié hof aangehoor is, was 'n sprekende voorbeeld van dié beginsel:

'n Bejaarde man het sy vrou daarvan beskuldig dat sy hom slaan en sy pensioengeld gebruik om drank mee te koop. Dié man was moeg vir sy vrou se streke. Hy wou hê sy vrou moet uit die huis padgee sodat hy met 'n ander vrou kan trou.

Nadat hy sy saak gestel het, het die senior raadgewer, stamhoof en twee assessore hom ondervra en toe na sy vrou se saak geluister. Haar man het haar oud gemaak, het sy gesê. Noudat geen man haar meer sal wil hê nie, wil haar man haar los: "He made me old. I won't live. I will die," en het woes in haar man se rigting beduie.

Nadat sy ook ondervra is, het die stamhoof voorgestel dat die twee huis toe gaan en hul probleme uitstryk. As die vrou weer haar

man se pensioengeld aan drank bestee, het hy gewaarsku, sal die hof beheer oor die geld oorneem.

Soos in die Westerse hof is die partye ook onder die inheemse reg onskuldig totdat hulle skuld bewys word. Dié hof verskil egter van ons hof in terme van die getuienis wat aangehoor moet word. Elke volwassene wat in die hof teenwoordig is, kan vrae stel aan die klaer en aangeklaagde en sy of haar mening oor die saak uitsprek. Dié hof hoor, soos ons hof, direkte mondelinge getuienis aan, maar indien een van die partye omstandighedsgetuienis, hoorsê-getuienis of spesialis-getuienis wil lewer, moet die hof dit ook aanhoor.

Die stamhoof het bevoegdheid om enige misdryf ingevolge die gemene reg, misdrywe ingevolge die inheemse reg sowel as statutêre misdrywe aan te hoor. Sy bevoegdheid om verskillende tipes misdrywe aan te hoor en uitspraak te lewer, is egter beperk omdat sy bevoegdheid net geld oor swartmense van die gebied waarvan hy die hoofman is.

Die Wysigingswet op Swart Administrasie het in 1955 35 misdrywe uitgesonder waarvoor 'n hoofman nie jurisdiksie het nie. Dié misdrywe sluit byna al die ernstiger misdrywe in - byvoorbeeld moord en brandstigting. Frans Whelpton, senior lektor in Inheemse Reg aan Unisa, sê die interpretasie van dié misdade lewer egter probleme op. "Volgens die Inheemse Reg word siviele en strafsake in 'n enkele geding verhoor. Ofskoon 'n stamhoof byvoorbeeld nie bevoeg is om enige klag soos brandstigting te




Op die agtergrond luister die stamhoof aandagtig bo-oor sy brilraam terwyl 'n raadslid die aangeklaagde én klaer én die nuuskieriges wat die hofverrigtinge bywoon, betig

verhoor nie, is hy wel bevoeg om 'n saak van saakbeskadiging te verhoor," sê hy. Die stamhoof mag dus nie 'n saak oor iets soos bedrog verhoor nie, maar wel 'n saak oor diefstal. "Dit kan dus gebeur dat 'n stamhoof in 'n saak kan beslis wat deliktewas as kriminele kwessies behels en dat hy oor albei kwessies uitspraak gee ofskoon hy nie bevoegdheid oor die kriminele kwessies het nie," sê Whelpton.

Modjadji se potte bewaar hul geheime...

BYNA soos abra-kadabra...

In die woude van Noord-Transvaal woon die legendariese **Modjadji**, die Reënkoningin, wat verseker dat haar mense nooit droogte of oorlog ervaar nie. Sy is vandag ook die enigste vroulike stamhoof in Afrika - en straks ter wêreld. Hoewel sy gewoonlik nooit in die openbaar verskyn nie - wat heelwat tot die mistiek en legendes om haar bydra - is 'n groepie antropoloë en regsgeleerdes pas toegelaat om haar te sien en selfs af te neem. **PEARLIE JOUBERT** was saam en het probeer uitvind hoe werk dié reënmakery



Die goman-tromme wat geslaan word wanneer Modjadji reën maak. (Foto: Pearlle Joubert)

DIE vraag hoe Modjadji reën maak, is die bron van wonderlike bespiegeling en legendes. Maar niemand weet presies hoe sy dit doen nie - omdat elke Modjadji kort voor haar dood haar geheime uitsluitend aan haar opvolger oordra.

Die Modjadji wat ons verlede week ontmoet het, is al die vyfde opvolger van die oorspronklike Reënkoningin.

Daar word vertel dat Modjadji se reëngeheime gebere word in kleipotte wat *mebago* genoem word. Dié potte word gehou in 'n deel van haar koninkryk waar net sy mag kom. Daar word ook vertel dat 'n gedeelte van Modjadji se reënmakragte in 'n menslike skedel in een van dié reënpotte gehou word. Magiese reënhorings

word gebruik wanneer Modjadji reën maak. Wanneer dié horings op die grond gegooi word, sal dit begin reën - en, wanneer die horings opgehang word, sal die reën ophou en die son begin skyn.

Deel van die aardige magiese inhoud van Modjadji se reënpotte is die velle van die vorige Modjadji en haar raadgevers wat die naaste aan haar geleef het. Wanneer die koningin doodgaan, word haar liggaam glo 'n paar dae lank in 'n hut gehou. Dan word haar vel op 'n sekere manier gevryf totdat dit van haar lyf afskilfer.

Volgens legende word Modjadji se vel, die vet van 'n erdvark (wat 'n koninklike dier is), liggaamsdele van 'n koedoe, seewater, die vere van 'n reënvoël (lighting

bird), swart en wit skulpe en allerhande wortels en boombasse in die reënpotte vermeng.

Vandag word 'n swart skaap of bok glo geoffer wanneer Modjadji reën maak en die water wat gebruik word om die wol te was, word in die reënpotte gegooi. Dié dieroffer is blykbaar in later jare gebruik as plaasvervanger vir die vroeëre gebruik van 'n klein kind se brein as offerande vir reën.

Wanneer Modjadji dié mengels van die *mebago* aan die brand steek, styg 'n grys rookwolk na die hemel op en vorm reënwolke. Die reënwolke wat gedurig oor haar gebied hang en 'n mistieke stemming skep, het daartoe aanleiding gegee dat die witmense die plek "Duiwelskloof" begin

noem het.

Wanneer Modjadji reën maak, word vertel, kan mens die geluid van die *goman-tromme* hoor. Hoewel ek geen *goman-tromme* gehoor het nie, kon mens nie anders as om die grys reënlug bo Modjadji V se kraal op te let die dag toe ons haar besoek het nie...

Die skrywer en reisiger sir Rider Haggard het in sy novelle *Sbe*, waarin die hoofkarakter blykbaar op Modjadji gegrond is, geskryf: "That which is alive hath known death, and that which is dead yet can never die, for in the Circle of the Spirit life is naught and death is naught. Yae, all things live forever, though at times they sleep and are forgotten."

Die Reënkoningin wys haar gesig

SY kan die misterie en die geeste aanvoel, sê Modjadji in 'n diep stem. Die geleerdes wat om haar rondstaan, trap rond...

Want die verhaal van Modjadji, die legendariese reënkoningin van Afrika en die enigste vroulike stamhoof op die vasteland (dalk ter wêreld) lees soos die Europese volksverhale van die Middeleeue: vol geeste en donker reënwolke, prinsesse en prinse en troonopvolgers. Of is dit die waarheid van "donker Afrika"?

In die vroeë sestiende eeu het 'n prinses van die Karanga-staat (destyds is dié staat Bokhalaka genoem) in wat nou Zimbabwe is, 'n kind by haar broer gehad.

Haar pa, koning Mambo, wou weet wie die kind se pa is. Omdat sy bang was haar broer sou doodgemaak word, het die prinses met haar ma se hulp uit die koninkryk gevlug. Maar voordat sy weg is, word vertel, het sy haar pa se toorkrag - sy reënmaak-medisyne - gesteel. Toe het sy en 'n groep volgelinge jare lank suidwaarts rondgeswerf op soek na 'n land.

Die prinses, Dzugudini, en haar volgelinge het uiteindelik in die donker woude wat Daja genoem word, aangekom en hulle daar gevestig.

Dié verhaal word vandag algemeen aanvaar as die geskiedenis van die Balobedostam van Noordoos-Transvaal wat al die laaste 400 jaar onder die Modjadji se heerskappy in dié boomryke sub-tropiese omgewing aan die rand van die Molototsirivier woon.

Teen 1800 was Dzugudini se mense 'n klein stam wat die land bewerk het en dorpie gebou het. Die klip-strukture wat eers gebou is, was replikas van die maZimbabwes in hul moederland, Zimbabwe.

Dzugudini was die eerste leier van dié stam en haar seun, Makhaphela, wat soos Westerlinge dit noem, uit "bloedskande" gebore is, was die tweede hoofman.

'n Kort tydperk het mans dié stam gelei en was die heerser die eersgeborene van die kgosi (stamhoof) se senior vrou. Maar dié patriargie het nie lank geduur het nie.

Mugado was in die begin van die negentiende eeu hoof van dié stam. Hy was volgens oorlewering 'n vreemde en eksentrieke man, wat beweer het dat hy deur bonatuurlike magte besiel en gelei word. Mugado se geeste het hom eendag laat weet dat sy seuns besig is om sy ondergang te beplan. Hy het na die geeste geluister, al sy seuns laat doodmaak en aan sy dogter gegee dat sy hom sou opvolg as stamhoof.

Omdat dié stam "gebore" is uit 'n "bloedskandige" verhouding, het Mugado se geeste hom gesê dat sy opvolgers gebore sou word uit 'n verhouding tussen hom en sy dogter.

Mugado het toe in die reënryke woude 'n geheime stat gebou, waar sy dogter geboorte gegee het aan hul eerste kind. Maar dit was 'n seun. Omdat die geeste nie 'n seun as eersgeborene wou hê nie, is die kind doodgemaak. Die tweede kind was gelukkig 'n dogter - en die vroulike heerskappy is gevestig.

Mugado het sy dogter-bruid Modjadji - "heerser van die dag" - genoem en aan haar sy geheime reënmaak-kragte oorgedra wat geslagte tevore deur Dzugudini van haar pa gesteel is.

Ná Mugado se dood het Modjadji die heerser geword. Getrou aan haar pa se opdragte het sy in afsondering gewoon en bekend geword vir haar vermoë om reën te maak. Die land van Modjadji is mettertyd LoBedu - "land van offers" - genoem en haar mense die baLobedu.

In 'n landstreek waar vele bloedige stamoorloë plaasgevind het, het Modjadji se magiese reënmaak-kragte haar mense be-



skem. Vanweë haar afsondering is allerlei fantastiese mites en legendes oor haar vertel.

Maar daar steek ook waarheid in die kragte van die reënkoningin: haar stam was nooit in stamoorloë betrokke nie - en tot vandag toe handhaaf Modjadji wet en orde sonder enige weermag of soldate.

Daar word vertel dat die Zoeloes geglo het dat sy vier borste het. Daar is ook geglo dat Modjadji onsterflik is en nooit haar skoonheid verloor nie. Maar omstreeks 1860 is die eerste Modjadji dood en het haar dogter haar opgevolg.

Volgens oorlewering pleeg Modjadji, wanneer sy oud of siek word, rituele selfmoord deur gif te drink. Dié gif, word vertel, word gemaak van die brein en rugstring van 'n krokodil.

Daar word vertel dat die eerste twee Modjadjis op dié manier hul eie lewe geneem het. Modjadji III, wat in 1896 die heerser geword het, is egter deur sendelinge ooreed om nie selfmoord te pleeg nie en sy is in Februarie 1959 natuurlik dood.

Die ma van die huidige Modjadji (wat sedert 1982 regeer), Modjadji IV, is ook in 1980 weens ouderdom dood.

Hoewel die Modjadji nie mag trou nie, baar sy kinders. Wie die pa's is, is seker die bes-bewaarde geheim in die Modjadji-kraal. Modjadji trou nie omdat sy die "man" is. Haar "vroue" word deur die hoofmanne van die 156 meboto's (afdelings) aan Modjadji gegee om goeie betrekkinge met haar te behou, en hul kinders woon saam met Modjadji in die koninklike kraal in grasdak-rondawels. Die kinders van Modjadji en haar "vroue" word gebore uit mans wat nie aanspraak mag maak op vaderskap van die kinders nie omdat Modjadji die "vader" is.

Vandag lyk die Modjadji-huis byna soos die huise in Potgietersrus se hoofstraat. Was die tak-omheining rondom die kraal en die kaalvoetmans binne die kraal nie daar nie, sou 'n vreemdeling nie maklik kon raai die reënkoningin woon daar nie.

Die mense buite die kraalomheining sien Modjadji V nooit nie. Sy verskyn nooit in die openbaar nie - behalwe wanneer sy ingelyf word en soms tydens tradisionele feeste. Daar word geglo dat geen witmens die eerste drie Modjadjis gesien het nie.

Die vorige Modjadji het alle mans verplig om hul skoene uit te trek wanneer die koninklike kraal betree word. Haar raadgever, deur wie almal met haar moet praat, moes plat op sy maag lê wanneer hy Modjadji aanspreek.

Vandag se Modjadji blyk minder tradisioneel te wees. Die professore, twee ander joernaliste en antropoloë met wie ek by haar besoek afgelê het, kon maar hul skoene aanhou. Modjadji het selfs toestemming gegee dat sy afgeneem kan word. Haar tolk het ook, soos sy, plat op die grond gesit en met haar gepraat.

Kgoshigadi, of Modjadji die koningin, word bygestaan deur die *moeta pele*, wat vandag bekend staan as die *adjunk-kgosbi* wat verantwoordelik is vir haar. Sy regeer ook met die bystand van 'n private raadgever (*lekgotla la bakbololo*) en stam-raadgewers (*lekgotla la makotba*) bestaande uit die hoofde en lede van die rade van die verskillende wyke. Die Modjadji Stamowerheid is in 1957 saamgestel en staan bekend as die Modjadji plaaslike regering. Al dié lede word deur Modjadji self aangestel en sy het die laaste seggenskap oor elke besluit wat gemaak word.

As hoof van die dige bevolkte gebied in Afrika en danksy haar reënmaak-kragte het sy vandag die enigste permanente plek in die Lebowa Grondwetgewende Vergadering. Dié posisie sal haar en haar opvolgers seker nie maklik ontnem word nie.

5

VRYDAG

TV1
 5.15 Larry King
 6.00 GMSA
 8.25 Health Week
 8.45 Wimbledon Highlights
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Programrooster
 2.03 Wimbledon: Men's Semi-finals
 5.45 News
 6.00 Mintek Quiz (1)
 6.35 Gillette Sport
 7.05 MacGyver
 8.00 Die Nuus
 8.35 Orkney Snork Nie
 9.10 Orca
 10.40 Wimbledon Hoogtepunte
 11.50 Oordenking

TV334
 1.00 Diaduma Ka Nknaks (TV3)
 526 - Magazine Programme (TV2)
 Kontanga (TV2)
 Ke Bophelo (TV3)
 Ke Eng (TV3)
 3.15 My First Time
 3.45 School Talk
 4.30 Edutaining the English Way
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Doors
 Ba Ha Hlalelel
 6.30 Shell Road to Fame
 7.00 News
 8.11 Festival Mondial Circus
 8.30 Topsport
 8.55 News Update
 9.04 Married People
 9.30 Desperado
 11.09 Muzik a la Carte
 11.39 Nutcracker: Money, Madness and Murder
 00.39 Transmission ends

M-NET
 INTEKENARE:
 10.30 How I Got Into College
 12.00 Videofashion
 12.30 Simply Marvellous
 1.00 Flower Angel
 2.40 Postman Pat
 3.00 The Smurfs
 3.30 The Chipmunks Mouse Club
 4.30 Eko-Boffins
 OOPTYD
 5.00 Amen
 5.30 Loving
 5.55 Hyperama Price-Busters
 6.00 Empty Nest
 6.30 The Simpsons
 INTEKENARE:
 7.00 Supersport: Wimbledon Tennis
 8.58 Hyperama Pricefinders
 9.00 Colors
 11.00 Supersport: Krieket
 11.30 Spacehunter
 01.00 Die Hard
 03.10 Kiss of the Spiderwoman

6

SATERDAG

TV1
 05.57 Oggendboodskap
 06.00 Hospital Satellite Network
 06.30 Agriforum
 07.00 GMSA
 09.00 Chinese Kitchen
 09.30 Beyond the Chalkboard
 09.44 Onderste Bodem
 09.50 Featherfoot Farm
 10.00 Walt Disney
 10.30 Getroud, 'n Plesierige Gewoonte
 10.50 Allied Money Talk
 10.55 Rugby Coaching
 11.00 Gerhardus en Petronella
 11.05 Snuffels Smit en Bennie Grootoog
 11.10 Kode IFB17
 12.00 Topsport
 6.00 Die Nuus
 6.15 Kompas
 6.20 Debuut
 7.05 E.N.G.
 8.00 News
 8.35 LA Law
 9.30 Feature Film: Straight Time
 11.20 The Cyril Green Show
 00.05 Epilogue

TV334
 09.00 University of the Air
 09.55 Once Upon a Time
 10.05 Cedric the Crow
 10.15 Featherfoot Farm
 10.25 Today's Women
 10.35 On the Move
 10.45 Edutaining the English Way
 11.30 The Village of Round and Square Houses
 11.40 English and Dutch
 11.54 Gambling with Our Lives
 12.14 Deciduous Forests
 12.35 Alcohol and Drugs - A Way Out
 12.55 Agriforum
 1.25 Road to Health
 1.35 Cross Over
 2.00 Topsport
 6.00 Different Strokes
 6.30 Evening Prayer
 6.33 Ngomgqibelo/Ka Mokibelo
 7.00 News
 7.30 Ngomgqibelo/Ka Mokibelo
 8.00 Feature Film: Shaft
 9.30 In The Heat of the Night
 10.30 Video Juke Box
 11.30 Topsport
 01.00 Transmission ends

M-NET
 INTEKENARE:
 7.00 Hallo Spencer
 7.30 The Smurfs
 7.55 The Charlie Brown and Snoopy Show
 8.20 Little Rosey
 8.45 Alf Animated
 9.15 Star War Droids
 9.40 The Ewok Adventure
 10.05 Garfield and Friends
 10.30 Mac and Mutley
 11.00 The Kennedys of Massachusetts 1
 12.30 The Kennedys of Massachusetts 2
 2.00 Supersport: Per-dewedre
 3.00 Supersport OOPTYD
 5.00 Road to Avonlea
 INTEKENARE
 8.00 Prime Time Pets
 8.30 The Eyes of Laura Mars
 8.15 Supersport: Krieket
 8.30 Tour de France
 9.00 Fright Night
 00.45 Jack's Back
 02.25 See No Evil, Hear No Evil
 04.15 Tour of Duty

7

SONDAG

TV1
 12.30 Music and the Spoken Word
 1.00 Remi
 1.25 Zet!
 1.35 Story Break
 2.00 The Magical World of Disney
 2.50 Wimbledon: Men's Final
 7.00 50/50
 8.00 Die Nuus
 8.35 Agenda
 9.00 Sigeunerliefde
 10.30 Topsport: Franse Grand Prix
 00.30 Lig vir die Wêreld

TV334
 10.00 Impressions
 12.00 Magnificat
 1.00 Topsport
 6.00 Unqambothi (TV2)
 Silent Hunter (TV3)
 6.30 Unqambothi (TV2)
 Children of Africa (TV3)
 7.00 News
 7.30 Perspective (TV2)
 Mahlasedi A Tumelo (TV3)
 8.00
 Masikane/Masimulise
 8.30 Perspective
 9.00 Programme Line-up
 9.04 The Godfather Saga
 10.00 Highway to Heaven
 11.00 Anastasia
 00.47 Transmission ends

M-NET
 INTEKENARE:
 07.00 East-Net open
 07.01 Guru
 09.00 Uttar Ramayan
 09.30 Essence
 10.00 Take Five
 10.29 East-Net sluit
 10.30 Canal
 Portuguese open
 1.20 Canal
 Portuguese sluit
 1.30 Witness to Survival
 2.00 Amate: The Great Fig Tree
 3.00 Program word aangekondig
 OOPTYD
 5.00 Baywatch
 6.00 China Beach
 INTEKENARE:
 7.00 Carte Blanche
 8.00 Best of Europe
 8.30 Ghostbusters
 10.20 Supersport: Tour de France
 11.20 The Deer-hunter
 02.20 Stasie sluit

8

MAANDAG

TV1
 05.15 Larry King
 06.00 GMSA
 08.25 Showbiz
 08.45 Junior Sport
 12.57 Programrooster
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Telerama
 3.00 On the Move
 3.10 Beyond the Chalkboard
 3.20 Tellytrip Time
 3.30 The Blunders
 3.40 Pumpkin Patch
 3.55 Bible Story
 4.00 Robotech
 4.30 Webster
 5.00 Antenna
 5.45 News
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rustelose Jare
 7.00 Telly Fun Quiz
 7.30 Who's the Boss?
 8.00 Die Nuus
 8.35 Mediforum
 9.00 Topsport
 10.00 Agenda
 11.00 Goya (1)
 11.55 Oordenking

TV334
 1.00 Toyota Top 20 Perspective (TV2)
 Shell Road to Fame Perspective (TV3)
 3.15 Ezoxosh' Idada Colours
 Barbapapa
 3.45 School Talk
 4.30 Walt Disney
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Adventure of the Little Prince
 6.30 Police File
 7.00 News
 7.30 Ziyaduma Nge Nknaks (TV2)
 In-Depth Programme (TV3)
 8.00 I Yawa Ngu-Dan - Local Drama (TV2)
 After 8 - Magazine Programme (TV3)
 8.30 Jazz Jazz
 8.55 News Update
 9.00 Programme Line-up
 9.04 Family Ties
 9.38 Twin Peaks
 10.32 Wolf (1)
 11.24 Big World Café
 11.48 Transmission ends

M-NET
 INTEKENARE:
 10.30 Sweet Dreams
 12.20 Earthfile
 12.30 Simply Marvellous
 1.00 Beauty and the Beast
 2.40 Postman Pat
 3.00 The Smurfs
 3.30 Teenage Mutant Hero Turtles
 4.00 The New Mickey Mouse Club
 4.30 Ducktales OOPTYD
 5.00 Sydney
 5.30 Loving
 6.00 Full House
 6.30 Working It Out
 INTEKENARE:
 7.00 Police Academy 4
 8.30 Box Office America
 9.00 The Long Riders
 10.40 Supersport: Krieket
 11.10 Supersport: Tour de France
 11.40 Neighbours
 01.15 Stasie sluit

9

DINSDAG

TV1
 5.15 Larry King
 6.00 GMSA
 8.25 Science and Technology
 8.45 Junior Sport: Cravenweek
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Programrooster
 2.03 Telerama
 3.00 Ekonomie in Beeld
 3.10 Kindervideoybel
 3.15 Hello Blikbrein
 3.30 Tip en Tap
 3.35 Amigo en Viende
 3.45 Wiellie Walie
 4.00 Dis Waar
 4.05 Teater Teater
 4.15 Wetenskap in Werking
 4.30 Polisie Petaljes
 5.00 Tekkies
 5.42 Kompas
 5.45 Die Nuus
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rustelose Jare
 7.00 Alf (Slot)
 7.25 Agter Elke Man
 8.00 News
 8.35 Dallas
 9.30 The Judge
 10.00 American Chronicles
 10.30 News
 10.35 Diagonal Street
 11.00 University of the Air
 11.55 Epilogue

TV334
 1.00 Ziyaduma Nge Nknaks (TV2)
 After 8 (TV3)
 Ngomgqibelo/Ka Mokibelo (TV2)
 Tumisang/Dumisani (TV3)
 3.15 Barbapapa
 3.45 School Talk
 4.25 Lehae La Bana
 4.35 Cross Over
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Defenders of Earth
 6.30 Inxaki ka Sam (TV2)
 Ke Bophelo (TV3)
 7.00 News
 7.30 In-Depth (TV2)
 Diaduma ka Nknaks (TV3)
 8.00 Siyatyelala/Siyazungeza (TV2)
 Thakantsuke (TV3)
 8.30 Mmino Wa Setso (TV3)
 8.55 News Update
 9.00 Programme Line-up
 9.04 It's a Living
 9.31 Stardust
 11.20 Entertainment International
 00.15 Transmission ends

M-NET
 INTEKENARE:
 10.30 Fright Night
 12.15 60 Minutes: New Plantations
 12.30 Simply Marvellous
 1.00 The Island of Nevaawuz
 1.50 Our Own Kind
 2.40 Postman Pat
 3.00 The Smurfs
 3.30 Teenage Mutant Hero Turtles
 4.00 The New Mickey Mouse Club
 4.30 Ducktales OOPTYD
 5.00 America's Funniest People
 5.30 Loving
 6.00 The Hogan Family
 6.30 Carol and Company
 INTEKENARE:
 7.00 Liberty (1)
 9.00 Supersport: Krieket
 Tour de France
 10.00 Rugby: Barbarians
 11.00 See No Evil, Hear No Evil
 00.45 Stasie sluit

10

WOENSDAG

TV1
 5.15 Larry King
 6.00 GMSA
 8.25 Style
 8.45 Junior Sport: Beach Bonanza
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Programrooster
 2.03 Telerama
 3.00 Historically Speaking
 3.30 Adventures of Teddy Ruxpin
 3.55 Bible Story
 4.00 Carol Burnett and Friends
 4.30 Growing Pains
 5.00 Innovations
 5.15 Zapmag
 5.45 News
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rustelose Jare
 7.00 Trucking
 8.00 Die Nuus
 8.35 Legkaartbonanza
 9.05 Baasspeurder Faber
 10.05 Dossier
 10.20 Die Nuus
 10.25 Drome Met Vierke
 11.10 Oordenking

TV334
 1.00 Video Juke Box Siyatyelala/Siyazungeza (TV2)
 Mmino Wa Setso (TV3)
 3.15 Adventures of Hacchi
 3.45 School Talk
 4.30 Rugby Coaching
 4.35 Allied Money Talk
 4.40 Communication Skills
 4.50 Tellytrip
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 The Wonderful Wizard of Oz
 6.30 Kontanga (TV2)
 Di-Ya-Kae (TV3)
 7.00 News
 7.30 Abangani (TV2)
 In-Depth Programme (TV3)
 8.00 Mhla Laduma (TV2)
 Ntome Tsebe (TV3)
 8.30 Ezodumo (TV2)
 8.55 News Update
 9.04 Hostile Witness
 9.56 Night Court
 10.24 Harmony Gold Presents
 11.18 Die Rebeiro's van Sao Paulo
 00.15 Transmission ends

M-NET
 INTEKENARE:
 10.30 Spacehunter
 12.00 Videofashion
 12.30 Simply Marvellous
 1.00 All That Glitters
 1.50 The Dog Days of Arthur Kane
 2.35 Beetle Bailey
 3.00 The Smurfs
 3.30 Teenage Mutant Hero Turtles
 4.00 The New Mickey Mouse Club
 4.30 Ducktales OOPTYD:
 5.00 Three's Company
 5.30 Loving
 6.00 Perfect Strangers
 6.30 Wings
 INTEKENARE:
 7.00 Liberty (2)
 9.00 High Road to China
 11.00 Supersport: Tour de France
 11.30 Say Anything
 01.10 Stasie sluit

11

DONDERDAG

TV1
 5.15 Larry King
 6.00 GMSA
 8.25 Future Watch
 8.45 Junior Sport: Beach Bonanza
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Programrooster
 2.03 Telerama
 3.00 Eduspektrum
 3.30 Walter die Wasbeer
 4.00 Dis Waar
 4.05 Swartwoudkliniek
 4.50 Antenne
 5.42 Kompas
 5.45 Die Nuus
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rustelose Jare
 7.05 Meeester
 8.00 News
 8.35 Evening Shade
 9.00 thirtysomething
 10.00 Agenda
 11.00 No Jacket Required
 11.30 The Infinite Voyage
 00.30 Epilogue

TV334
 1.00 Ezodumo (TV2)
 Ntome Tsebe (TV3)
 Abangani (TV2)
 Jazz Jazz Jazz (TV3)
 3.15 Anpan Breadman
 3.45 School Talk
 4.25 Let's Be Creative
 4.40 Ikhyala Labantwana
 4.50 Road to Health
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Toyota Top 20
 7.00 News
 7.30 In-Depth Programme (TV2)
 Ke Eng (TV3)
 8.00 526 (TV2)
 Dibe (TV3)
 8.30 Tumisang/Dumisani
 8.55 News Update
 9.00 Programme Line-up
 9.04 Hold the Dream
 10.00 Misdraad in Miami
 10.53 Movie Focus
 11.28 The Tracey Ullman Show
 11.55 Austin Encore
 00.17 Transmission ends

M-NET
 INTEKENARE:
 10.30 Glitz
 12.10 60 Minutes: The Numbers Game
 12.30 Simply Marvellous
 1.00 The Gift
 2.40 Postman Pat
 3.00 The Smurfs
 3.30 The Chipmunks
 4.00 The New Mickey Mouse Club
 4.30 Doghouse OOPTYD:
 5.00 Blossom
 5.30 Loving
 6.00 The World of National Panasonic
 INTEKENARE:
 7.00 Charles and Di: The First Decade
 8.00 African Wave
 8.30 Bon Voyage
 9.00 For Your Eyes Only
 11.05 Supersport: Tour de France
 11.35 Jack's Back

ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

Nóú kan ons mos praat van mededinging

HOEVEEL mense het Dinsdagaand werklik besef watter geskiedenis op ons TV gemaak is? Sedert TV by ons 'n goeie sestien jaar gelede begin het, was dit die heel eerste keer dat ons 'n onafhanklike nuusprogram, een wat nie deur die SAUK vervaardig is nie, kon sien en boonop met só 'n opspraakwekkende onderwerp as die regstreekse dekking van die ANC se eerste nasionale konferensie in Suid-Afrika in dertig jaar.

Mense spot deesdae dat enigiets in die Nuwe Suid-Afrika moontlik is. Ons is ook al gewoon aan die idee van 'n onafhanklike betaalkanaal wat kort-kort 'n onverwagse haas uit die hoed trek. Maar die eerste uitsending van M-Net se *Camera 7* was beslis wat die geskiedenis van Suid-Afrikaanse TV betref een van die belangrikste mylpale.

Camera 7 se eweknie is onmiskenbaar die SAUK se tweetalige *Agenda*. Albei is programme wat groter insae wil gee in die belangrikste nuusgebeure van die oomblik. Maar daar eindig die ooreenkomstige. *Camera 7* het dit ook met die intrap duidelik gemaak dat dit 'n onafhanklike nuusprogram is, sonder propaganda en sonder sensuur. Wat die formaat betref, die aanbieding en tegniese versorging, was dié debuut-uitsending met een of twee uitsonderings presies in die kol - in teenstelling met die SAUK se lomp *Agenda*, wat eers ná verskeie aanbiedersver-skuiwings en 'n gevoel-voel tussen verskillende aanbiedingstye en onderwerpe min of meer 'n kykbare formaat gevind het.

Sekerlik 'n groot bonus vir die eerste uitsending van *Camera 7* was die onderwerp, wat opsigself 'n geskiedkundige gebeurtenis was. 'n Mens kon nie help om die verskille in die keuse van onderwerp en styl raak te sien tussen dié debuut en die eerste uitsending van *Agenda* nie. In die laasgenoemde is elke moontlike belangrike politieke figuur op 'n verhoog ingedruk en aan vroeë onderwerp. Die idee was goed. Maar dit was 'n geval van te veel mense, wat te veel wyd-uiteenlopende en oppervlakkige vrae tot gevolg gehad het. Ook was daar te veel blink liggies en te veel trompetgeskalm - 'n ou fout van die SAUK. Dinsdag se M-Net-program, daarenteen, het 'n baie on-glamorous Paul Tilsley (weliswaar met 'n netjiese bollatjie agter sy kop!) as anker-aanbieder gehad, wat die program begin het deur te sê wat dit is, wat dit beoog, en hoekom die besondere onderwerp gekies is. Daarna is onmiddellik begin met die program self. Tilsley is ook die regisseur en uitvoerende vervaardiger van *Camera 7*. Hy is oorspronklik van ABC in Engeland na Suid-Afrika gebring om as hoof op te tree van M-Net se nuwe nuus-afdeling. Noudat M-Net egter sy gereelde nuusuitsendings vir eers

HOOGTEPUNTE

VANDAG:

* Heruitsending van die uitstekende mini-reeks "Nutcracker: Money, Madness and Murder", 'n ware verhaal met Lee Remick as Frances Schreuder, wat haar seun omgepraat het om sy oupa vir geld te vermoor. Om 11.39nm op TV4.
* "Amen" en "The Simpsons" om 5nm en 6.30nm in oop tyd op M-Net.

MÔRE:

* Wimbledon-tennis van 12nm op TV1.
* Heruitsending van "The Kennedys of Massachusetts" om 11vm op M-Net.

SONDAG:

* Die begin van "Highway to Heaven" om 10nm op TV4, ironies ses dae ná Michael Landon se dood.
* Wimbledon-tennis van 2.50nm op TV1.

MAANDAG:

* "Goya" om 11nm op TV1.
* "Sweet Dreams" om 10.30vm, en die Western "The Long Riders" om 9nm op M-Net.
* "Wolf" om 10.32nm op TV4

DINSDAG:

* "America's Funniest People" om 5nm in oop tyd, en "Liberty" om 9nm op M-Net.
* "American Chronicles" om 10nm op TV1.

WOENSDAG:

* Frederic Hunter se "The Golden Honeymoon" om 10.24nm op TV4.

DONDERDAG:

* "Hold the Dream", die opvolger van "A Woman of Substance" om 9.04nm op TV4.
* "The Infinite Voyage" om 11.30nm op TV1.

uitgestel het, gaan Tilsley op 'n gereelde grondslag nuusprogramme soos *Camera 7* vir M-Net vervaardig.

Oor die onderwerp van Dinsdag se *Camera 7*, die ANC-konferensie in Natal wat waarskynlik die nuwe leierskap van die ANC sal bepaal, sou sommige kykers seker gevra het hoekom juis 'n uur lange program hieroor. Die antwoord wat *Camera 7* gegee het, is die ANC gaan in die toekoms van Suid-Afrika 'n deurslaggewende rol speel en is moontlik selfs ons volgende regering.

Die program het van die begin van die standpunt uitgegaan dat die ANC sedert sy ontbaning sowat agttien maande gelede vir baie Suid-Afrikaners steeds 'n geslote boek is. Oor hul doelwitte, politiek en leiers hang 'n vraagteken. Daarom is afgeskop met 'n oorsig oor die geskiedenis van die organisasie, met argiefmateriaal oor onder meer die Sharpeville-opstande en dié van 1976 wat waarskynlik vir die eerste keer op openbare televisie vertoon is. Daarna het onderhoude met die belangrikste figure in die ANC gevolg,

waarvan die bestes dié was wat Sarah Crowe met Nelson Mandela verlede Saterdag in Soweto gevoer het en Tim du Plessis se bekendstelling van die vyf sleutelfigure in die huidige leierskapstryd binne die ANC.

Ietwat van 'n teleurstelling was die regstreekse debat wat gevoer is tussen drie joernaliste en drie ANC-lede, Thabo Mbeki, Chris Hani en Harry Gwala. Hoewel interessante vrae oor beleidstandpunte van die ANC gevra is, kon die vrae skerper gewees het en het iemand soos Gwala, die Natalse voorsitter van die ANC, weggekrom met uitvoerige verduidelikings oor Stalinisme wat uiteindelik nie die vraag beantwoord het wat aan hom gestel is nie.

Camera 7 was ook nie sonder flaters nie. Die twee opvallendstes was sekerlik Tilsley se opmerkings dat Hani daarop aangedring het hy is 'n "hawk" (Hani se gesig was iets om te sien!) en dat Gwala kapitalisme verdedig het. Maar dit kan 'n mens verskoon. Dit het aan die einde van die program tydens die opsomming gebeur en vir 'n man soos Tilsley,

met soveel verantwoordelikhede op sy skouers, kon sy debut op Suid-Afrikaanse televisie met heelwat groter knikke gepaard gegaan het.

Die laaste vraag omtrent *Camera 7* is nou: sal die program dié hoë standaard kan volhou? Die ANC se nasionale konferensie was 'n besondere historiese geleentheid. Wat sal hulle volgende onderwerp wees?


VRAE RONDOM CARTI BLANCHE SE WEBSTER-PROGRAM

Carte Blanche se program oor die moord op dr David Webster begin al hoe meer omstrede word. Ná die uitsending daarvan verlede Sondag op M-Net het dit bekend geword die programmakers is in die moeilikheid en almal wat by die program betrokke was, is aangesê om geen kommentaar te lewer nie. Maar ná berigte wat dié week in koerante verskyn het, is die program se geloofwaardigheid nou ook in die gedrang.

In 'n Engelstalige middagkoerant Dinsdag het mnr Joe Verster, voormalige besturende direkteur van die BSB en neef van mnr Dave Verster, die man wie se teorie oor die Webster-moord aanleiding gegee het tot die *Carte Blanche*-program, kategories ontken dat Dave ooit lid was van die BSB, en na sy "onthullings" oor sy werksaamhede binne die BSB verwys as "kinderagtige nonsens". Dit plaas beslis 'n vraagteken oor die geloofwaardigheid van die Verster/Els-teorie oor die Webster-moord, wat die grondslag was van die *Carte Blanche*-program. Hopelik maak *Carte Blanche* 'n opvolg?

TV4 EN M-NET NEM DIE VOORTOU MET VER-MAAK

TV1 is deesdae nie meer 'n faktor as dit kom by nuwe sappige vervaakreeks nie. TV4 en M-Net neem hier die voortou. Hoogtepunte die naweek en aanstaande week op M-Net is die begin van die aweregse animasiegesinsreeks *The Simpsons* vanaand om 6.30nm in oop tyd, waar harmonie en goeie maniere beslis geen prioriteit is nie, en die mini-reeks *Liberty* Dinsdagaand om 7nm. *Liberty* is die verhaal van die geskiedenis van die beroemde *Liberty*-standbeeld in die New Yorkse hawe: die ontstaan van die idee by 'n vurige Franse beeldhouer (gespeel deur Frank Lagella) en die verwesenliking daarvan met die hulp van 'n Franse emigrant in New York. Ander bekendes in die reeks is Dana Delaney van *China Beach*, George Kennedy, LeVar Burton van *Roots* en Claire Bloom. Die reeks is in 1986 vervaardig deur die regisseur Richard Sarafian.



"HOMER IS SLONSERIG... MARGE PLOETER VOORT...

BART DINK HY'S DIE KAT SE SNOR...

LISA SPEEL SAXOFOON... MAGGIE SUIG NET..."

Hulle is deurmekaar maar bymekaar.


Hierdie skreeusnaakse moppie is die Simpsons.

En jy kan hulle ontmoet in die nuwe twee-uur M-Net Oop Kyktyd.

Vrydae 6:30



ONS BLY JOU BETOWER



YOUNG & RUBICAM 111702/02

Vrye Weekblad, 5 - 11 JULIE 1991

Die mense met die reënboogklere

Die Rastafarians met hul dreadlocks en rooi, geel en groen reënboë is oral in Suid-Afrika te sien. Is dit maar net 'n straatmode - of is die Rasta's ernstig betrokke by hul lewensbeskouing? **IRENE LOUW** het gaan kyk wie en wat is die *Rasta's*

RASTAFARIANS het die laaste jare 'n algemene verskynsel geword in Suid-Afrika. Rastafari is egter vir baie mense nog 'n onbekende beweging. Wie is die Rasta's en waar kom hulle vandaan?

Rastafari is primêr 'n swart beweging. Dit verkondig tradisioneel dat witmense boos is, dat Etiopië die hemel is en dat Haile Selassie, die afgestorwe keiser van Etiopië, 'n god en 'n profeet is wat die terugkeer van alle afstammelingen van Afrika na dié land sal bewerkstellig.

Rastafari se wortels lê in die dae van slawery toe talle Afrikane uit Afrika geneem is om as slawe in die Weste verkoop te word.

Volgens oorlewing het Marcus Garvey die idee van "Afrika vir Afrikane" by Rastafarians besiel. Garvey is in Jamaika gebore en het in sy jeug ver gereis op soek na 'n "identiteit". Garvey het 'n beroep gedoen op alle swartmense om terug te keer na Afrika.

In 1920 en 1921 het Garvey se siening by duisende swart Amerikaners en inwoners van die Karibiese Eilande posgevat en die idee van "Look to Africa for a Black King" het talle aangegryp. Dit het beteken dat Rastafarians sou terugkeer na die land van hul voorouers, na hul "roots". Garvey en sy volgelinge het 'n skeepsredery, die Black Star Line, gestig met die doel om duisende swartmense na Afrika te bring en in Etiopië te vestig. Van Garvey se volgelinge het egter bedrog gepleeg met die verkoop van aandele en die plan het deur die mat geval. In 1927 is Garvey deur die Amerikaanse owerheid na Jamaika gedeporteer.

Op 53 jaar het hy ná 'n siekte-aanval gesterf sonder dat sy droom verwesenlik is - deels omdat die Amerikaanse regering dit vir hom nie baie maklik gemaak het nie.

Hoewel sy droom nie 'n werklikheid geword het nie, het hy wel daarin geslaag om 'n swart bewussyn in Amerika, Engeland en die Karibiese Eilande te laat posvat. Swartmense het trots begin voel op hul Afrika-herkoms - vandaar die "Africa for Africans"-ingesteldheid.

Sommige meen dat Garvey se ideologie later na Suid-Afrika ingevoer is deur die African Methodist Episcopal Church (AME), wat in 1892 deur Moses Mokane gestig is. Van die sleutelfigure in dié kerk het in 1914 die destydse African National Native Congress gestig, wat in 1925 as die African National Congress bekend geword het.

Die kroning van Haile Selassie, ook bekend as Ras Tafari, in 1930 was later 'n simboliese "bevryding" vir die Rastafari beweging.

Rastafari word ook beskou as 'n ou en fundamentalistiese vorm van die Joodse teokrasie wat elke Jood 'n Israeliet en

afstammeling van die Bybelse "verlore volke van Israel" maak. Die beweging is volgens navorsers dus geen politieke nuwigheid of 'n kulturele of ideologiese organisasie nie.

Vergelykings kan getref word tussen die Bybelse Jode wat na Kanaän getrek het en die vrygelate slawe wat na hul eie "beloofde land" - Afrika - wou terugkeer ná die afskaffing van slawery in Amerika in 1876. Die Falasjas (swart Jode) van Etiopië wat onlangs met 'n lugbrug na Israel gebring is, het ook vir hul Messias gewag om hulle na hul beloofde land, Afrika, te lei. Volgens Rasta-legende het Arnold Josiah Ford, 'n eertydse slaaf, in 1870 die eerste swart pioniers uit Amerika na Etiopië gelei nadat hy talle stories oor die Falasjas by Amerikaanse slawe gehoor het.

In Suid-Afrika het Rastafari veral in die sewentigerjare meer prominent begin raak. Bob Marley en die Wailers was daarvoor verantwoordelik met treffers soos *No Woman No Cry*. Jong swart Suid-Afrikane kon hulle met Marley se lirieke vereenselwig en het ook hul politieke bewussyn op dié manier verskerp. Reggae en Rastafarianisme was 'n manier waarop hulle hulle kon uitdruk, veral in dié tydperk. In die 1976-opstand was die eerste mens wat in Uitenhage gesterf het 'n Rasta.

Maar hoe na aan sy wortels is Rastafari nog vandag? Het die beweging net nog 'n straatmode geword? Is daar nog 'n sterk geloof in Jah? Oorsee het die reggae, wat eens gebruik is om uiting te gee aan swartmense se griewe, betekenis verloor. Die reggae-sangers sing baie selde oor die kwessies waarom die beweging eers gedraai het. Die lirieke gaan selde meer oor die slagspreuke van liefde, vrede en bevryding - nie paar jaar gelede - en nog minder word gesing oor die terugkeer van Afrikane na die spirituele tuisland van Etiopië.

Rastafari het so 'n wêreldverskynsel geword dat mens nie meer kan onderskei wie Rastas is en wie nie. Dit het mode geword om dreadlocks te dra. Dié haarstyl is 'n integreerende deel van die ware Rasta se geloof - 'n simbool van swartwees, trots en eer. Die lengte van jou dreadlocks wys hoe lank jy al aan die beweging toegewyd is.

Dreadlocks het ook 'n nadelige uitwerking - nie baie werkgewens wil graag iemand met dreadlocks in diens neem nie. Dit word algemeen met 'n daggarokery vereenselwig. Die samelewing het die oorspronklike betekenis van dreadlocks dus verdraai. Vandag is dit bloot mode. Sommige mense dra selfs vals dreadlocks of "funky dreads". Die mode het tot in Japan uitgekring, waar jeugdige dreadlocks soos Bob Marley s'n kweek. Selfs die tennisster Yannick Noah en die Nederlandse sokkerster Ruud Gullit dra dreads, maar het met Rastafari min in gemeen.



Wyle keiser Haile Selassie van Etiopië word deur die Rasta's as 'n god en 'n profeet beskou.



Jose Carlos ... "Dit kom van binne." (Foto: Irene Louw)

'Dreadlocks maak nie 'n Rasta nie'

IS Rastafari - die lewensbeskouing van die Rasta's - nog 'n ernstige oortuiging? Of dra die mense in rooi, geel en groen vandag maar net dreadlocks omdat dit mode is?

Jose Carlos van Berea is 'n Rasta wat dié beweging in 1978 ontdek het. "Rastafari is 'n filosofie - en nie baie mense verstaan waarvoor dit regtig gaan nie," sê hy.

"Die wortels en betekenis van Rastafari hier in Suid-Afrika is nie goed gevestig nie, maar die filosofie sal nie ten gronde gaan nie. Ek dink die probleem is dat daar geen plek beskikbaar is waar Rastas kan bymekaarkom om die filosofie en kultuur van dié beweging te beoefen nie. Daar is 'n groot behoefte om fisiek saam te wees - want spiritueel is ons alreeds saam."

Carlos meen mense verstaan die hele betekenis van Rastafari verkeerd. "Dreadlocks maak nie 'n Rasta nie - nog minder die lengte van jou dreadlocks. My dreadlocks was al langer as skouerlengte en dit is vier keer deur die polisie afgesny. Dreadlocks simboliseer vir my vryheid. Ek moes hulle sny omdat die regering dit so wou hê - en dit is asof mens gekruisig word wanneer jou dreads gesny word."

"Maar om 'n Rasta te wees kom van binne-in 'n mens. As jy voel dat Jah [God] binne jou leef, is dit genoeg, jy hoef dit nie oral op jou mou te dra nie."

Die ganja (dagga) wat Rastas tradisioneel rook, is volgens Carlos 'n plant wat deur Jah gemaak is. Daarom meen hy die samelewing se afkeurende houding teenoor dié plant is onnodig. Hy regverdig die gebruik van dagga só: "Jah sou dit nie gemaak het nie as hy nie wou gehad het ons moet dit rook nie."

Die denkbild dat Rastafari 'n swart beweging is, is nie waar nie, sê hy. "Dit is te groot om net 'n swart beweging te wees. Mens kan nie Afrika van die res van die wêreld afskei nie. Jah het die hele wêreld gemaak, die hele wêreld is Afrika - Rastafari is universeel. Deur te sê dat dit 'n swart beweging is, beperk jy onmiddellik die potensiaal wat rastafari het en maak jy die beweging klein."

Hy glo dat Rastafari 'n oer-oue geloof is wat terugstrek na die dae van die prehistoriese mense. Hy meen lank voordat Babilon (die moderne wêreld) ontstaan het, toe mense nog in grotte gewoon het, was hulle al Rastas.

Carlos is baie positief oor die toekoms van Rastafari. Dit was nog altyd daar en dit sal vir altyd bestaan. Hy verwys na die nuwe oplewing van reggae-musiek in Suid-Afrika en meen dis 'n teken van die terugkeer van Rastafari.

"Elkeen van ons is 'n Rasta - ons moet dit nog net ontdek."

Vleis en alkohol is taboe in Rastafari. Die Rasta Siphon Mthiyane van Johannesburg meen egter dis nie maklik vir Suid-Afrikaanse Rastas om hulle hierby te hou nie. "Die Afrikaanse tradisie van offerandes aan ons voorouers deur die slagting van 'n skaap of bees maak dit moeilik - en die drink van tradisionele bier (*mqomboti*) gaan daarmee saam."

"Sommige Rastas kyk diep in die bottel omdat hulle nie die frustrasies van Babilon kan verduur nie."

Hy stem nie saam dat Rastafarians anti-wit is nie. "Ons wil net terughê wat regmatig ons s'n is."

Hier kan 'n boekwurm ure lank kuier

Deesdae kan min mense dit bekostig om 'n blinknuwe boek by die meer eksklusiewe boekwinkels te koop. Tweedehandse boeke kraak nou wel nie meer as jy hulle oopmaak nie en het al 'n lewe van hul eie gelei - maar aan die lees verander dit nie. **LAETITIA POPLÉ** het in 'n paar tweedehandse boekwinkels in Johannesburg gaan kyk wat hulle aan te bied het.



Wolf Weinek, die eienaar van Out of Print, in sy boekwinkel wat veral in "alternatiewe" leesstof spesialiseer. (Foto: Rodger Bosch)

YEOVILLE BOOKS

Rockeystraat 28
Yeoville
Tel: 648-2002
Maandag tot Vrydag: 9.30 tot 6nm
Saterdag: 9 tot 3nm en Sondag: 10 tot 1nm.

Dit is by verre die beste tweedehandse boekwinkel in Johannesburg én mens kan 'n Sondagmôre ongejaag deurbring want hulle maak eers middagete toe.

Doron Locketz, die eienaar, koop sy boeke hoofsaaklik op veilinge en van mense wat hul boeke kom verkansel. As jy 'n boek soek wat pas verskyn het, wees 'n week of wat geduldig en jy kan dit hier vir 'n derde van die prys koop.

Die boekwinkel is verdeel in afdelings, waarvan die moderne letterkunde, die esoteriese en die Africana baie goed toegerus is. Die boeke oor die feminisme is byna almal nog splinternuut (in Penguin se jongste sagteband) - die ou strydery soos Stevie Smith en Edith Wharton is almal daar vir onder R10.

Jung en Freud staan sterk onder die sielkunde-vaandel. Die populêre sielkunde pronk met baie De Bono's en ook boeke soos *How to keep a man in love with you forever*.

Die filosofie is skraps bedeed, maar daar is boeke vir studente

wat Descartes, Wittgenstein en Kant moet lees. Nietzsche se *Beyond good and evil* kos maar R8.

Onder die biografieë kan jy van Bertrand Russell tot Cliff Richard kry. Die mense wat eerste uitgawes soek, sal hier volop kry - al Philip Roth se werke het ek gesien en 'n paar Dorris Lessings.

Die meeste van die klassieke skrywers is sterk verteenwoordig - Dickens, EM Forster en Conrad (al sy boeke is hier).

Die kinderboeke is net te veel om van te kies. Ander vondse was die versamelde werke van Eudora Welty vir R12,50 en 'n lywige, geïllustreerde *Encyclopedia of Ghosts* vir R20. Verder is daar tydskrifte, waarvan die pryse van 50 sent tot R5 wissel.

As jy 'n bepaalde boek met 'n seer hart soek, skryf dit in die aanvraagboek. In die meeste gevalle kan Doron help - soos die man wat boeke oor hoenders gesoek het en met 'n stewige stapeltjie daar weg is.

Doron het nog 'n winkel, *Book Dealers of Melville*, in Sewendstraat in Melville. Tel: 726 4054.

OUT OF PRINT

Antiquarian Bookseller
Markteater-kompleks
Newtown
Tel: 838-7264
Maandag tot Vrydag: 11 tot 4nm

Saterdag: 9 tot 6nm

Naasbeste, effens duurder, maar steeds 'n gereelde besoek werd. Wolf Weinek, die eienaar, spits hom veral op "alternatiewe" leesstof toe.

Die esoteriese afdeling is veelsydig - van Carlos Castaneda tot 'n handleiding in palmlees. Die Arkana-reeks, wat veral op New Age konsentreer, staan hier sterk.

Die wetenskapfiksie is 'n omvattende versameling, met onder meer Philip Jose Farmer, Hubbard en Doris Lessing (ja) se *Sbikasta*.

Daar is ook 'n goeie versameling werk van moderne en klassieke skrywers, 'n klein kompakte Africana en 'n omvattende oorlogafdeling. Vir diegene wat populêre leesstof soek - dis na buite verban in 'n kartondoos. 'n Paar boeke van Fleming en Le Carré word wel op die rakke binne toegelaat.

Die plateversameling is die grootste van al die winkels waar ek was - van ou blouoog Frankie tot Elton John is hier te vinde.

Die kinderboeke is skraps, maar versamelstukke. My vondse was 'n biografie van die Russiese digter Mandelstam wat deur sy vrou geskryf is vir R7. Die slapband-boeke is meestal onder R20. Daar's baie *National Geographic* teen R3 en soms ou *Life*-tydskrifte.

MARKET ANTIQUARIAN BOOKSHOP

Markteater
Maandag tot Vrydag: 7 tot 10 (slegs aande)
Saterdag: 11 tot 11nm.

Mens gaan browse hier tydens pouse as jy teater toe gekom het. Teater, rolprente en feminisme is die hooftema's

BOOKMARK

Constantia-sentrum
Rosebank
Tel: 880-3543

Die pryse in dié boekwinkel wissel van R2 500 tot R1. Die boeke is almal van goeie gehalte. Die Engelse letterkunde en geskiedenis oorheers veral. Mnr White, die eienaar, het al tot vier jaar lank na 'n boek vir 'n klant gesoek. Hy hou noukeurig boek van al sy klante se versoeke.

DAVE'S

Highpoint-sentrum
Hillbrow
Tel: 725-2849

Die goudgeel geverfde winkel op die onderste vloer in die hoek is Dave s'n. Hier kry jy al wat 'n populêre skrywer is - van Joan

Collins tot Barbara Cartland en natuurlik, Mills and Boon. As jy van slaphandboeke ontslae wil raak, kan jy dit ook hier inruil.

Daar is net een rak waar mens Angela Carter, James Baldwin, Richard Ford e.a. sal vind. Dié rak is deurmekaar, mens moet krap. Hier het ek 'n verflenterde bundel van al wat 'n Griekse toneelstuk is vir R1,50 gekry.

Toe ek daar was, was Freud se versamelde werke en baie van Marx en Engels se werke daar, vir dié wat belang stel.

FRANK THOROLD

3de Verdieping

Meischkes-gebou
Harrisonstraat 42
Tel: 838-5903

As jy op soek is na 'n seldsame eksemplaar of as jy hou van Africana, kan jy gerus hier inloer. Dis nie te duur nie, as jy boeke as beleggings beskou.

Hier is ook kaarte en afdrucke te koop.

Nie een van die winkels het Afrikaanse boeke gehad nie. Daarvoor moet mens dan seker na die eksklusiewe boekwinkels gaan. Die Geelbladsye lys 'n hele paar ander tweedehandse boekwinkels waar ek nog nie was nie.

Op die rak - nuwe en onlangse publikasies

THE STORIES OF EVA LUNA Isabel Allende Hamish Hamilton

"In the final instant we glimpsed absolute solitude, each lost in a blazing chasm, but soon we returned from the far side of that fire to find ourselves embraced amid a riot of pillows beneath white mosquito netting. I brush your hair to look into your eyes..."

"Tell me a story you have never told anyone before. Make it up for me."

En Eva Luna kán vertel. Sy vertel van liefde, hartstog en die dood. Die dor Suid-Amerikaanse landskap blom van die volheid van haar karakters se lewens. Soos die ou man wat veertig jaar wag voordat hy die moed het om sy dansmaat om haar hand te vra, of die dogter wat nie haar pa se moord kan wreek nie, omdat sy verlief is op die moordenaar...

So betower Eva Luna weer haar minnaar en haar lesers met haar stories. Isabel Allende skryf maar 'n skrale tien jaar lank fiksie. Haar eerste boek was *The House of Spirits* (1981) en toe het *Of Love and Shadows* (1983) gevolg. *Eva Luna* (1989) is waarskynlik haar bekendste boek.

- LAETITIA POPLÉ

STAFFRIDER

Cosw
(R5,95 + AVB)

Die nuwe Staffrider is al 'n rukkie op die rak. Dit bevat onder meer etse van Christine Dixie en 'n foto-essay deur Santu Mofokeng oor huurarbeiders in Suidwes-Transvaal. Stephen Gray skryf oor die politiek agter die samestelling van bundels en Steve Hilton Barber stel sy kant van die saak oor die omstrede Staffrider-tentoonstelling van sy inisiasie-foto's in die Mark-kunssaal.

MAFEKING ROAD en UNTO DUST
Herman Charles Bosman
Human & Rousseau
(R24,99 + AVB elk)

Bosman se stories is goed bekend,

bemind én omstrede. Sy verteller, oom Schalk Lourens, is 'n eenvoudige boer wat 'n harde lewe agter die rug het, maar steeds 'n vonkel in die oog behou.

Die wel en wee van die boere in die Goort Marico van toeka se dae word uitgebeeld. Dat Bosman nooit die ras-sekonflik in sy gemeenskap aangespreek het nie bly 'n raaisel. Die swartmense in sy stories is net daar vir die boere se gerief - die Bybelse waterdraers en houtkappers: noodsaaklike ewels wat verskoon moet word, omdat hulle nie van beter weet nie, soos oom Schalk telkens beweert.

In die storie "Graven Image" uit *Unto Dust* kritiseer oom Schalk vir Radipalong omdat hy beekjies maak uit hout - en dus te lui is om die hout eerder op te kap vir die huis se vuur.

Met 'n speelse ironie het Bosman wel pretensies en voorebehoude blootgelê en só die maaiers laat uitkom van die wit gemeenskap. Oor die kwessie waarom hy nie verder gegaan het met sy maatskaplike kommentaar nie, meen William Plomer in die voorwoord tot *Unto Dust* (1962) dat Bosman se persoonlike lewe (vroue, tronkstraf, ens) hom te besig gehou het.

Human en Rousseau gaan agt werke van Bosman opnuut uitgee. Elkeen het min of meer dieselfde baadjie met sketse deur die kunstenaar Dan Swart op die omslag. *Unto Dust* en *Mafeking Road* is die eerstes in die nuwe reeks. - LP

BIETJIE-KIER EN DIE MAN IN DIE KAROO
Marletjie de Jongh
Human & Rousseau
(R19,19)

Bietjie-Kier kom van anderkant die son en raak smoorverlief op die dorre Karoo. Hier wil hy bly. Maar dan kom die mens en later sy familie en versuur sake vir Bietjie-Kier. Hy probeer alles om hulle te verjaag. Die spanning tussen die mens en die natuur word vernuftig verweef in dié kinderverhaal. - LP

Die land gons oor die kunste

Twee artikels oor die beeldende kunste in *Vrye Weekblad* - Braam Kruger se **Crash course in kunsversameling** voorverlede week en Andrea Vinassa se artikel oor die Afrikaners se politieke misbruik van Pierneef verlede week - het groot belangstelling by lesers gewek. Van die kunsliefhebbers se reaksies word op dié blad weergegee. Sommige is dol op Kruger se inkopielys van kunstenaars, ander verskil weer skerp. En Rina de Villiers van die Pretoriase Kunsmuseum breek 'n lansie vir Pierneef, en Wolf Weinek vra hoekom die 'nuwe' Grahamstad-fees Pierneef vereer

A highlight for the fine arts

Robert Brooks of Port Elizabeth writes:

Your June 21-28 edition was a wonderful one for the arts, the second published "highlight" for me this year. The first was Robert Hughes's dismissal of the New York painter David Salle in *Time* of April 29. The article was called

"Exhibit B in a Dud Museum" and it cogitates on inflation and hype and faking it in both Salle's and in American art in general. Hughes did similar deconstruction jobs in earlier *Time* issues on art and money and art and hype, so he knows the process - a word he loves to use.

It seems in Braam Kruger we have a writer of equal incisiveness and insight and unlike Hughes he is a

painter to boot. (A little expensive, I hear, for young collectors.) For an artist Mr Kruger knows a lot about other artists and rare birds as well, like Hilary Graham (Hog's Back 502) and Hylton Nel (Bethulie 05862-112), towards both of whom he's more than gracious. He also does South African art a great service by pricking a few balloons, albeit with great sympathy and empathy. His one-liners are remarkably efficient and almost poetic. All in all a remarkably well-written piece in a style of his own (the New Afrikaans) and the finest I have read for many a year in this country. His hit list is controversial, fulsome and one feels almost lachrymous being left off it. (Like the characters in *Twin Peaks* who cry at the drop of a hat.)

The same edition contains good words from Ricky Burnett and good plans for art in tandem with Mary Slack, who is also looked at. We also see Malcolm Payne and Kentridge (plus cover) and all in one issue (what more can one ask for?).

Kruger is not very fond of academics - so I enjoyed the fact, however, that many of the artists he liked are academics (Siopis, Hodnett, Payne, Younge, et al) and he will have to face up to the fact that most SA art schools are very good and SA art will find very few "takers on" in the rest of the world.

Other kudos for your TV writer Andrea Vinassa, who actually writes about TV (*Twin Peaks*) - unlike David Baskin (*Tribune*), who is sartorially concerned that the ANC do not wear dress suits but normal suits and ties (review, 13 Jan) and so contrive not to look like jack-ass penguins.

Meer as politiek in Pierneef

Rina de Villiers van die Pretoriase Kunsmuseum skryf:

Ek wou nog skryf om te sê dankie vir die lekker lees van *Vrye Weekblad* deesdae en veral vir die provokatiewe en stimulerende "Wat is die lewe sonder kuns?", toe slaan Andrea Vinassa en Wayne Barker my skeef met die, in groot mate, onbillike stuk oor Pierneef. Vir my is die kunshistoriese feite nie heeltemal die mitologisering waarvan gepraat word nie - mens moet die man sien in sy tyd. Stilering en muurskildering was deel daarvan en wat is nou eintlik so politiek daaraan vir die spoorweë om 'n kunstenaar te kry om tonele uit dele van die land as

DIE STEL VAN 'N STANDAARD



JACOB HENDRIK PIERNEEF (1886-1957) was 'n uiters bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar, skilder, tekenaar, grafiese ontwerper en skrywer. Hy het 'n groot invloed gehad op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kunsvorm. Hy was 'n voorloper van die moderne Suid-Afrikaanse kunst. Hy het 'n groot aantal werke geskied, waaronder 'n groot aantal landskapskilderye, portrette, stille lewens, grafiese ontwerpe en tekeninge. Hy het 'n groot invloed gehad op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kunsvorm. Hy was 'n voorloper van die moderne Suid-Afrikaanse kunst. Hy het 'n groot aantal werke geskied, waaronder 'n groot aantal landskapskilderye, portrette, stille lewens, grafiese ontwerpe en tekeninge.

Voorskote aan die handel en nywerheid en aan privaat persone • Tjeks, Deposito- en Spaarrekenings • Verhandelings en Insaameling van Wissels • Oorplasing van Geld • Kredietbriewe • Buitelandse Valutatransaksies • Reisgerisjeks • Aankoop en Verkoop van Sekuriteite • Vasilge-Bewaring van Koopbare • Inligting aangaande Plaaslike en Buitelandse Afsetgebiede • Verlede oor Nywerheidsontwikkeling • Invoer- en Uitvoerintroduksies • Aantrekklike Getekentjeks • Kredietverlede • Introdusiebriewe

Die versandige om te bank voor so baie Suid-Afrikaners Bank ...

DIE STANDARD BANK

VAN SUID-AFRIKA BEPERK
(Gereguleerde Handelbank)

Die Standard Bank se 1960-advertensie waarin Jakob Hendrik Pierneef vereer word

versiering in 'n groot saal aan te bring? In Stockholm is die ondergrondse spoorlyn (moltrein) deur 150 kunstenaars versier wat meer as drie dekades lank daaraan gewerk het. En waarom sal Transnet hulle nie landwyd ten toon stel nie? Hulle bly treffende skilderye.

Ek gee gereedlik toe dat nasionale gevoel 'n rol gespeel het in *Majuba*, die heuwel van duiwe waar die Engelse so dramaties verslaan is. Ons het 'n foto met die skildery vergelyk en Pierneef het die waargenome landskap taamlik getrou weergegee, maar simbolies gedramatiseer. Hy het meer as skilder en ets by George Smithard geleer. Die vurige Ier het ook 'n nasionale kuns, met ander woorde 'n trots in die eie voorgestaan. By Pierneef het dit nie alleen die volksboukuns en die landskap ingesluit nie. Toe hy in die Staatsbiblioteek in Pretoria gewerk het, het hy die *Africana*-werke gelees: een was sekerlik dié van George William Stow wat nog tekeninge van die oorblyfsels van die hoogsverfynde muurversierings van die Tswana ingesluit het. Pierneef het ook die verering van die krokodil aangeteken, patrone en 'n Mapoggerhuis buite Preto-

ria. Hy het waarskynlik ook die Boesmankuns leer ken uit Stow se kopieë - nogal 'n vroeë waardering vir dié kuns (1925), wat eers vandag behoorlik aandag begin geniet.

Ek wil aanhaal uit die jongste *Reader's Digest*:

"Demagoguery pervades American campuses, transforming education into a political power struggle. Professors once thought of themselves as specialists in the pursuit of truth - now they have to be politically correct."

Ek hoop nie ons neem dié politisering van geskiedenis, kuns en letterkunde van hulle oor nie. Dat Wayne uit 'n nuwe perspektief na die verlede wil kyk - en 'n geëerde kunstenaar daarvoor gebruik - is gaaf. Ek het in sekere mate self sy standpunt gedeel - totdat ek die werke persoonlik begin bestudeer het vir die 1986-gedenktentoonstelling, die verrassende eksperimentasie in elke moontlike styl ontdek het en die manier waarop hy kunstradisies oorgeneem en verwerk het tot sy eie dekoratiewe behoeftes. Ek het heeltemal 'n ander respek ontwikkel. Die stasiepanele was 'n hoogtepunt in dié proses en almal erken dat hy nie dié insigte

die week by die MARK-TEATER

MARK-TEATER

MANNIE MANIM PRODUCTIONS

bied aan

Athol Fugard se

MY CHILDREN! MY AFRICA!

"A giant of a work ... a most memorably stimulating event" - GM
The Star Tonight!

Met John Kani, Cathy-Jo Ross, Raphulana Seiphemo
Ma tot Vr 8nm, Sa 6nm en 9nm

UPSTAIRS BY DIE MARK

The Market Theatre Company
bied aan

THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE

Regie deur Gerrit Schoonhoven

Met Michelle Burgers, Melinda Ferguson, Warrick Grier, Thulane Gxubane, Duncan Johnson, Michael Maxwell, Cindy Sampson, Irene Stephanou, André-Jacques van der Merwe
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6:15nm en 9.15nm

DIE LAAGER

Michael Hunt en Lorraine Jaffit Productions
bied aan

SOLI PHILANDER & ROSIE SEPTEMBER
TAKE TWO

Regie deur Andrew Buckland

"Remarkable ... super ... hilarious" - The Star Tonight!
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9nm

KIPPIES BY DIE MARK

Allen Kwela

Di tot So

Ingang Di tot Do - R10, Vr tot So - R12

Laaste twee dae

VLOOIMARK

Van 9vm tot 4nm

MARK-GALERYE

Thomas Nkuna en die SA Vereniging van Joernaliste

TELEFOON (011) 832-1641

Bespreek by Computicket

Hv Bree- en Wolbuterstrate, Newtown, Johannesburg

verder ontwikkel het nie, maar vervlak het en vir die publiek gegee het wat hulle gevra het - gladgelekte bosveldtonele met argitektoniese wolke. Ten spyte hiervan het hy tot aan die einde wonderlik bly teken. Sy laaste tekening in 1957, 'n Limpopotooneel, was ook in 1986 by die Universiteit van Pretoria te sien.

Watch out for the chips

Felice Orsini of Troyeville writes:

Braam, don't bite the hand that feeds you, you might choke on computer chips.

Braam, jy's konserwatief en elitisties

Marilyn Martin, direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, Kaapstad skryf:

Ek glo dat almal wat by die beeldende kunste betrokke is Vrye Weekblad se ondersteuning en bevordering daarvan opreg waardeer. In die uitgawe van 21-28 Junie is die fokus op kuns dramaties op die voorblad aangekondig. Ons is trots daarop.

Dit is egter nodig om 'n paar opmerkings te maak en 'n paar vrae te vra.

Braam Kruger se mening is altyd prikkelend en polemies. Daarom is 'n mens nog jammerder dat hy nie 'n bietjie regte huiswerk gedoen het vir sy artikel 'n *Crash Course in Kunsversameling* nie. Hy sê, onder veel andere, dat kunsmuseums "preuts" is in hul aanwinste. Hoe sou hy weet? Hy het ons nie gevra wat ons die laaste jaar of wat aangekoop het nie of wat ons beleid is nie. Ek kan hom verseker dat ons veel meer "buiteperde" in ons versameling het as wat hy op sy lys het, en dat ons bereid is om kanse te vat.

Sy lys lees soos 'n Wie's Wie van gevestigde Suid-Afrikaanse kunstenaars; dit is niks meer nie as 'n weerspieëling van onlangse kompetisies en katalogi. Daar is niks nuuts of uitdagends nie. Met dié voorspelbare lys weersprek hy beide die gees van sy artikel én die kommentaar op die aanwinstebeleid van die SANK (ek kan nie namens ander instansies praat nie). Slegs vyftien van sy kunstenaars is nie verteenwoordig in ons versameling nie. Dit is nie omdat ons nie van hulle weet nie: van enkele van hulle kon ons nog nie 'n werk in die hande kry nie; van die ander het ons nog nie iets gesien waarvan ons hou nie.

Braam se lys is nie net establishment nie, dit is ook wit - en hy kan dit nie wegpraat nie! Ek is teleurgesteld dat hy so swak ingelig en bevooroordeeld is ten opsigte van grafiese kunstenaars - wat drukke (prints) en nie afdrukke (reproductions) maak nie - fotografe, keramiekkunstenaars en papiermakers. Die SANK is hom ver voor, want hier het die grense tussen kuns en handwerk reeds verdoof.

Al die deurmekaarskrif (dit is nou die taalgebruik), kwinkslae en vloekwoorde kan nie die konserwatisme, elitisme en vooroordeel verdoes nie.

Dan net 'n vraag oor drie ander

artikels. Is dit moontlik om 'n verduideliking te gee vir die drie bladsye wat aan een kommersiële kunssaal gewy is? As dit nie was vir Robin Hawkins wat hom so af en toe oor die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum ontferm nie, sou die lesers van Vrye Weekblad nie weet van ons bestaan nie. Die inligting wat ons deurstuur word selde of nooit geplaas nie. Mag ek vra: kan ons ook drie bladsye kry as ons hoofgebou op 8 Oktober heropen?

Pierneef as a "committed artist"

Wolf Weinek of Kensington writes:

Your *Is Pierneef 'n verleentheid?* should not go unanswered. Pierneef as an artist is a product of his time and environment (geographically and ideologically) or in short, a product of the "Zeitgeist". The same could be said of Wayne Barker.

No doubt Pierneef is the darling of the present-day establishment and how wrong or right they are is the reason for our debate.

If the suppression of the Afrikaner by the British could have been the reason for "the invention of Afrikaner Nationalism" or for "the rise of Afrikanerdom" - the one is a political term, the other more a cultural term as I understand it - Pierneef could be seen in the cultural context and his "heroic" landscapes as a possible monument to his belief, but I fail to see a disqualification of his validity as a good artist.

Doubtless technically sound and stylistically inventive, his work is a conglomeration of Eurocentric traditions, but his love for and devotion to the South African landscape is a strong artistic commitment, even an artistic statement for the struggle of his people. I would like to speculate that his art has been an expression of a "committed artist". These words were very clearly formulated at the conference in Gaborone in 1982, words which were an all-important and generally accepted ideological vehicle from there on for a lot of relevant good and bad artists. Nobody would have questioned the relevance of such words for the freedom struggle.

I would question Pierneef's historical significance as "the father or doyen" of South African art, if his art is only the expression of a Afrikaner Nationalist - a political statement, right or wrong. Pierneef should not be held responsible for misinterpretation and academic speculations, but should not be regarded as sacrosanct: he is not beyond criticism or discussion.

Wayne Barker's Pierneef series can only be seen as a "background" for a more serious and a more relevant comment on the present-day South Africa. If the Grahamstown Festival organisers took their "cultural intent" seriously, they should have shown Barker's work, because Pierneef has as much to do with the Grahamstown Festival as Sitting Bull with George Washington's false teeth.

Was this Pierneef exhibition an offer the organisers could not refuse?

To conclude, your article is a valuable attempt to rattle the pedestal on which our many "art experts" have put themselves.

Wie sê dié kunste is nie 'kuns' nie?

Braam Kruger het die fotografie, pottebakkerie, papiermakery afgeskryf as 'nie ernstige kuns' nie. Maar hoe meet mens die 'ernstigheids' van kuns? JOHAN BRUWER breek 'n lansie vir die miskende fotografe en ontwerp-kunstenaars

BRAAM KRUGER het voorverlede week lustig aangerits met 'n lys kunstenaars wie se werke na sy mening deur versamelaars gekoop of vermy behoort te word. Maar toe kom hy met die hofie "Fotografe, potters, papiermakers en ander crafts" en sê: "Ek beskou nie een hiervan as ernstige kunsvorms nie, maar as ek uit iemand se borde moet eet, is dit uit Hylton Nel s'n."

Selfs al neem jy Braam se jolige onnutsigheid in ag (hy spot dalk sommer), kan 'n mens dié neerhalende stelling darem nie net daar laat nie. Dis 'n onverdiende belediging vir elke goeie kunstenaar in dié kunsvorms - en bevorder ook 'n hele paar bourgeoisie, elitistiese en snobistiese mistastings oor wat "ernstige" kuns is en wat nie. (Dis nou afgesien van die ongelukkigste mistasting: dat die waarde - "ernstigheid" - van kuns in geld gemeet kan word, met opmerkings soos "te duur" en so meer.)

Braam sê nie hóé hy tussen "ernstige" en "nie-ernstige" kunsvorms onderskei nie. In die artikel by sy inkooplys bied hy enkele leidrade oor hoe hy "ernstige" kuns beskou: Kuns "sal jou lewe intensifiseer en sal jou fantasies laat voel aan die binne- en buitekant van jou wese". Kunstenaars het 'n maatskaplike rol: "Ek hou daarvan om te dink dat kunstenaars deur hulle gemeenskap aangestel word om hul tyd en tydgenote te verteenwoordig op die gebied van kuns, net soos jy my verteenwoordig op die gebied van die ingenieurswese, die onderwys of die joernalistiek." Kunstenaars vervul dié rol met "toewyding".

Die "ernstige" kunswerk het blykbaar 'n "boodskap", hoewel Braam byvoeg: "die werk moet goed wees ten spyte van die message". Die versamelwaarde - "ernstigheid" - van 'n kunswerk lê vir Braam essensieel in die uniekheid, die onherhaalbaarheid daarvan: "n werk wat 'n siel van sy eie" het.

Dit lyk of Kruger die dekoratiewe ontwerp-kunste soos pottebakkerie en papiermakery as "nie-ernstige" kunsvorms afskryf omdat hulle geen simboliese betekenis of inhoudelike "boodskap" het nie. Die fotografie, wat wel 'n simboliese boodskap kan dra, word weer deur Kruger geminag omdat 'n foto nie "uniek" is nie, maar in afdrukke herhaal kan word.

Om neer te sien op die dekoratiewe ontwerp-kunste omdat hulle geen simboliese inhoud het nie, dui op 'n verkeerde begrip van dié kunste se funksie. Hulle bewuste doel is om visuele skoonheid te skep en as versiering aan te sluit by die omgewing waarin hulle geplaas word. Juis daarom word alle inhoudelike suggestiwiteit en ruimtelikheid in hulle onderdruk.

Om die waarheid te sê, dis minderwaardige kunstenaars wat 'n inhoudelike suggestiwiteit aan dekoratiewe ontwerp-kuns probeer gee - so iets ontwaard gewoonlik in

kitsch. Om 'n ontwerp-kunstige skoonheid te skep deur die sensitiewe manipulasie van suiwer formele middele - lyn, kleurvlak, ritme, proporsie, ens - verg 'n estetiese aanvoeling wat nie minder is as dié van die beeldende kunstenaar nie.

Die aandrag daarop dat die "ernstigheid" van 'n kunswerk deur die "diepsinnigheid" van die tema bepaal word, weerspieël 'n Westerse beheptheid met verbale ideologie. Die ontwerp-kunste is egter nie "gevoelloos" omdat hulle nie met simboliese temas werk nie - 'n emosie hoef nie noodwendig met 'n verbale of lewensbeskoulike begrip verbind te word nie. Wanneer mens 'n sierlike Chinese vaas waardeer, vereenselwig jy jou nie bloot serebraal nie, maar ook emosioneel met jou medemens se ervaring van die sintuiglike plesier van skoonheid. Jy kyk immers deur die skepper se oë en vereenselwig jou met die kunstenaar se subjektiewe waardering van die kunswerk.

Die gebrek aan 'n simboliese lading maak die vereenselwiging selfs meer regstreeks as by 'n simboliese kunswerk, waarvan die betekenis kan verander na gelang van die verskillende konnotasies wat verskillende kykers daaraan heg. Kyk mens na 'n pot van 5000 jaar gelede, waardeer jy dit nog om presies dieselfde estetiese redes as die skepper destyds.

So 'n ervaring wek moontlik nie sulke intense emosies soos 'n ekspressionistiese skildery nie, maar dis die kwaliteit van die gevoel wat saakmaak, nie die kwantiteit nie. Om 'n vergelyking te tref: 'n blom beteken nie minder as 'n veldbrand nie, Braam. Om die "betekenisvolheid" - ofte wel "ernstigheid" van 'n emosie aan die intensiteit daarvan te meet, is 'n kenmerk van melodrama.

Maar wat help dit om oor die verskille tussen die beeldende en die ontwerp-kunste te argumenteer met 'n "beeldende" skilder wat kan sê: "Eerder as om rondswewende eselskilderye te maak, geniet baie kunstenaars dit om 'n kunswerk te maak vir 'n spesifieke plek." Braam behoort te weet dat 'n goeie beeldende skildery, anders as die ontwerp-kuns, 'n selfstandige beeldende ruimte van sy eie skep, wat nóg sy omgewing affekteer nóg daardeur geaffekteer word.

Wat die fotografie betref, het kundiges - veral die Britse kuns-kritikus John Berger - al genoeg insigte gebring oor die maniere waarop dié medium se werking en eienskappe van die beeldende kuns s'n verskil. Die een kan die ander nie vervang nie: albei doen verskillende dinge. 'n Geskilderde portret beeld byvoorbeeld die teenwoordigheid van 'n figuur uit, 'n foto-portret die afwesigheid van 'n figuur. 'n Foto isoleer 'n enkele oomblik uit die werklike verloop van tyd, 'n skilder voeg by die enkele uitgebeelde oomblik 'n persoonlike tydsverloop, die

tydsverloop van 'n reeks keuses waarin sy vertolking uitgedruk word: die rigting waarin 'n gesketsde lyn gestuur word, die opeenvolging van kwashale, en so meer.

Maar dit daar gelaat. Braam steur hom in ieder geval nie aan die verskillende funksies en eienskappe van verskillende kunsvorms nie. Mens kan die kwessie eerder uit 'n ander hoek benader, na aanleiding van Braam se stelling: "Jy hoef ook nie eens die geskiedenis van kuns te ken nie, want jy is eintlik geïnteresseerd in jōu wêreld, en wil meedoen aan die tyd waarin jy leef."

As 'n kunsvorm bedoel is om 'n mens te laat "meedoen aan die tyd waarin jy leef", wil ek Braam vra: Het jy al eerlik nagedink oor die rol wat foto's in 'n mens se lewe vertolk? Word jou beskouing van jou medemens en die wêreld waarin jy leef nie dikwels ingrypend beïnvloed, aangevul, verryk of verander deur bepaalde foto's - selfs "doodgewone" nuusfoto's - nie?

Dink aan, byvoorbeeld, al die oorloë wat jy al in jou lewe gesien het - van Viëtnam tot hier by ons. Het enige ander visuele medium - rolprente en die TV inklusief - jou al ooit so na aan die verskrikking daarvan gebring as juis foto's?

Of dink maar aan Gideon Mendel se foto-essay oor die AWB se simboliese Groot Trek. Het dit jou nie laat meedoen aan jou tyd nie?

Dis waar dat foto's kan lieg - baie meer oortuigend as skilderye. Maar foto's kan in sommige opsigte die waarheid meer oortuigend praat as skilderye. Braam meen waarskynlik dat foto's esteties minderwaardig is omdat die fotograaf betreklik min keuses kan uitoefen oor die oomblik wat uitgebeeld word en sy beeld nie met verloop van tyd kan vertolk, wysig en hervorm soos die skilder nie. Maar juis die fotograaf se beperkte vermoë tot subjektiewe vertolking versterk die simboliese impak van die werklikheid wat uitgebeeld word. Dis nie die omvang van die kunstenaar se talent wat 'n mens in die fotografie aangryp nie, dis die omvang van die werklikheid wat die fotograaf aangryp het.

En maak dit saak as foto's nie uniek is nie en 'n betreklik kort lewensduur het? Dis waar dat beeldende kunswerke soos skilderye (nog) nie gereproduseer kan word sonder om hul trefkrag te verloor nie - maar die "waarde" van 'n kunswerk se "uniekheid" het meer met die kunsmark as met die estetika te doen. Dieselfde geld die konsep dat 'n kunswerk 'n duurzame produk moet wees - die hoogste deug in die verbruikerskultuur. Solank die skepper nie daarvoor lieg nie, is daar geen werklike rede waarom selfs 'n kunswerk wat binne 'n oomblik sal vergaan, enigins minder betekenisvol moet wees as 'n ewigduurende oomblik nie.

REGSPRAATJIES

'n Leuenaar in die hof



JURIE DE WET

Kruisverhoor is 'n kragtige instrument om die waarheid te onthul, maar ongelukkig is daar 'n paar uiters talentvolle leuenaars soos sers Koekemoer (nie sy regte naam nie) - en dan het 'n mens méér as net 'n bietjie geluk nodig om die waarheid te laat uitkom

MISKIEN het die ingrypende veranderinge wat nou plaasvind my in die laaste paar rubrieke te sterk laat konsentreer op belangrike beginsels, terwyl my dae in werklikheid gevul word deur die kleiner kriminele sake waarmee ek my brood en botter verdien. Byvoorbeeld die staat se saak teen Ralph Zwane. Ralph was 'n man wat duidelik die beste van albei wêreldes wou hê: hy was terselfdertyd 'n verkeersbeampte en lid van 'n vakbond - SAMWU.

Vanweë sy lidmaatskap van 'n vakbond en sy sterk aandrag op die regte van swart verkeersbeamptes het hy hom die gramskap van sy base op die hals gehaal. Toe geen gronde gevind kon word om hom af te dank nie, is met die SA Polisie (Ons Dien) ooreg gepleeg om gronde te vind. Op 21 September 1990 is 'n lokval vir hom gestel met behulp van 'n swart taxi-bestuurder wat die polisie ongetwyfeld 'n gunstige geskuld het. Die verkeersafdeling het Ralph aangesê om 'n paar straatblokke naby die plaaslike polisiekantoor te patrolleer. Die taxi-bestuurder het op 'n verbode plek in dié gebied geparkeer en in 'n openbare toilet gaan skuil.

Toe Ralph, kaartjieboek in die hand, nader stap om 'n kaartjie uit te skryf, spring die bestuurder uit die toilet en smeek hom: "Moet my asseblief nie 'n kaartjie gee nie. Ek het hier geparkeer om 'n ou man te help wat erg aan diarree gely het. Hier's R20 - gaan koop vir jou 'n koeldrank." Die bestuurder krap toe sy kop - 'n teken aan die polisie. Ralph het nog nie kans gehad om te antwoord nie toe twee polisiemanne skielik by hom staan en hom inlig dat hy gevang word onder verdinking van die aanvaarding van omkoopgeld. Ralph is deursoek en siedaar - die R20-noot wat hy gehad het, het dieselfde reeksnommer gehad as die staatsgeld wat die polisie aan die behulpssame taxi-bestuurder uitgereik het. Wat 'n verrassing - op heter daad betrap.

Maar om die wet toe te pas is nie so maklik nie. Ralph het reeds 'n gedeelte van die kaartjie uitgeskryf en soos ingeligte lesers sal weet, mag 'n verkeersbeampte

nie ophou skryf as hy eers begin het nie. "Miskien," het die offisier in bevel, sers Koekemoer (nie sy regte naam nie), gedink, "kan Ralph dit ter verdediging aanvoer. Geen probleem nie - ons stel nog 'n lokval."

Op pad terug na die polisiekantoor vra sers Koekemoer toe: "Het jy borggeld?" Ralph het nie gehad nie. "Moenie bekommerd wees nie," het sers Koekemoer gesê, "ons sal jou help om geld te trek."

Sers Koekemoer het 'n staatsvoertuig aangevra en in 'n japtrap is Ralph en sy bankkaart by sy bank afgelaai. "R700 behoort genoeg te wees," het Koekemoer gesê en Ralph het sy kaart in die outomatiese geldmasjien gestee. Helaas, die munisipaliteit het nog nie sy salaris gedeponeer nie. Al wat hy op sy naam had, was R87. Koekemoer het onmiddellik die kwitansie gegryp en Ralph aangekla van 'n poging om polisiemanne te probeer omkoop om los te kom van die korrupsie-aanklag.

- Ralph is weggebring na die polisiekantoor (in die staatsvoertuig) en aangekla.

Maar wie kry Ralph toe by die polisiekantoor? Sy superintendent, Van Aswegen (ook 'n skuilnaam), wat toegelaat is om 'n rukkie met die verdagte te gesels. "Ralph," het hy gesê, "dié hele ongelukkige saak gaan 'n lelike klad op die verkeersafdeling se naam meebring. Maar ek kan ons albei 'n verleentheid bespaar, want toevallig het ek 'n briefhoof van die verkeersafdeling by my - en as jy net jou bedanking uitskryf en teken, sal ons die saak nie verder voer nie."

Ralph, met al die onderneemingsgees van 'n aspirant-verkeerspolisieman, het ingestem, maar sy bedanking teruggedateer na die 20ste - wetende dat dié soort fout groot verwarring onder die munisipale burokrate sou veroorsaak en sy bedanking ongeldig sou maak.

Toe alles afgehandel is, is Ralph goedgeunstig op borgtog van R500 vrygelaat sodat hy die nodige reëlins kon tref vir sy tante se begrafnis, wat die volgende dag, Saterdag, sou plaasvind.

Die Maandag het Ralph by die

plaaslike landdroskantoor opgedaag - net om te hoor die hof-beamptes weet niks van die saak teen hom nie. Hy is aangeraai om huis toe te gaan. "Moenie ons bel nie, ons sal jou bel." Ralph is egter nie 'n man wat sommer gaan lê nie. Hy het deur sy vakbond daarop aangedring om sy bedanking te betwis.

Sy waagmoed het sy werkgevers ongetwyfeld kwaad gemaak. Hulle het Koekemoer gevra om voort te gaan met die oorspronklike aanklagte van omkoperij en korrupsie. Geen probleem nie, het Koekemoer gesê. Agt weke later is Ralph om 1vm nu wakker gemaak by sy huis en in hegtenis geneem deur lede van die SA Polisie (Ons Dien). Hulle het hom na die plaaslike polisiekantoor gebring, waar hy weer in 'n sel geplaas is. Om 5vm het die polisieman aan diens hom gesê hy kan gaan as hy belowe om 9vm in die hof te wees. So het die saak begin.

Ek het gemeen dat die taxi-bestuurder 'n onbetroubare getuie was. Koekemoer was egter 'n ander storie. Probeer soos ek wil, ek kon hom nie van stryk af bring nie. Hier was die leuenaar met die gladste bek wat ek nog teengekomp het.

Veral oor die kwessie van samewerking tussen hom en die munisipale amptenare het Koekemoer vasgestaan. Hy het gesê hy het die wenk dat Ralph omkoopgeld aanvaar by 'n anonieme mens oor die telefoon gekry en dat die munisipaliteit glad nie betrokke was nie.

In teetyd op die tweede dag het ek met Koekemoer gesels. Dis nie baie professioneel nie, maar ek het hom gelukkig met sy getuie. Jy is 'n deksels goeie getuie, Koekemoer, het ek gesê. As ek ooit iemand nodig het om vir my te lieg, sal ek jou kies. Koekemoer was omgekrap, maar ek het hom verseker ek wou nie persoonlik raak nie, ek wou hom maar net sê wat ek dink.

Toe die hof weer begin, het Koekemoer nie op hom laat wag nie. "Edelagbare," het hy gesê, "my eer is lelik gekrenk. Ek is diep gegrief. Meneer De Wet het my in die teepouse lelik belaster. Hy't gesê ek is 'n leuenaar." Ek het

verskoning gemaak. Dis deur die landdros aanvaar en Koekemoer is aangesê om voort te gaan. Koekemoer was egter nie daarmee tevrede nie. Hy't aangehou kla oor sy gekrenkte eer. Die landdros het hom beveel om die vrae te beantwoord.

Nadat die staat se saak afgesluit is, het Ralph getuig.

Hy't goed getuig. Hoewel Koekemoer se geloofwaardigheid geen krake gewys het in die kruisverhoor nie, was dit moeilik om fout te vind met Ralph. Hoewel Ralph ('n Venda) se moedertaal nie Engels was nie, het hy daarin getuig omdat ek gemeen het dis in sy belang om die landdros te wys hy is nie 'n ongeletterde swartmens nie, maar 'n goed opgevoede, intelligente en eerlike getuie. Dié indrukke word moeilik oorgedra wanneer 'n tolk gebruik word.

Uiteindelik was dit 'n kwessie van Ralph se woord teen Koekemoer s'n. Ek het my saak afgesluit en die saak is uitgestel vir uitspraak.

Ralph wou graag die hele ding agter die rug kry. Hy is geskors hangende die uitspraak van die kriminele saak en hy en sy gesin het al sewe maande lank bitter swaar gekry. Hy was dus teleurgesteld toe die landdros sê hy meen dis geregtigheidshalwe nodig om nog 'n getuie in te roep om getuie te lewer wat volgens hom noodsaaklik was om tot 'n regverdige besluit te kom. Hy wou hê Ralph se baas, Koos Swanepoel (ook nie sy regte nnaam nie) moet getuie lewer.

Ons het sterk beswaar aangeteken, nie net omdat ek eerlikwaar gemeen het dis nie die hof se saak om hom as getuie te roep nie, maar ook omdat ek geen oomblik getwyfel het dat Swanepoel niks goeds te sê sou hê oor my kliënt nie.

Ons besware is aangeteken, maar verwerp - en Swanepoel is as getuie ingeroep. Met behulp van die munisipale polisie en die landdros is Swanepoel by sy huis gaan haal en ná middagete is die saak hervat. Omdat Swanepoel deur die landdros ingeroep is, het die landdros die ondervraging begin.

Landdroste is bekend vir hul

vermoë om tot die kern van die saak deur te dring en met omtrent sy vyfde vraag vra die landdros vir Swanepoel: "Het jy geweet van die plan om 'n lokval vir die beskuldigde te stel voordat dit gebeur het?"

"Ja," sê Swanepoel.

"Hoe lank het jy geweet?" vra die landdros.

Sowat 'n maand, sê Swanepoel. "Ek het 'n anonieme telefoonoproep gekry met die inligting dat die beskuldigde omkoopgeld aanvaar. Daarom het ek sers Koekemoer se bevelvoerder, maj Smit, opgebeld en sy eenheid se hulp gevra in die ondersoek na dié bewering."

Die dag voor die lokval, het Swanepoel gesê, het hy weer vir Smit geskakel om die reëlins tussen hulle te bevestig.

Ek is bevrees dit was die einde van die storie vir Koekemoer. Hy is uitgevang dat hy onder eed gelieg het. Al is hy verskeie kere in sy getuie daarvoor uitgevra, het hy volgehou met sy ontkenning dat daar enige samewerking tussen die munisipaliteit en die polisie was. Hy was boonop verwaand genoeg om my uit te trap omdat ek hom 'n leuenaar genoem het, terwyl hy die heeltyd skaamtelos gelieg het.

Die landdros het Ralph onmiddellik vrygespreek. Geregtigheid het geskied, maar nie geseëvier nie. As die landdros nie vir Swanepoel ingeroep het nie, sou Ralph waarskynlik skuldig bevind gewees het, 'n swaar boete moes betaal, sy werk permanent verloor het en die res van sy lewe as 'n misdadiger gebrandmerk gewees het.

Kruisverhoor is 'n kragtige instrument om die waarheid te onthul, maar ongelukkig is daar 'n paar uiters talentvolle leuenaars soos sers Koekemoer - en dan het 'n mens méér as net 'n bietjie geluk nodig om die waarheid te laat uitkom. Koekemoer behoort aangekla te word van minagting van die hof en geskors te word uit die polisie. Dán sal geregtigheid seëvier.

Ralph was nietemin baie bly. Die magistraat moes 'n hofklerk uitstuur na die gang om Ralph te waarsku dat sy vreugdeskrete die hof versteur.

G E L O O F S P R A A T J I E S

Kan ons glo wat ons lees?

HOE betroubaar is dit wat as die "wil van God" aan ons voorgehou word? Kan ons ons regtig verlaat op hoe die Bybel deesdae uitgelê word? Die skeptisisme wat agter dié vrae sit, het deels te doen met die ervaring dat soveel (dikwels botsende) aansprake op grond van hierdie dokument gemaak word. Vandeesweek wil ek verder oor die kwessie van verstaan en misverstaan gesels, oor die feit dat elke letter blykbaar sy of haar letter het.

Die vraag of ons "die Bybel kan glo", is in werklikheid twee vrae: Is die Christelike geloof as sodanig aanvaarbaar en betroubaar en kan mens jou daarop verlaat? Daar is natuurlik 'n verband tussen geloof en uitleg, want wat as die kern van die geloof beskou word, het ook te doen met interpretasie. Vir die oomblik wil ek egter op die betroubaarheid van die uitleg konsentreer.

In 'n vorige aflewering het ons gesien dat in enige kommunikasie via tekste 'n sender, 'n boodskap en 'n ontvanger betrokke is. Ons het ook al daarop gewys dat die historiese afstand wat die oorspronklike skrywers van die Bybel-boeke en die omstandighede waarin hulle geskryf het, van moderne lesers skei, besondere eise aan die uitleg van dié tekste stel. Vandeesweek kyk ons in meer besonderhede na die medium waarin die boodskap na die ontvanger kom, naamlik in die vorm van geskrewe dokumente.

Die geskrewe woord is tegelyk 'n besonder duurzame en 'n geweldig brose instrument. Dit weet elke gebruiker van taal. Dié tweeslagtigheid is eie aan hierdie medium.

Aan die een kant kan dit eeue oorleef, aan die ander kant is dit aan allerhande soorte vernietiging uitgelewer. Aan die een kant is dit toeganklik alleen vir dié wat die kode ken, aan die ander kant is dit inderdaad magtiger as die swaard.

Mense van dié tyd het 'n begryplike, maar heeltemal onlogiese vertroue in die geskrewe of gedrukte woord. Ons wil dinge "swart op wit" hê voor ons dit glo. Daarby vergeet ons dat heel beskawings met mondelinge oordrag moes klaarkom en dat daar in sommige kulture selfs 'n skryfgebod was. 'n Groot deel van die huidige geskrewe Bybelteks is eers in mondelinge vorm bewaar, soms deur baie eeue heen.

Dit is dus belangrik om die medium van die boodskap self te onderskei. Jesus se (mondelinge) verkondiging (sover ons weet, het hy niks geskryf nie) is eers mondeling oorgedra voor dit te boek gestel is deur die evangelieskrywers, om dan weer in die gesproke woord omgesit te word deur hedendaagse predikers. Die eens magtige medium van die gesproke woord word tans al hoe meer bedreig deur ander vorms van kommunikasie, waarvan die elektroniese media nou die markleier is.

Is wat deur al dié filters en media-omskakelings gegaan het, nog betroubaar? Kan ons ons verlaat op wat uiteindelik as evangelie aan ons aangebied word? Dit is on-



BERNARD LATEGAN

getwyfeld so dat die geskrewe woord 'n brose instrument is, blootgestel aan allerhande vorms van misbruik. Maar Paul Ricoeur het die belangrike voordele van dié medium goed opgesom:

In die eerste plek gee dit 'n besondere duursaamheid aan die boodskap. Hiermee bedoel hy nie soseer die fisiese eienskappe van 'n geskrewe of gedrukte teks nie, maar die feit dat die verhoudinge in die teks vasgelê word. Wat onderwerp is, bly onderwerp. Wat voorwerp is, kan nie verander word sonder om die teks geweld aan te doen nie. As die Nuwe Testament sê dat God die wêreld liefhet, kan dit nie omgebuig word om te beteken dat God die wêreld haat nie. Natuurlik kan enige teks in 'n ander raamwerk geplaas en so

gemanipuleer word dat dit feitlik enigiets kan sê - maar dit neem nie weg dat die oorspronklike struktuur en strekking duidelik bly nie.

Dit is trouens die krag van verhaale en gelykenisse wat so dikwels in die Bybel voorkom. Die struktuur van die narratief bly konstant en onverwoesbaar. Daarom tref die gelykenis van die verlore seun selfs in 'n moderne konteks. Die strukturalisme het veel gemaak van die feit dat die teks feitlik 'n eie lewe lei, los van die skrywer, en as 'n outonome struktuur beoordeel moet word. Tans weet ons dat dié onafhanklikheid van die teks relatief is, maar dit neem niks weg van die feit dat binne-tekstuele verhoudinge 'n belangrike aanduiding van die betekenis van die teks is nie.

Ricoeur wys ten tweede daarop dat die teks in geskrewe vorm die oorsprongsituasie kan oorleef en daarom 'n tydlose dimensie het. Die teks maak dit moontlik dat die gebondenheid van die skrywer aan tyd en ruimte deurbreek kan word. Lank ná die dood van 'n skrywer spreek sy of haar woorde. Die skrywer op 'n afgeleë eiland kan wêreldwyd gelees word. Om die evangelie te verstaan hoef ons nie noodwendig 'n tydgenoot van Jesus of van die Oud-Testamentiese profete te wees nie.

Ten derde beteken die vaslegging van die boodskap in die vorm van 'n geskrewe of gedrukte teks

dat dit gepubliseer word. Dit word aan die publiek vrygegeë, dit word openbare besit. Vir die Bybelse teks is dit van uiterste belang. Die Bybel is nie die geheime besit van 'n paar uitverkorenes nie. Die uitleg daarvan is ook nie afhanklik van 'n paar skrifgeleerdes of deskundiges nie. Die Bybel is toeganklik vir elkeen. Dit was een van die groot tekens van die Hervorming, wat nou ook in Rooms-Katolieke kringe erken word, dat die gewone leser die Bybel in sy/haar eie taal moet kan lees.

Natuurlik plaas dit 'n groot verantwoordelikheid op die gewone leser en natuurlik sal alle hulp van deskundiges welkom en waardevol wees. Maar omdat die Bybel openbare besit is, beteken dit ook dat dit saam met ander gelees moet word, sodat daar 'n wedersydse korreksie en aanvulling deur die leesproses kan kom.

Die lees en verstaan van die Bybel is dus nie so 'n uitsiglose saak as wat soms voorgehou word nie. 'n Mens moet die teks natuurlik wil verstaan en daar is sekerlik gedeeltes wat genoeg raaisels bevat om baie geslagte nog besig te hou. Maar in sy geskrewe vorm is dit 'n duurzame gids na die universele waardes van die boodskap wat tyd en omstandighede oorbrug, wat met 'n eie gesag spreek en daarom 'n eie ooreening met hom meebring, wat self begrip en nuwe insig openbaar. Daarom word dit met vertroue gelees en daarom bly dit spreek.

(Prof Bernard Lategan is dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.)

WYSNEUSERIGE vriende met ouer kinders het my daarteen gewaarsku om my kind toe te laat om te praat. "As hulle eers begin, kry jy hulle nie weer stil nie", "Jy sal nooit weer 'n oomblik se vrede geniet nie" ens, in 'n trant wat vir my klink na suur druiwe.

Sover dit my betref, gee jy jou vrede en stilte prys die dag dat jy 'n televisiestel koop - of trou. Sover dit my kind betref, voel ek dat spraak 'n aanduiding van bewussyn is - 'n teken van intelligensie en rede. My kind se eerste woorde sou musiek in my ore wees - nou kon ek vir haar dinge sê en kon sy hulle vir my doen. "Gaan haal Pappa se pantoffels", "Gaan skink vir Pappa nog 'n bierjie", "Gaan skakel vir Pappa die TV oor na 'n ander kanaal" of, in daardie ongelukkige huislike situasies wanneer daar afgedwaal word van die intelligente en redelike paadjie: "Bring vir Pappa die houtlepel." Spraak sou die einde van die era van omkopye en die begin van die era van dreigemente inlui.

Vanaf die begin van my vaderskap het ek besef dat ek my nie moet steur aan die vergelykings wat my wysneuserige vriende en familielede tussen ons kinders wou tref nie. Dit maak nie saak hoe jou kind vertoon nie, daar's fout. Jou kind is te groot, moes haar babavet reeds afgeskuif het, slaap te veel, is te afhanklik van haar fopspeen, is asosiaal met psigopatiese neigings ens.

Ek kon sien dat die mense hul minderwaardigheid op hul kinders projekteer en daarvandaan na myne. Hulle het gekry wat hulle wou hoor: my angstige verskonings vir die stadige vordering van my kind en prys vir die oulikheid en eiesoortige briljansie van hul kinders. Ek ken mense en menslike swakhede. Hulle dink dat hulle kinders die slimste en oulikste is en dinge doen wat geen ander kind op dieselfde ouderdom nog ooit gedoen het nie, (oukei, behalwe nou vir ouens soos Mozart) terwyl my kind regtig geniaal is.

Derhalwe het ek maar niks laat blyk toe sy op ses maande besluit het om te begin loop nie. Ek is nou nie 'n ou wat gaan staan en spog met iets wat sy dogter gedoen het nie, dis mos nie ek wat dit veroorsaak het nie. Nog minder wil ek my vriende se kinders laat sleg lyk.

Die karikature wat sy op sewe maande uit geheue geteken het nadat ons gaste reeds vertrek het, het ek liefies gebêre. Deels omdat

'n gebreek en 'n gestee, deur Tim en Matt Sandham

UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING

in sy'n rooi lys



ek die gaste die verleentheid wou spaar wat die gevatte tekeninge moontlik sou veroorsaak en ook omdat ek nooit spog met iets wat my kind doen nie, maak nie saak hoe fantasies nie.

Toe sy op ongeveer agt maande opkyk waar sy daar sit en skets, en vir my sê: "Die herenigde Duitsland gaan groot probleme ondervind in die hantering van krisisse teweeggebring deur ondeurdagte bestuurspraktyke tydens die Honecker-bewind", het ek dit weereens maar stil gehou.

Ten spyte van die ander getuienis dat ons kind begaafd is, het die kind se ma my nie geglo toe ek haar vertel dat sy haar eerste woorde gespreek het nie. Sy was verstaanbaar 'n bietjie suur dat dit ek was wat die eerste

woorde aangehoor het ("Ek spandeer dan soveel meer kwaliteit-tyd met haar, terwyl jy haar net probeer kry om goed te doen") en ook omdat die eerste woorde nie 'n sentimentele uitlating was soos "Mamma-mamma" nie. Omdat sy - dis nou die baba - geweier het om soos 'n sirkusdier te herhaal wat sy ge-uiter het, is ek daarvan beskuldig dat ek nie net 'n leuenaar is nie, maar ook 'n sadistiese prebieder wat swak grappies maak met die uitsluitlike doel om mense - dis nou die ma - seer te maak. En dat ek maar kan ophou daarmee.

Die welsprekendheid van my dogter het verdwyn so skielik as wat dit verskyn het. Ek het begin wonder of ek benewens my sadistiese leuenaar nie ook aan spontane

halusinasies beginne lei nie. Hoewel die karikatuuerskete - insluitende een van Mamma en Pappa wat stry - steeds in 'n stroom geproduseer is en sy intussen haarself geleer het om 'n fietsie te ry - op 'n kabel, tussen twee kerktorings - het sy g'n woord verder gespreek nie.

Om myself gerus te stel is ek en my dogter na ons getroue familiedokter toe. Hy verwys ons na 'n kinderarts, wat ons na 'n kindersielkundige verwys. Die laasgenoemde, nadat ons 13 uur in sy spreekkamer gewag het, vertel my ná 4 minute dat dit onmoontlik is. Dit verhinder hom gelukkig nie om vir my 'n voorskrif in die hand te stop en my te versoek om hom weer te sien indien dit erger word nie. Toe ons by die huis kom, wag die rekenings reeds vir ons, sonder dat ek dit besef het, het ek ook R80 se behandeling ontvang.

Die geleerde teenstand stuit my egter nie. Ek begin deur ou siel- en opvoedkunde handboeke grawe. Ek lees van mense met allerhande vrese, maar kyk geen gevallestudie van 'n vader wat vrees sy 8 maande-oue is slimmer as hynie. Toe ek uiteindelik moedeloos met my kop op my arms op die hoop geleerde pseudo-wetenskaplike wolligheidsneersak, tik my kroos - die bron van my frustrasie - my op die skouer. "Piaget het dit mis," deel sy my mee en maak 'n agteroor-salto tot op die rusbank.

Piaget, Piaget, Piaget, waar is jy? Piaget, ontdek ek tussen 'n magdom ander snert, is 'n soöloog wat sy kinders bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom het dat hulle deur vyf ontwikkelingsstadia beweeg na volwasseheid. Makes sense to me. Tog is my dogter van mening dat dié teorie verkeerd is. "Ek sal graag meer wil hoor oor hoekom jy die opinie huldig?" Hierdie is toe haar antwoord: "Net soos wat sekere mense, bv. rofstoeiondersteuners, nooit vlak 4-verwerking en opsomming van gegewens bereik nie, is daar ander wat die eerste 4 oorslaan en reguit na hipotesevorming beweeg."

Gelukkig kom haar ma toe daar aan en hoor die uitleg. Sy trek die leuenaar-gedeelte van haar vroeëre beskuldiging terug. Later spog ons skaamteloos met ons kind: "Sê vir Ouma ietsie," por ons.

"Die vrees vir 'n onbekende hiemamaals is 'n groot bron van kommer vir oues." "Ja, gaan speel nou buite, ek pes dit as 'n kind sit en tande tel".

NUMETRO THEATRES NOW SHOWING: 5-11 JULY BOOK AT COMPUTICKET. Listings for various theaters including Hyde Park, Bedfordview, Hillbrow, and Alberton, featuring movies like City Slickers, The Hard Way, Kickboxer 2, etc.

OM 'N ADVERTENSIE IN HIERDIE KOLONNE TE PLAAS, BEL VIR CATHY BY (011) 836-2151, FAKS (011) 838-5901, OF SKRYF AAN KLEINADVERTENSIES, POSBUS 177, NEWTOWN 2113. DIE SPERTYD VIR KLEINADVERTENSIES IS 5 NM OP DIE DINSDAG VOOR PUBLIKASIE. TARIEF: R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDELTE DAARVAN

NUMETRO THEATRES PRETORIA NOW SHOWING 5-11 JULY BOOK AT COMPUTICKET. Listings for Pretoria theaters including Jeppe Street, Sunnyside, and Menlyn Park, featuring movies like The Hard Way, Kickboxer 2, White Palace, etc.

ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS JOHANNESBURG. Listings for Johannesburg theaters including Mini Cine, Seven Arts, and Labia, featuring movies like Paris Texas, Sex lies and videotape, etc.

NUMETRO THEATRES NOW SHOWING: 5-11 JULY BOOK AT COMPUTICKET (EXCEPT MITCHELL'S PLAIN). Listings for various theaters including Claremont, Stuttafords, Fish Hoek, and Brackenfell, featuring movies like The Hard Way, White Fang, Kickboxer 2, etc.

PERSOONLIK Als jll van Lettie Viljoen's 'Belemmering' houdt, wil ik graag met je korrespondere in het nederlands of het frans. Schrijf: Johnny Lenaerts, P.O. Box 60633 Katutura, Windhoek 9000.

WEN DIE LEWE!! Almal is lelers - van jou eie lewe, jou werkers, jou kinders, kerklik of sosiaal. Sonder die regte leierenskappe is jy verlore vir jouself en die samelewing.

VERBLYF OBSERVATORY - Te huur: Ruim kothuis pas deur argitek gerestoureer. Eienaar vertrek oorsee. 5 Kamers & woonkamers, binnehof agter. Hoogstens 3 mense. R1 250 p m vanaf 1 Julie. Tel: (021) 476613

DIENSTE If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000.

ACCESS COLLEGE RANDBURG Training people with disabilities. Courses available: Computer Courses, Clerical, Secretarial, Typing, Bookkeeping, Accounting. Students elected NOW for courses starting 2 Sept 1991. Tel: (011) 787-0275

CITY COLLEGE 7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001. Computer courses, Secretarial courses, English. Enrolments accepted throughout the year. Accommodation available. Free job placement advice given. ENROL NOW TEL: (011) 29-4116/7

DESIGN BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS ENQUIRIES CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL 7th Floor Charleston House 161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street) Johannesburg 2001. Tel (011) 29-4116/7

TIK- EN VERTAALWERK Bel Louise by (012) 46-6577 DIENSPLIG ADVIESDIENS Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (w) Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h) Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm) Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkrachte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

MARK PHAMBILI BOOKS: Huge selection of Academic Titles 22 Plain Street Tel: (011) 29-4944 WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying Open: Mon-Fri 9h00-17h30 Saturday 9h00-13h00 Sundays 13h00-17h00

STET STET STET Witblitz in die winter teen verkoue en misdaad... Stet (6:4) het 'n (hele) rukkige gelede verskyn. Stuur 'n tjek of posorder van R6 aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081

Kashgar Handgeweefde dhurries (gestrepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

G I D S E

ALTYD BETER OP DIE GROOT SKERM



STER-KINEKOR
5 JULIE - 11 JULIE
VROEE BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 - ALMAL WELKOM

ROLPRENTE

LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAG
OOS WALK WES

PRETORIA
COMPUTICKET
NAVRAE (012) 322-7460
PRETORIA

STER-KINEKOR THEATERS

KONSSESIEPRYSE VIR SKOLIERE EN STUDENTE BY ALLE VERTONINGS

Word nou vertoon: Vrydag en Saterdag, 5-6 Julie.
Vooruitbesprekings by Computicket (Navrae) (021) 21-4715)

GOUE AKKER 1-3 Middestad, 25-2720		
City Slickers Billy Crystal, (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Teenage Mutant Ninja Turtles II Avontuur (Almal)		Daaglikse 9:30, 11:15, 1:00, 2:45, 5:15, 7:45
Rescuers Down Under Walt Disney Animasie (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30
Hudson Hawk Bruce Willis (2-19)		Daaglikse 5:15, 7:45, 10:00
Winter People Kurt Russell, Kelly McGillis (2-14)		Saans om 10:00
MONTE CARLO 1-2 Strandgebied, 25-3052		
Edward Scissorhands Johnny Depp, (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Handmaids Tale Drama (2-19)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
TYGERVALLEI 1-4 Tygervalleisentrum, Bellville, 948-6710		
City Slickers Billy Crystal, (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:15
Edward Scissorhands Johnny Depp, (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Teenage Mutant Ninja Turtles II Avontuur (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Rescuers Down Under Walt Disney Animasie (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Hudson Hawk Bruce Willis (2-16)		Saans 8:00, 10:15
Nuns on the Run Skreunsmaak Komedie (Almal)		Saans 10:00
KINE PAROW 1-2 Sanlamsentrum, Parow, 92-5126		
Edward Scissorhands Johnny Depp, (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Teenage Mutant Ninja Turtles II Avontuur (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Hudson Hawk Bruce Willis (2-16)		Saans 8:00, 10:00
CONSTANTIA ROSEBANK 1-3 Hoofweg, 686-6649		
Sheltering Sky Jaha Malkovich, Debra Winger (2-21)		Daaglikse 10:00, 2:15, 5:00, 7:45, 10:30
The Field Richard Harris (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 8:00, 10:15
Korczak Engelse onderskrifte (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 8:00
Jacobs Ladder Tim Robbins (2-18)		Saans 10:15
STELLENBOSCH 1-4, (02321) 4464		
Edward Scissorhands Johnny Depp, (O.T. 2-10)		Daaglikse 10:30, 2:00, 4:15, 6:30, 8:45
Teenage Mutant Ninja Turtles II Avontuur (Almal)		Daaglikse 10:30, 2:00, 4:15, 6:30
Rescuers Down Under Walt Disney Animasie (Almal)		Daaglikse 11:00, 2:00, 4:30
Hudson Hawk Bruce Willis (2-16)		Saans 8:45
Robin Hood Patrick Bergin (Almal)		Daaglikse 11:00, 2:00, 4:30, 6:45, 9:00
Green Card Gerard Depardieu, Andie Mac Dowell (Almal)		
SOMERSET WES 1-2, (024) 51-5581		Daaglikse 6:45, 9:00
City Slickers Billy Crystal, (Almal)		Daaglikse 10:30, 2:00, 4:30, 6:45, 9:00
White Fang Avontuur (Almal)		Daaglikse 11:00, 2:30, 4:45, 7:00, 9:15
MAYNARD MALL WYNBERG 1-4 Hoofweg, 761-0131		
City Slickers Billy Crystal, (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:15
Edward Scissorhands Johnny Depp, (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Teenage Mutant Ninja Turtles II Avontuur (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:15, 5:30, 8:00
Rescuers Down Under Walt Disney Animasie (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Hudson Hawk Bruce Willis (2-16)		Daaglikse 8:00, 10:15
Doors Val Kilmer as Jim Morrison, (2-19)		Saans om 10:00
KENILWORTH SENTRUM 1-4, 683-1209		
City Slickers Billy Crystal, (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:30, 7:40, 9:50
White Fang Avontuur (Almal)		Daaglikse 10:00, 12:15, 2:45, 5:00, 7:30, 9:30
Teenage Mutant Ninja Turtles II Avontuur (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:00, 7:30, 9:30
Rescuers Down Under Walt Disney Animasie (Almal)		Daaglikse 10:00, 12:15, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Hudson Hawk Bruce Willis (2-16)		Saans 7:40, 9:50
PROTEA CLAREMONT 1-3 Hoofweg, 61-7979		
City Slickers Billy Crystal, (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Edward Scissorhands Johnny Depp, (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Rescuers Down Under Walt Disney Animasie (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Mr & Mrs Bridge Joanne Woodward, Paul Newman (Almal)		Saans 7:45
Wilt Griff Rhyus Jones, Mel Smith (2-18)		Saans 10:15
BLUE ROUTE TOKAI 1-6, 75-3030		
City Slickers Billy Crystal, (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:15, 2:45, 5:15, 7:45, 10:15
White Fang Avontuur (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15, 7:45, 10:00
Edward Scissorhands Johnny Depp, (O.T. 2-10)		Daaglikse 9:45, 12:15, 2:45, 5:15, 7:45, 10:15
Teenage Mutant Ninja Turtles II Avontuur (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15
Rescuers Down Under Walt Disney Animasie (Almal)		Daaglikse 9:45, 12:00, 2:30, 5:15
Hudson Hawk Bruce Willis (2-16)		Daaglikse 7:45, 10:00
Winter People Kurt Russell, Kelly McGillis (2-14)		Daaglikse 9:45, 2:30, 7:45
Nuns on the Run Skreunsmaak Komedie (Almal)		Daaglikse 12:00, 5:15, 10:00
Filofax James Belushi, Charles Grodin (Almal)		Saans 7:45, 10:00
IN-RY SAANS OM 7:30 nm R14,00 per Motor; Kombi of Bakkie vir 2 Rolprente		
GOODWOOD 54-4339 Langs Goodwood Skougond		
★ City Slickers Billy Crystal (Almal) PLUS ★ Class Action Gene Hackman (O.T. 2-10)		
★ SKYVUE 903-5130 Hoofweg, Kuilsrivier		
★ Edward Scissorhands Johnny Depp (O.T. 2-10) PLUS ★ Mermaids Cher - Bob Hoekas (2-14)		
★ SEABREEZE 701-3309 Pollsmoorweg, Tokai		
★ Teenage Mutant Ninja Turtles II (Almal) PLUS ★ Home Alone (Almal)		

KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/1/2/3	SANDTON CITY 1-9 783-4430/1	GOLDEN WALK 1-4 GERMISTON 825-8326	WESTGATE 1-6 764-2530	STERLAND 1-13 341-7568/9
Maan-Don: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm Vry-Sat: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 8:00, 10:30 nm CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:15 nm CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm WHITE FANG N OPWINDENDE STORIE VAN DAPPERHEID, EN VRIENDSKAP. MET ETHAN HAWKE. (A)	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm CITY SLICKERS N LAGWEEKENDE KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)
THE RESCUERS DOWN UNDER N PRET-BELAANDE STROKIESPRENT. (A)	THE RESCUERS DOWN UNDER N PRET-BELAANDE STROKIESPRENT. (A)	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 HULLE IS TERUG MET MEER PRET, OPWINDING EN AKSIE. MET VANILLA ICE! (A)	THE RESCUERS DOWN UNDER HULLE IS TERUG IN DIE PRET-BELAANDE AVONTUUR STROKIESPRENT. (A)	THE RESCUERS DOWN UNDER N PRET-BELAANDE STROKIESPRENT. (A)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	WHITE FANG N STORIE VAN DAPPERHEID EN VRIENDSKAP. (A)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10) JOHNNY DEPP IN DIE ROERENDE DRAMA. (A)	WHITE FANG N OPWINDENDE STORIE VAN DAPPERHEID. (A)	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
THE HARD WAY (2-14)	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	CHINA O'BRIEN 2 (A)	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)
CHINA O'BRIEN 2 (A)	NUNS ON THE RUN (A)	HUDSON HAWK (2-16)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	HUDSON HAWK (2-16)
EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	HUDSON HAWK (2-16)	THE HARD WAY (2-14)	HUDSON HAWK (2-16)	WINTER PEOPLE (2-14)
HUDSON HAWK (2-16)	THE HARD WAY (2-14)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	HUDSON HAWK (2-16)	FILOFAX (A)
WHITE PALACE (2-18)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	19 JUL - SWITCH (2-16)	19 JUL - SWITCH (2-16)	ROBIN HOOD (A)
SLEEPING WITH THE ENEMY (2-18)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	19 JUL - EARTH GIRLS ARE EASY (VV2-12)	19 JUL - EARTH GIRLS ARE EASY (VV2-12)	KINDERGARTEN COP (VV2-8)
THE HOT SPOT (2-19)	FILOFAX (A)	2 AUG - TOY SOLDIERS	2 AUG - TOY SOLDIERS	THE HOT SPOT (2-19)
VOLGENDE AANBIEDINGS	VOLGENDE AANBIEDINGS	EASTGATE 1-6 622-3617/8	KINE FLORA 1 & 2 472-1658	THE SILENCE OF THE LAMBS (2-18)
19 Jul - SWITCH (2-16)	19 Jul - SWITCH (2-16)	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:15 nm	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm	LOOK WHO'S TALKING TOO (A)
19 Jul - EARTH GIRLS ARE EASY (VV2-12)	19 Jul - SCENES FROM A MALL (2-16)	CITY SLICKERS N LAGWEEKENDE KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	WHITE FANG N OPWINDENDE STORIE VAN DAPPERHEID, VRIENDSKAP EN OORLEWING MET ETHAN HAWKE. (A)	DANCES WITH WOLVES (2-12)
ONDERDAK PARKERING BESKIBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE NA 4 NM WAAR-VRY, SAT, MELE DAG	CRESTA RANDBURG 476-3802	THE RESCUERS DOWN UNDER HULLE IS TERUG IN DIE PRET-BELAANDE AVONTUUR STROKIESPRENT. (A)	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 HULLE IS TERUG MET MEER PRET, OPWINDING EN AKSIE. MET VANILLA ICE! (A)	VOLGENDE AANBIEDINGS
		HUDSON HAWK (2-16)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	19 Jul - NAG VAN DIE NEGENTIENDE
		THE HARD WAY (2-14)	HUDSON HAWK (2-16)	SUNNYPARK 1-3 44-4069
		EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	FILOFAX (A)	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm
		19 JUL - SWITCH (2-16)	VOLGENDE AANBIEDINGS	WHITE FANG N OPWINDENDE STORIE! (A)
		26 JUL - SPYMAKER (VV2-10)	19 Jul - SWITCH (2-16)	NUNS ON THE RUN (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - EARTH GIRLS ARE EASY (VV2-12)	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	KINE KRUGERSDORP 665-5330	VOLGENDE AANBIEDING
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm	12 Jul - FLIRTING (2-12)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CITY SLICKERS N LAGWEEKENDE KOMEDIE. (A)	BROOKLYN 1-5
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	THE RESCUERS DOWN UNDER HULLE IS TERUG IN DIE PRET-BELAANDE AVONTUUR STROKIESPRENT. (A)	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CHINA O'BRIEN 2 (A)	THE RESCUERS DOWN UNDER N PRET-BELAANDE STROKIESPRENT. (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	THE RESCUERS DOWN UNDER HULLE IS TERUG MET MEER PRET, OPWINDING EN AKSIE. MET VANILLA ICE! (A)	ROBIN HOOD (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	MR & MRS BRIDGE (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	HUDSON HAWK (2-16)	HUDSON HAWK (2-16)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VOLGENDE AANBIEDINGS	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - SWITCH (2-16)	VOLGENDE AANBIEDING
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - EARTH GIRLS ARE EASY (VV2-12)	19 Jul - SWITCH (2-16)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	KINE KRUGERSDORP 665-5330	VERWOERDURGSTAD 663-2034
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm	CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	THE RESCUERS DOWN UNDER HULLE IS TERUG IN DIE PRET-BELAANDE AVONTUUR STROKIESPRENT. (A)	THE RESCUERS DOWN UNDER N PRET-BELAANDE AVONTUUR STROKIESPRENT. (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CHINA O'BRIEN 2 (A)	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VOLGENDE AANBIEDING	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VOLGENDE AANBIEDING
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VAAL	ICE-RINK 44-5253
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	RIVERSQUARE VEREENIGING 016-49928	PUBLIEKE SKAATS
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm	Maan-Sat: 10 nm, 2 nm, 7 nm
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	Sun City Teaters
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	014651-21174
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	WORD TANS VERTOON:
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CHINA O'BRIEN 2 (A)	OOP 7 DAE PER WEEK
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VOLGENDE AANBIEDING	CINE 3
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - SWITCH (2-16)	ROBIN HOOD (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	THE NEVER ENDING STORY (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	KINE VANDEBIJLPARK 016-330072	THE LITTLE MERMAID (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm	MELODY OF PASSION (Volwasse)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	VISTA VALLEY P.T.A. (Volwasse)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	PRETORIA INRYE
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CHINA O'BRIEN 2 (A)	LYNNWOOD 87-1633
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VOLGENDE AANBIEDINGS	TALKE IS TERUG IN AKSIE! MET VANILLA ICE!
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - SWITCH (2-16)	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	WINTER PEOPLE (2-14)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VAAL	SWARTKOPS 374-4902
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	KINE VANDEBIJLPARK 016-330072	BILLY CRYSTAL IN DIE LAGWEEKENDE KOMEDIE!
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm	CITY SLICKERS (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	ROBIN HOOD (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	WONDERBOOM 57-1108
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)	SUPER AVONTUUR KOMEDIE DOUBBEL!
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CHINA O'BRIEN 2 (A)	THE RESCUERS DOWN UNDER (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VOLGENDE AANBIEDING	THREE MEN & A LITTLE LADY (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - SWITCH (2-16)	UITSPAN 37-2051
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	19 Jul - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CYNTHIA ROTHROCK IS TERUG IN AKSIE!
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	VAAL	CHINA O'BRIEN 2 (A)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	KINE VANDEBIJLPARK 016-330072	SLEEPING WITH THE ENEMY (2-18)
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	Daaglikse: 10:00, 12:15, 2:30, 5:30, 7:45, 10:00 nm	JAKARANDA 54-9115 9
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	CITY SLICKERS N KOMEDIE MET BILLY CRYSTAL. (A)	JAMES WOODS EN MICHAEL J FOX!
		19 JUL - NAG VAN DIE NEGENTIENDE	TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)	THE HARD WAY (2-14)



Kathy Bates, Yvonne Bryceland en Athol Fugard in Mecca

LAETTIA POPLE skryf oor hoogtepunte by die Standard Bank Nasionale Kunstefees

THE ROAD TO MECCA

Deur Athol Fugard, Yvonne Bryceland en Kathy Bates
Regie: Peter Goldsmid en Athol Fugard

WOORDE is ontoereikend om die rolprentweergawe van *The Road to Mecca* te beskryf. Dat dit 'n klein wonderwerk is, klink darem baie geuk. Dis 'n intense prent. 'n Spel van menslike emosies, 'n blye bevestiging van die lewe en kreatiwiteit.

Yvonne Bryceland is Miss Helen. 'n Verstote enkeling. 'n Vrou wat die durf het om haar eie realiteit te skep te midde van 'n bekrompe, klein gemeenskap wat geen verwysingsraamwerk het waarbinne hulle haar kan verstaan nie. Ná haar man se dood begin sy haar huis radikaal transformeer. Dit word haar Mecca, 'n toevlugsoord waar lig oor donker seëvier.

Vir ds Van Byleveld (Athol Fugard) is sy 'n rare mens wat hy glad nie kan begryp nie. (Heimlik is hy verlief op haar.) Haar beeldtuin is 'n malheid, haar kunsornamente. Vir haar eie "beswil" en omdat hy vir haar omgee, wil hy haar ouetehuis toe stuur. Daar, troos hy haar, kan sy wel 'n paar van haar "ornamente" aanhou.

Elsa Barlow (Kathy Bates) is 'n vriendin uit Kaapstad. Haar eie lewe is aan bande, nietemin daag sy Miss Helen uit om haar vryheid te behou. Gladde en bedrewe toneelspel van al drie akteurs soos mens van dié drie veterane kon verwag.

Filmies is dit 'n waardige weergawe van Fugard se meesterlike toneelstuk. Die fotografie laat reg geskied aan die wonderhuis wat die Uilhuis is en die Karoo word op sy dynserig mooiste vasgevang.

The Road to Mecca is 'n magiese en begeesterende prent met talle fasette: van die tragiek van vereensaming tot die vreugde van 'n ware vriendskap. Dit is 'n prent wat min onaangeraak sal laat.

PANICS

Deur Robert Kirby
Met Graham Hopkins, Graham Weir, Sello Maake Ka-Ncube, Michelle Scott en Robert Kirby

DIÉ dwase doenighede wat in die naam van hoër intelligensie gepleeg word, is die tema van *Panics*, Robert Kirby se wrede jongste. Die Universiteit van Kaapstad het nie verniet vroeër verlede maand die lyne warmgebels vir 'n voorlegging van dié stuk nie.

Die hittige plek is die vise-kanselier se kantoor. 'n Student dagvaar die universiteit vir gebrekkige studieleiding deur 'n "professor" en 'n swart studente-leier kla oor die paternalisme jeens swart studente. Intussen moet die vise-kanselier 'n toespraak oor 'n anussiekte bymekaarkry. (Sien waarmee hy hom besig hou?)

Seksisme, paternalisme, dubbele standaarde word sonder seremonie aan die kaak gestel. Terwyl die arme vise-kanselier wonder hoe hy aan die universiteit geloofwaardigheid kan verleen. Miskien meer ere-doktorsgrade uitreik? Daar's baie kandidate, roeibote vol van Robbeneiland af.

Dis 'n skerp toneelstuk met bedrewe toneelspel, veral deur Graham Hopkins. Hy is 'n stywelip-liberaal met 'n bietjie gesonde verstand.

Kirby is die vise-kanselier wie se moraliteit soos skuimrubber is en wie se ore aan die toegroei is. Michelle Scott is die popsie wat só optree en ook só deur ander behandel word. Sy beland in die moeilikheid omdat sy swig voor die hoër intelligensie van prof Groin (Graham Weir). Die laasgenoemde lewe volkome uitgelewer aan die eise van sy gevatte naam.

Sello Maake Ka-Ncube is die studente-leier wie se naam nooit behoorlik uitgespreek word nie. En hy's lastig omdat al die ander swart studente dan sulke "smiling faces" het en boonop "kleurryk" is.

Die dialoog is so slim en gevat dat die gehoor se gelag telkens die spel onderbreek het.

In 1776 het Thomas Paine gesê: "Panics in some cases have their uses; they produce as much good as hurt. But their peculiar advantage is that they are the touchstone of sincerity and hypocrisy and bring things and men to light, which otherwise would have lain forever undiscovered."

En dit doen Kirby se *Panics* gewis. Die skynheilige pretensies van die akademie word summier omgedop en onbloeit aan die lig.

film

***** VOORTREFLIK
**** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS

**** WHITE FANG

Jack London se klassieke verhaal oor die verhouding tussen wolf en mens bly boeiend. Diere-verhale, wanneer hulle met goeie wildlife-fotografie gepaard gaan, is gewoonlik tranetrekters. Ons weet almal wat om te verwag en tog tjank ons. Die prent het ook 'n classy cast: Klaus Maria Brandauer en Ethan Hawke.

ANDREA VINASSA

*** CITY SLICKERS

When Harry Met Sally se Billy Crystal in 'n Hemingway-avontuur in Spanje. Dié komedie handel oor die manlike mid-life crisis. Lowell Ganz en Babaloo Mandel, die skrywers van *Splash* en *Parenthood*, het die draaiboek geskryf.

AV

*** THE HARD WAY

Dis 'n kruising tussen 'n hardgebakte polisie-storie en 'n avontuur-verhaal à la *Indiana Jones and the Temple of Doom*. Was dit nie vir James Woods (my gunsteling-akteur) en Michael J Fox nie, sou dié 'n middelmatige komedie gewees het. Maar dié twee akteurs steek lekker die draak met hul silwerdoek-personasies. 'n Essay oor die belaglikheid van macho-wees. Hollywood het 'n stortvloed komedies vervaardig en dié een is die beste.

AV

* ITINERAIRE D'UN ENFANT GATE

Claude Lelouch kry die prys vir die mees pretensieuse regisseur van die dekade. Daarby is die prent opgedra aan Jacques Brel.

AV

TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES

Oor dié prent swyg ek maar.

AV

***** KORZCAK

'n Stemningsvolle en begeesterende prent oor 'n Pools-Joodse onderwyser wat saam met 'n groep weeskinders in die Nazi-doodskampe gesterf het. Een van Andrej Wajda se beste prente. Brilljante toneelspel. Skitterende draaiboek. Moet dit nie misloop nie. In 'n tyd van middelmatigheid is dié soort prente so skaars soos hoenderdante.

AV

**** QUIGLEY DOWN UNDER

Tom Selleck skud al sy personas af en word 'n cowboy in Australië - how low can you sink, Magnum? Nietemin, hy kry vir hom die mooiste en moeilikste nooi in die ganse *Down Under* en gaan sy seksistiese gang. Soos julle sien, 'n ouderwetse prent vol ouderwetse (slapstick) waardes.

AV

* CHINA O'BRIEN

Agge nee, man.

AV

**** A WORLD APART

Shawn Slovo se semi-outobiografiese verhaal van haar stormagtige

verhouding met haar ma, die aktivis Ruth First. Dis 'n gevoelige uitbeelding van die tydperk toe aanhouding vir 90 dae sonder verhoor gewettig is. Dat Slovo op die klein, persoonlike besonderhede fokusseer en nie ideologie bedryf nie, gee die deurslag.

AV

* WINTER PEOPLE

Gaan kyk *Miami Blues*, *The Hot Spot* of enigiets behalwe dié soetsappige snert.

AV

** EDWARD SCISSORHANDS

'n Wetenskaplike se eksperiment loop lelik verkeerd en lei tot die skepping van 'n vreesaanjaende kreatuur met skêragtige hande. Agter dié verskriklike uiterlike skuil egter 'n hart van goud. Johnny Depp is Edward, 'n hedendaagse ondie, en Winona Ryder is skoonlief wat verlief raak op sy innerlike skoonheid. 'n Pragtige uitgangspunt, maar helaas 'n teleurstellende rolprent. Die regisseur van onder meer *Batman* het sy aanslag skynbaar verloor.

AV

**** GOING PLACES

Steeds die genotvolste prent wat nou draai: Bertrand Blier se anargistiese komedie oor hoe twee klein-diewe sukkel met hul testosteroonvlakke is nou nog in Engeland verbied. Dis genoeg rede om *Les Valseuses* somer twee keer te sien. *Les Valseuses (Going Places)* is die prent wat die 25-jarige Gérard Depardieu as 'n ster gevestig het. 'n Mens verstaan waarom dié gevoelige lomperd daarna byna elke belangrike rol in die Franse rolprentwee opgeraap het. Blier se draaiboek is kru en vulgêr en sal die feministe dwars in die krop steek... nog redes om die prent te sien. Dis nogal nostalgies om terug te kyk op 'n tydperk voor kondome.

AV

**** METROPOLITAN

Soos *Mr and Mrs Bridge* wys Metropolitan vir ons lower forms of life hoe die hoër klasse ly. Dis 'n eietydse satire à la Scott Fitzgerald en Evelyn Waugh oor die duistere doen en late van 'n groep Manhattan-debutantes ofte wel New York se haute bourgeoisie. Die nuweling Whit Stillman is die skrywer en regisseur van dié skerp, oorspronklike, ironiese kritiek op die aristokrasie.

AV

*** THE SHELTERING SKY

Buitelandse kritici het Bernardo Bertolucci se jongste prent gekritiseer, maar dit is geen rede om dit mis te loop nie. *The Sheltering Sky* is gegrond op Paul Bowles-roman van dieselfde titel. Dit speel in 1947 af en handel oor die vreesaanjaende emosionele reis van Port en Kit Moresby. Port soek begeesting in die Sahara, terwyl Kit terugverlang na haar vervloë huwelik. Al is Bowles as skrywer mesmeriserend en ontstellend, is Bertolucci se prent lank en soms vervelig.

AV

**** WAITING FOR THE LIGHT

Op haar oudag verskaf Shirley Maclaine meer plesier as ooit. Met haar bloedrooi hare speel sy 'n soort Liewe Heksie wat 'n dorp op die Amerikaanse platteland op horings hou. Aunt Zee bring 'n visie van 'n engel so te sê "op die planke" en veroorsaak die bekering van 'n

onaangename buurman. *Waiting for the Light* is 'n ligte komedie oor die aard van en die behoefte aan geloof. Stadig, maar boeiend.

AV

*** HUDSON HAWK

Bruce Willis is die wêreld se beste klouterdief en die mega-trendy egpaar Darwin en Minerva Mayflower wil hom huur om drie kunswerke deur Leonardo da Vinci te steel. Nou ja, Peter Sellers met styl.

AV

** MIAMI BLUES

Dis nie *Miami Vice* of *Hill Street Blues* nie. Your guess is as good as mine.

AV

*** WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL

Die bittersoet verhaal van 'n weeskind wat haar nie juis tuis voel in kleindorpse Amerika nie. Soos dikwels die geval is, gee Winona Ryder se spel die deurslag. Soos *Mermaids*, is dié 'n middelmatige prent wat opgehef word deur Ryder se kragtige teenwoordigheid. *Welcome Home Roxy Carmichael* is eintlik 'n verassing; dis 'n ligte satire op non-konformisme en werk ook op 'n allegoriese vlak. Winona speel 'n tiener wie se behoefte aan "die volmaakte ma" haar dryf om 'n pienk rok te koop.

AV

*** FILOFAX

In *Bonfire of the Vanities* het ons met groot genot die ondergang en oorleving van die tipiese anale yuppie ofte wel Master of the Universe aanskou. *Filofax* is 'n komedie - dis nie so skerpsinnig of sinies soos Tom Wolf s'n nie - oor min of meer dieselfde onderwerp. Jim Belushi, wat deesdae nogal snaaks is, speel 'n tronkvloer wat 'n yuppie se filofax (glorified dagboek) in die hande kry en sy lewe oorneem.

AV

**** MR AND MRS BRIDGE

Seksuele verdrukking, magslus, patriargie ... al die euwels van die kapitalistiese stelsel waaroor Wilhelm Reich geskryf het, en waarvoor hy veroordeel is, kry uiting in dié subtile ontleding van die gebrekkige verhouding tussen 'n hoër-middelklas prokureur en sy angstige vrou.

AV

*** ROBIN HOOD

In die pogings om die Robin Hood-legende in die geskiedkundige en alledaagse werklikheid te grond, word dié prent van pret beroof. Omdat dit geen skerpsinnig politieke ontleding bied nie, is dit teleurstellend. Nietemin is daar heelwat aksie, outentieke kastele, Engelse modder en goeie spel. Ongelukkig is die karakters almal karikature en Patrick Bergin se Robin Hood 'n vervelige romantiese held sonder binnegoed of persoonlikheid.

AV

*** STATE OF GRACE

Nog 'n rampokkerprent. Dié keer is dit die Ierse Mob in Hell's Kitchen. Dit is Phil Joanou se eerste prent, daarom vergewe 'n mens maar sy verknogtheid aan religieuse simboliek (die Iere is skynbaar nog erger as die Italiane wanneer hulle in 'n kerk kom). Joanou vertolk die verbrekking van die Ierse onderwêreld en hul onderdanigheid

aan die Italiaanse Mob as 'n Griekse tragedie. Brilljante vertolkings deur Sean Penn, Ed Harris en Gary Oldman.
AV

****** HIDDEN AGENDA**

Die Iere kan net nie wen nie ... Dié fiktiewe prent is gegrond op ware feite en handel oor skokkende korrupsie in die Britse regering. Politieke sabotasie teen die Ierse regering, moord, hoogverraad en die aksies van die Britse SAS teen die Ierse Republikeinse Leër is die bestanddele van dié aangrypende riller wat deur Ken Loach ('n pionier van Britse realisme in die sestigerjare) geregisseeer is. *Hidden Agenda* het verlede jaar se Cannes Jurie-prys gewen.
AV

****** JACOB'S LADDER**

Ons ly almal aan 'n graad van vervolgingswaan, veral in dié land. Die jongste prent van Adrian Lyne, die regisseur van *Fatal Attraction*, is 'n uitdagende drama oor Jacob Singer se waansin. Dié jong New Yorker begin drogbeelde sien. Sy lewe word 'n nagmerrie. Hy weier om te aanvaar dat hy mal is en soek 'n verduideliking. Spannend, verrassend en prikkelend.
AV

***** THE DOORS**

As jy die jare sestig onthou, was jy nie daar nie. Oliver Stone verfris jou geheue met 'n stormagtige, luide, ellelange prent waarin hy die popikoon Jim Morrison romantiseer. Dis jammer dat Stone besluit het om bloot die mite te versterk. Hier is geen nuwe ontleding van die Hippie-era nie, ook geen herondersoek van Morrison se psige nie ... net 'n bedwelmd nabootsing van die tydperk.
AV

***** CLASS ACTION**

'n Kragtige prent oor die verhouding tussen 'n pa en 'n dogter. Gene Hackman speel 'n briljante, legendariese burgerregte-prokureur en Mary Elizabeth Mastrantonio sy ewe briljante dogter ... ook 'n prokureur. Die yuppie-waardestelsel van die jare tagtig en negentig in Amerika word gekontrasteer met die lewensstyl van die jare sestig. Dié keer is die pa die Hippie en waardes soos eerlikheid en regmatigheid seëvier. Uitmuntende spel.
AV

****** THE FIELD**

Die stuk veld langs die huis van Bull McCabe (Richard Harris - uiteindelik weer op die doek!) in Ierland is vir hom heilig. Wanneer hy dit vir sy seun probeer koop en deur 'n Amerikaner gefnuik word, ontken hy 'n reeks tragiese gebeurtenisse. Die Amerikaner wil 'n pad deur die veld bou ... maar Bull meen dis sondig. 'n Kleindorpse verhaal oor die Ierse platteland. Vol Ierse hartstog en hardkoppigheid, maar 'n bietjie over the top.
AV

winkels

CONGO JOE

Dis altyd 'n event as 'n nuwe winkel sy deure in Yeoville oopgooi. Hoe ons Yeoville ook al haat, dit bly die laaste outpost van oorspronklikheid. Congo Joe verkoop allerlei retrokitsch-tierlantyntjies, handgemaakte meubels en tuisgemaakte geskenkgoetertjies. Josephine Hilton-Barber is die eienaar. 'n Oranje tier is die winkel se embleem. Die adres is Raymondstraat, Bellevue. Tel: 648-3013.

ROBYN'S NEST

Robyn verkoop alles wat antiekereg is: klere, lampe, juweliersware, poppe, prentrame, silwerware, glasware,

horlosies, ens. Loer gerus by haar ook in. Die adres is Rockeystraat, 18a, Yeoville.

THERESA JO SE WERKWINKEL

Theresa het altyd 'n interessante dingetjie of wat te koop. Haar Afrika-chic ontwerpe vir juweliersware bly van die oorspronklikstes in Johannesburg. Sy werk agter Crackers in die Bizarre-sentrum, langs Robyn's Nest, in Yeoville.

kuns

JOHANNESBURG STANDARD BANK-GALERY

Tekstiele van Wes-, Sentraal- en Suider-Afrika tot 20 Julie by Simondstraat 6, Johannesburg.

GOODMAN


Anthony Nkotsi, hoof van die Johannesburgse Kunststiging se drukdepartement, stel tot 27 Julie sy jongste werk by die Goodman-galery, Hyde Park, ten toon.

NATALIE KNIGHT

Hope and Optimism: Houtsneë van die Namibiaanse kunstenaar John Muafangejo is van Sondag tot 30 Julie te sien.

MARKTEATER

'n Fotografie-tentoonstelling van die South African Union of Journalists getitel Off the Beat en 'n tentoonstelling van Thomas Nkuna se pastelwerke.
LP



Albie Sachs

PRETORIA PRETORIASE KUNSMUSEUM

Albie Sachs bied Woensdagaand 'n lesing oor kuns en kultuur in Mosambiek aan. Hy is in 1977 aangestel as hoogleraar in die Regte aan die Eudardo Mondlane Universiteit. Hy het begin belang stel in veral die beeldende kunste en dans en het sy versameling saamgebring huis toe. Sy lesing is ook die amptelike opening van 'n tentoonstelling van 'n keur van kunswerke uit sy eie versameling van Mosambiekse kuns.

UNISA-KUNSGALERY

Vroue - 'n Keur van kunswerke uit die Unisa-versameling waarin die vrou as onderwerp uitgebeeld word. Tel (012) 429-6823. Duur tot 31 Julie.

KAAPSTAD SA KUNSVREENIGING

Life Line bied 'n tentoonstelling aan van telefone wat deur bekende kunstenaars versier is. Van die kunstenaars is Francine Greenblatt, Norman Catherine, Tertia Knaap, Hayden Proud, Nico Verboom, Anita Klingenberg en Kim Siebert. Onthou Life Line gee om.

SA NASIONALE KUNSMUSEUM

Tot 18 Augustus: 'n tentoonstelling wat fokusseer op huishoudelike ruimtes in die Kaapstad-omgewing, die mense wat daar woon, die omgewing en konteks waarbinne dit gebou is en ander sake wat met behuising verband hou.

CAVERSHAM PRESS

'n Keur uit dié Natalse drukwerkwinkel se oorspronklike afdrukke is tot 7 Julie te sien. Debbie Bell, William Kentridge en Robert Hodgins. Ook in die SANK.

musiek

JOHANNESBURG WEENSE IMPERIALE BAL-ENSEMBLE

Hierdie is die aankondiging van die verstommende feit dat die Weense Imperiale Bal-Ensemble en die Mozart-Spectaculum môre in Johannesburg aankom. Hulle is deur die stadsraad en die Johannesburgse Publisiteitsvereniging genooi en speel Maandag van 12vm tot 2nm in die Carlton se Rondehof, Dinsdag om 12nm by Eastgate, Woensdag om 12nm in die Carlton en om 8nm by die Johannesburgse Kunsmuseum, en Donderdag om 1nm by die Standard Bank Galery en om 8nm by die Kunsmuseum.

KIPPIES

O red ons, Allen Kwela, van hierdie Eurosentrisme. Dié legendariese jazzspeler is van Dinsdag tot Sondag by die Mark se Kippies te sien.

teater

JOHANNESBURG

OLIVERI

Please Joyce Levinsohn, we want some more. Oliver! word tot 27 Julie in Truk se Windybrow-teater op die planke gebring.

TAKE TWO

Rosie September is terug in die Mark-Teater se Laager met 'n nuwe wardrobe. Soli Philander se vertolking van grepe uit die lewe in die sogenaamde "Kleurling"-gemeenskap is pittig en skreusnaaks. Dis van die beste teater in die stad. PDU, pas op vir jou wickets.
AV

MY CHILDREN MY AFRICA!

Athol Fugard moes 'n onderwyser gewees het, hy hou so baie van klasgee. Hierdie didaktiese en manipulerende stuk is wel relevant.
AV

tv

'n Nuwe misdaadreeks, *Wolf*, begin Maandagaand om 10.32nm op TV4 in die plek van *Island Son*.

Jack Scalia is Tony Wolf, 'n speurder wat die slagoffer word van korrupsie in hoë kringe en alles in sy vermoë doen om sy naam in ere te herstel.

Op TV1 begin 'n uitstekende Spaanse dokumentêre reeks oor die kunstenaar Goya Maandagaand om 11nm. 'n Dokumentêre reeks wat vir 'n besonder onvanpaste tydgleuf geskeduleer is, is die opwindende *The Infinite Voyage*, 'n reeks in die trant van *Beyond 2000*. Dit begin Donderdagaand om 11.30nm op TV1. Hierin word nuwe teorieë en bevindinge bespreek rakende onder meer dinosourusse, die menslike brein, die biologiese horlosie en natuurrampe. In die eerste episode word verby die grense van die mens se sig beweeg en wys watter tegnologie word gebruik om na die mikrobestanddele van die menslike liggaam te kyk en watter om planete in die buitenste ruimte te bestudeer.

ELMARI RAUTENBACH

fynproe

NETTIE PIKEU

Uiwe teen die Noordewind en la soupe vir die jintoes

UIE word in ons kookkuns afgeskeep. Wanneer laas het 'n kelner in 'n restaurant vir jou 'n skeppie heel gebakte of geroomde uie saam met jou skywe lamsboud of steak aangebied? En ek praat nou nie van olieblaai slap goed of daai galsterige ringe nie.

Nee, vandag dink ons aan heerlike Italiaanse en Spaanse maniere om uie tot hul reg te laat kom. 'n Rou ui hier by ons is veels te sterk om net so of in tamatieslaai te eet. Dis seker populêre aanvraag, ek stry nie.

Maar o, hoe verlang ons na Willem Wasserman en sy liriese beskrywing van hul rooi uie in Málaga in Spanje, waar hy boer: Die goed is so soet jy eet hulle soos 'n appel, sê hy.

Nou die dag sien ek bloedrooi uie in die supermark. Juigend koop ek vier - om wreed tot die werklikheid te kom: hul skille is rooi, ja, maar die binneste kan jy nog steeds nie rou eet nie.

Vergeet dus van uie in slaai, gebraaide en deegbelaaide olie-besoedelde ringe. Slaan weer na oor gebakte, geroomde en gestoomde uie.

Hiermee 'n keur dus uit uieresepte. Die groente word effens soet as dit gebak word, en jy moet die stroperigheid aanmoedig. Rooi wyn, sjerrie en port by uie is besonder lekker, en so ook olyfolie. Gebruik jou vars kruie, veral tiemie en winter-bonekruid, dis nou saforie, die een wat so ruig in die pot groei.

Ek weet nie waar ek die uieresepte hieronder gekry het nie, maar dis al jare in my handgeskrewe kookboek. Perfek saam met braiboud van enige aard.

UIE IN ROOI WYN

Pak geskilde uie styf teen mekaar in 'n plat, oondvaste bak. Giet oor: een lepel olie, verkieslik olyf, een koppie of so rooi wyn en genoeg hoenderstock of selfs water om die uie halfpad toe te maak. Bak anderhalf uur in 'n matige oond tot die sous stroperig is.

Dis al, en dis hemels lekker. Elizabeth Jansen van Vuuren, 'n lewenslange vegetariër, is besonder lief vir uietert. Dis doodmaklik om te maak en ewe lekker warm of koud:

ZIWLWAI

Koop maar die deeg, want dit duur rêrig te lank om hier te verduidelik hoe om dit te maak. Dis heeltemal lekker vir 'n tert. Rol genoeg broosdeeg taamluk dun uit en voer twee tertpanne daarmee - botter op die boom, natuurlik.

Skil en sny 700g uie in dun skyfies. Smelt 2 lepels botter en 'n paar druppels olie in 'n swaar pan. Hierin kook jy die uie met 'n deksel op tot hulle sag en goudkleurig is. Dit kos sowat 30 minute.

Haal van die hitte af, laat afkoel, en geur met sout, peper en heelwat neutmuskaat. Klits 3 eierdooiers en 'n koppievol room (suurroom is ook lekker) en giet dit oor die uie. Meng goed, en vul die 2 tertpanne. Bak teen 200 grade Celsius vir 30 minute.

Nou kom ons by Franse uiesop. Snedige mense sê die liewe Elizabeth David het in al haar kookboeke nog nooit melding gemaak van uiesop nie.

Natuurlik nie, is die slim antwoord. ED het nog nooit oor Paryse kos geskryf nie, en uiesop is Parisien by uitstek.

Met groot gelag vertel mense altyd dis die klassieke koppie sop wat straatmeisies snags in Parys aan die gang hou. Maar nooit weer lag ek vir 'n hoer nie: om halftwee in die oggend in 'n Kaapse winter soos ons nou het, in 'n mini met kaal bene en hoëhakskoene? Dis werk erger as die eerste mynskof in die Vrystaat. Aan julle - die hoere en die myners - word dus opgedra:

SOUPE À LA OIGNON GRATINÉE

Skil en sny aan fyn skyfies 1,5kg uie. Verhit 2 eetlepels botter en olie in 'n swaar, oondvaste pot en kook die uie saggies tot slap en goudbruin. Roer 'n lepel suiker en 2 lepels meel deur, en giet 'n koppie rooi wyn oor.

Ná 'n minuut of wat gooi jy 7 koppies sterk bief-stock oor. Roer goed deur, kook een keer en draai dan die hitte laag. Sout, peper, 'n knypie kruie, sit in die warm oond om uit te droog, en rasper baie Cheddar. Om die sop voor te sit: laat die toast bo-op die sop dryf, strooi die kaas oor en plaas vir 'n minuut of twee onder die oondrooster.

Pas op vir 'n brand. Nog rooi wyn hierby, as jy binnenshuis is. Op pad myn toe, or follow me up the stairs: 'n stywe sluk port.



TAKHARE VIR VREDE SÉ

as Chris Hani 'n baba was dan was PW Botha seker ook een

BLESKOPPE TEEN APARTHEID SÉ




His Master's Voice is His Master's Voice



KOM ONS GAAN DIE TOEKOMS IN TESAME

Southern-Lewens het 'n leiersrol gespeel om seker te maak dat werknemers se werknemersvoordele-pakkette in hul ware behoeftes voorsien.

Die enigste manier om hierdie vereistes te identifiseer, en daaraan te voldoen, is openhartige en deurlopende kommunikasie.




SOUTHERN

1891 ♦ 1991

Werknemersvoordele

Volgehoue kommunikasie maak dit moontlik om saam 'n toekoms te beplan wat op begrip gegrond is.



Saam, bereik ons meer

Reg Nr. 01/02186/06